HANDELINGE

van die buitengewone vergadering van die

ALGEMENE SINODE

van die

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

NG GEMEENTE PIERRE VAN RYNEVELD, PRETORIA
Maandag 7 tot Donderdag 10 November 2016

ROEPINGSVERKLARING

van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

2007

Ons besef opnuut God roep die NG Kerk deur sy Woord en Gees om aan Hom te behoort. Christus, die Hoof van die kerk, stuur ons om ons roeping te gehoorsaam en ons daaraan toe te wy:

(a) *Om met 'n leerbare gees die wil van God deur sy Woord te leer ken en uit te leef in die uitdagende en komplekse wêreld waarin ons lewe.*
Ons is daarvan oortuig dat slegs die evangelie van Jesus Christus mense op die pad van verlossing, versoening en lewende hoop plaas. Daarom wil ons die Woord van die Here tydig en ontydig verkondig, as profete optree en oral getuienis aflê van die hoop wat in ons leef.

(b) *Om voortdurend in liefde na mekaar te luister en in ons vertroue van mekaar te groei.*
Bewus van ons diversiteit, verbind ons ons aan groter eenheid tussen gemeentes, aan die hereniging van die kerkfamilie, asook aan die versterking van ons ekumeniese bande. Ons wil graag met alle ander Christene saamwerk om veilige ruimtes te skep waarbinne ons eerlik met mekaar kan praat en bly praat.

(c) *Om in deernis met ander saam te leef.*
Ons word deur God geroep as deel van sy liggaam in Afrika. Ons is dankbaar vir alle positiewe ontwikkelinge op ons kontinent, waaronder die snelle groei van die Christelike geloof. Daar is ook vele tragiese verhale van geweld, misdaad, armoede, hongersnood en die gevolge van MIV-vigs. Ons betuig ons meegevoel aan die talle slagoffers hiervan en wil meewerk aan genesing vir mens, dier en omgewing. God roep en stuur sy kerk om 'n verskil te maak. Ons verseker alle owerhede van ons voorbidding.

(d) *Om met openheid onvoorwaardelik diensbaar te wees in die wêreld.*
Ons wil graag met alle ander Christene hande vat om ons samelewings op te bou en pynlike omstandighede te verlig. Ons wil mekaar as gemeentes en leiers met liefde aanspoor, begelei en toerus om by die genesing van ons lande betrokke te raak. Ons is beskikbaar en is verbind tot diens aan gemeenskappe. Ons dank die Here vir die toewyding van lidmate en die talle positiewe aksies waarvan ons oral hoor. As gestuurde gelowiges is ons sout van die aarde en lig vir die wêreld. Ons staan in diens van die koms van God se koninkryk.

Ons buig voor die Here. Ons is hier. Ons is sy kerk. Ons is gestuurdes.

Aan God al die eer.

VOORWOORD

Die Buitengewone Algemene Sinode van 2016 sal om verskeie redes onthou word. Dit is voorafgegaan deur ’n onstuimige tyd in die kerk na die 2015 selfdgeslagverhoudings-besluite. Die gevolg was dat gravamina ontvang is wat soveel as 636 bladsye in beslag geneem het. Tweedens sal dit onthou word as die eerste keer wat ’n Buitengewone Algemene Sinode gereël is skaars 13 maande na ’n vorige Algemene Sinode.

Die Handelinge gee die werk weer wat gedoen is en besluite wat geneem is tydens die Buitengewone Algemene Sinode van 2016. Uit die aard van die saak het die besluite nie by almal aanklank gevind nie. Besluite wat geneem is, verklaar egter die posisie van die NG Kerk in tyd en ruimte ten opsigte van ’n uiters kontroversiële saak.

Na afloop van die Buitengewone Algemene Sinode is die vraag aan die breë kerkverband duidelik: Hoe kan ons mekaar vashou te midde van verskille tov Skrifhantering? Hoe kan die manier waarop ons verskil, getuig van die verdraagsaamheid en liefde wat eie is aan Hom wat ons Here en Hoof is?

Dié vergadering is in ’n besondere kort tyd beplan. ’n Relatief klein groepie persone was betrokke om ’n vergadering wat heelwat uitdagings gebied het, te reël. ’n Groot woord van dank aan almal wat betrokke was by die beplanning en uitvoering om die vergadering moontlik te maak. Die gasvryheid van die NG Kerk Pierre van Ryneveld en hulle vrywilligers was wonderlik pas na die afloop van hul eie sinode. Julle toewyding en passie word waardeer!

Laat ons die gebed steeds bid wat in die Voorwoord van die Agenda verskyn:
“Mag die NG Kerk in dié dae die diepte van God se teenwoordigheid en Sy genesende krag soos ’n sterk, meesleurende stroom ervaar. Mag die kerk nie net ervaar dat dit in die diepkant van onsekerheid is vanweë die groot uitdagings nie, maar bo alles die oorweldigende belewenis dat dit in die diepkant van God se helende teenwoordigheid is, waar Sy genade, liefde en sorg eindeloos oor ons stroom”.

Dr GF Claassen
Algemene Sekretaris

INHOUDSOPGAWE

NOTULE 7
EERSTE SITTINGSDAG 8
TWEEDE SITTINGSDAG 16
DERDE SITTINGSDAG 21
VIERDE SITTINGSDAG 24

LAATSTUKKE 31
ONTBREKENDE VERSLAE IN AGENDA
A.2.9 GRAVAMINA, BESWARE EN VOORLEGGINGS 32
A.5 ALGEMENE TAAKSPAN REGTE: REGLEMENT 19 41

REGTE
C.1.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE ALGEMENE TAAKSPAN REGTE 42
C.1.2 TWEEDE VERSLAG VAN DIE ALGEMENE TAAKSPAN REGTE 44

GRAVAMENS EN APPÈLLE
C.2.1 GRAVAMEN NOORD-KAAPLAND: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS 45
C.2.2 APPÈLDOKUMENT: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (T Danzfuss en HM Janse van Rensburg) 49

BESKRYWINGSPUNTE EN VERSOEKSKRIFTE
C.3.1 BESKRYWINGSPUNT OOSTELIKE SINODE: HOMOSEKSUALITEIT/KERKVERBAND 58
C.3.2 BESKRYWINGSPUNT KWAZULU-NATAL: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS 62
C.3.3 VERSOEKSKRIF GOUDLAND: FREKWENSIE ALGEMENE SINODEVERGADERINGS 63
C.3.4 VERSOEKSKRIF GOUDLAND: PLATTELANDSE EN KLEIN GEMEENTES 66
C.3.5 VERSOEKSKRIF GOUDLAND: INSKAKELING VAN DIE NGKA BOKANG MODIMO STREEKSINODE AS RING BY DIE NG KERK SINODE GOUDLAND 67

ANDER STUKKE
C.4.1 SELFDEGESLAGVERHOUDINGS – VOORSTEL TER VERGADERING PLUS ALLE AMENDEMENTE EN BYKOMENDE VOORSTELLE 68

BESLUITEREGISTER 71

SAKEREGISTER 75

AFKORTINGS

A

AACC	All Africa Conference of Churches
ABF	Algemene Bedieningsfonds
ABID	Argief- en Bestuursinligtingsdienste
ABR	Algemene Bevoegdheidsraad
ACK	Afrikaanse Christen Kerk NS
ACRC	Africa Communion of Reformed Churches
ACSA	Anglican Church of Southern Africa
ADD	Algemene Diensgroep Diens en Getuienis
ADGO	Algemene Diensgroep Gemeente-ontwikkeling
AGS	Apostoliese Geloofsending
AJK	Algemene Jeugkommissie
AK	Algemene Kuratorium
AKLAS	Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake
APK	Afrikaanse Protestantse Kerk
ARCA	Alliance of Reformed Churches in Africa
ASFB	Algemene Steunspan Fondse en Bates
ASGISA	Accelerated and Shared Growth Initiative for South Africa
ASM	Algemene Sinodale Moderamen
ASP	Algemene Steunspan Predikantesake
ASR	Algemene Steunspan Regte
ATA	Algemene Taakspan Argief
ATABID	Algemene Taakspan Argief- en Bestuursinligtingsdienste
ATBV	Algemene Taakspan Bybelvertaling, -Verklaring en -Verspreiding
ATDV	Algemene Taakspan Diensverhoudinge
ATF	Algemene Taakspan Fondse
ATKM	Algemene Taakspan Kerklike Media
ATLAS	Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake
ATR	Algemene Taakspan Regte
ATTO	Algemene Taakspan Teologiese Opleiding
A-Z	Omvattende handleiding tov alle fasette rakende leraars

B

Bep	Bepaling
BDV	Die Bybel: Direkte Vertaling
BIG	Basiese Inkomstetoelaag (Basic Income Grant)
BM	Bybel-Media
BSA	Bybelgenootskap van Suid-Afrika

C

CABSA	Christen Vigsburo vir Suidelike Afrika
CAD	Christelike Afhanklikheidsdiens
CCAP	Church of Central Africa Presbyterian
CEC	Evangelical Community in the Congo
CPK	Calvyn Protestantse Kerk
CLF	Christelike Lektuurfonds
CMR	Christelike Maatskaplike Raad
CRCA	Communion of Reformed Churches in Africa
CRCA	Christian Reformed Churches of Australia
CRCNA	Christian Reformed Church in North America
CRWRC	Christian Reformed World Relief Committee
CUC	Church Unity Commission
CUM	Christelike Uitgewersmaatskappy

D

DL	Dordtse Leerreëls
DRC	Dutch Reformed Church (NGK)
DRCB	Dutch Reformed Church in Botswana
DVK	Diensverhoudingkommisie

E

ELKSA	Evangelies-Lutherse Kerk van Suider-Afrika

F

FEPS	Federasie van Switsers-Protestantse Kerke
FIM	Forum for Intercultural Missionaries
FJKM	Church of Jesus Christ in Madagaskar
FLAM	Eietydse Musiekbediening

G

GCF	Global Christian Forum
GDN	Gemeentedienstenetwerk
GEKA	Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië
GER	Gereformeerde Ekumeniese Raad
GISA	Genealogiese Instituut van Suid-Afrika
GKSA	Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
GSU	Genealogical Association of Utah

H

HK	Hugenote Kollege
HK	Heidelbergse Kategismus

I

IFAPA	Inter-faith Action for Peace in Africa
IFFM	Independent Forum for Faith and Media
IKOO	Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys
ISWEN	Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing

J

JONK	Jeugbediening van die NG Kerk

K

KBB	Kommissie vir Buitelandse Bediening
KJWV	Kerklike Jeugwerkersvereniging
KMDR	Kerklike Maatskaplikediensteraad
KO	Kerkorde

L

LPG	Lessenaar vir Publieke getuienis
LXX	Septuaginta

M

MoA	Memorandum of Agreement

N

NAV	Nuwe Afrikaanse Vertaling
NBI	Nehemia Bybelinstituut
NBO	Nuwe Bedieningsontwikkeling
NDR	Nasionale Demokratiese Revolusie
NEK	Nuwe Gemeente-ontwikkeling, Evangelisasie, Kerkplanting
NGB	Nederlandse Geloofsbelydenis
NG Kerk	Nederduitse Gereformeerde Kerk
NGKA	(DRCA) Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika
NGKU	NG Kerk Uitgewers
NGSK	NG Sendingkerk
NGO	Nuwe Gemeente-ontwikkeling
NGTT	Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif
NHK	Nederduitsch Hervormde Kerk
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan
NRASD	National Religious Association for Social Development
NRLC	National Religious Leaders Council
NRLF	National Religious Leaders Forum
NT	Nuwe Testament
NWO	Nie-winsgewende organisasie

O

OT	Ou Testament
OWO	Openbare weldaadsorganisasie (PBO)

P

PASD	Predikant in Algemene Sinodale Diens
PCUSA	Presbyterian Chuch in the USA
PKN	Protestantse Kerk in Nederland
PL	Parlementêre Lessenaar
Prim	Primarius
Ps	Psalm
PSD	Predikant in Sinodale Diens

R

REC	(GER) Reformed Ecumenical Council
RCA	Reformed Church in Africa
RCEA	Reformed Church in East Africa
RCH	Reformed Church in Hungary
RCJ	Reformed Church in Japan
RCWF	Reformed Christian Womens' Forum
RCZ	Reformed Church in Zimbabwe

S

SAARC	Southern African Alliance of Reformed Churches
SAID	Suid-Afrikaanse Inkomstediens
SAKOV	Suid-Afrikaanse Kerkorrelisvereniging
SACLA	South African Christian Leadership Assembly
SACLI	South African Christian Leaders Indaba
SAKV	Suid-Afrikaanse Koorvereniging
SAOU	Suid-Afrikaanse Onderwysersunie
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisiediens
SARK	Suid-Afrikaanse Raad van Kerke
Sek/Sec	Sekundus/Sekundi
SKB	Sentrum vir Kontekstuele Bediening
STDV	Sinodale Taakspan Diensverhoudinge

T

TEASA	The Evangelical Alliance of South Africa
TIW	Toerustingsburo vir Interkerklike Werkers
TM	Tydskriftemaatskappy
TKK	Tussenkerklike Kommissie
TKR	Tussenkerklike Raad
TSO	Teologiese Studente-opleiding

U

UCA	Uniting Church in Australia
UMSW	Uniting Ministry for Service and Witness
UP	Universiteit Pretoria
UPCSA	Uniting Presbyterian Church in Southern Africa
URCSA	Uniting Reformed Church in Southern Africa
US	Universiteit Stellenbosch
UV	Universiteit Vrystaat

V

VBO	Voortgesette Bedieningsontwikkeling
VCSV	Verenigende Christelike Studentevereniging
VDDG	Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis
VDM	Verbi Divini Minister (Bedienaar van die Goddelike Woord)
vGKN	voortgezette Gereformeerde Kerken in Nederland
VGKSA	(URCSA) Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika
VONKK	Adviesnetwerk vir klassieke kerklied
VPKB	Verenigde Protestantse Kerk in België
VTO	Voortgesette Teologiese Opleiding

W

WARC	World Alliance of Reformed Churches
WBG	Wêreldbond van Bybelgenootskappe
WBGK	(WARC) Wêreldbond van Gereformeerde Kerke
WCRC	World Communion of Reformed Churches
WENSA	World Evangelisation Network of South Africa
WGGK	Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke
WRF	World Reformed Fellowship
WRK	(WCC) Wêreldraad van Kerke
WVK	Waarheids- en Versoeningskommissie

NOTULE

EERSTE SITTINGSDAG: MAANDAG 7 NOVEMBER 2016

EERSTE MIDDAGSESSIE

1. OPENING

Samesang olv die FLAM-begeleidingspan begin om 14:50.

Ds Nelis Janse van Rensburg, voorsitter van die buitengewone vergadering van die Algemene Sinode, neem die opening stiptelik om 15:00 waar. Hy beklemtoon Jesus Christus is die Hoof van die Kerk en bid dat ons Hom sal hoor en gehoorsaam. Hy nooi die besoekers om ook aan die nagmaal deel te neem.

Vir die voorsang in die openingsliturgie word die volgende liedere gesing: LIED 202:1,2,3; FLAM 390 (2x); FLAM 353 (2x).

Ds Janse van Rensburg spreek die votum en seëngroet uit. Hy groet die lede met “Vrede vir almal”, waarna FLAM 124 (2x) gesing word. Hy hou die formulier vir die bediening van die nagmaal voor om die betekenis van die nagmaal te beklemtoon en doen ’n gebed.

Hy lees uit Esegiël 47:1–12 (Esegiël is ook die boek waaruit dié week se oordenkings gedoen gaan word) en doen die Woordverkondiging met die tema: “Waar die stroom kom, is daar lewe”.

“Esegiël, kan jy die beweging van God in die wêreld sien?” word gevra. Die stroom bring lewe waar dit in die wêreld invloei. Ds Janse van Rensburg skets die verhaal van Esegiël en meld God is groter as net ’n stamgod. Hy openbaar Hom in die geestelike herstel van sy volk. Die hoop vir die volk lê in die manier waarop hulle God nou kan sien, nuut kan sien. Dit is nie nou die tyd om al ons energie aan onsself te bestee nie, maar ons moet profeties die stroom van God in die wêreld sien vloei. Ons moet waarlik missionale kerk wees. Die vraag word aan elkeen gevra: Wat sien jy?

Na die Woordverkondiging word die nagmaal gevier. Ds Janse van Rensburg lees die samevatting van die Wet, waarna die vergadering hulleself verootmoedig met LIED 240:1,2.

Na ’n minuut se stilgebed bid ds Janse van Rensburg terwyl die musiekgroep baie sag in die agtergrond die musiek van FLAM 124 begin speel. Die gebed eindig in stilte.

Annalise Wiid sing *“Ek proe ...”*

Ds Janse van Rensburg stel die nagmaal in en almal gebruik die elemente in stilte.

Annalise Wiid sing *“Mag ...”*

Ds Janse van Rensburg doen ’n dankgebed waarna die vergadering LIED 524:1,2,3 staande as slotlied sing. Hy spreek die seën uit.

2. LEER KEN MEKAAR AAN DIE TAFELS

Geleentheid om mekaar beter te leer ken word aan die tafels gebied.

Die voorsitter heet alle afgevaardigdes en besoekers welkom. Die Moderatuur het as Ontwerpspan opgetree en hy bedank almal wat baie hard gewerk het. Hierdie vergadering is ’n eerste in die geskiedenis. Daar was die afgelope maande baie debat en gesprek. Die vergadering se bedoeling is om met mekaar in liefde om te gaan sodat dit ’n getuienis teenoor die wêreld sal wees. Daar was die afgelope weke duisende mense oor die hele wêreld wat vir die vergadering en vir die voorsitter bid. Dit stem hom tot nederigheid. Hy glo dieselfde welwillendheid heers ook in die vergadering.

3. KONSTITUERING

Die voorsitter neem die konstituering waar. Daar het 99 leraars en 95 kerkraadslede geregistreer en hulle is teenwoordig. Die vergadering word as wettig kragtens Artikel 42.2 van die Kerkorde gekonstitueer.

Die lys afgevaardigdes is soos volg:

SINODE VAN WES- EN SUID-KAAPLAND
PREDIKANTE
C Janse van Rensburg
JF Marais
QE Heine
CJ Stander
JG Grobbelaar
M Britz *
DH de Wet
GH Smit
JS Bruwer
HAH van den Heever
MS van Zyl
H van Niekerk
RJ Holloway
N Venter *
T Bosman *
DT Nel
MP Sahd
MS Janse van Rensburg

KERKRAADSLEDE
E Morkel *
FW Bosman
M Thirion *
CM de Wet *
A van der Spuy
PHR Griesel
NL Rossouw *
MEW Jansen van Rensburg *
CA van der Merwe
JC Furniss *
NDL Burger
FPA Schreuder
JL Jansen van Rensburg
M du Preez *
B le Roux
SJK Pretorius
JM Pretorius *

SINODE VAN OOS-KAAPLAND
PREDIKANTE
NW Bezuidenhout
JJ Louw
E Malan
DW Mouton
JJD Nel
EGJdeG Schutte
DO Strydom
M van Niekerk *
ACV van Wyk

KERKRAADSLEDE
AE Büchner
DPdeW Coetsee
GDP Hamman
GE Bekker *
JM Nel
TF Rintoul
L Stander
JG van der Westhuizen

WAARNEMER
DH Davel

SINODE VAN NOORD-KAAPLAND
PREDIKANTE
J Oosthuizen
SJ Strydom
JJ Knoetze
GJ Duursema
SW Albertyn
PG Otto
C Janse van Rensburg

KERKRAADSLEDE
N Loots
LSG Claassens
F Vorster
EJvZ Greyling
HJ Lourens
T Grobler *
JL Snyman

WAARNEMER
JPL Mostert

SINODE VAN KWAZULU-NATAL
PREDIKANTE
FJ van der Merwe
BJ Tolmay
H Theunissen
MW Pienaar
SWP Scott
M Sadie *
BJ van Dyk

KERKRAADSLEDE
HAJ Viljoen
P Nel
LA Nel
F Vermaak
C Stander
R Vreken *

WAARNEMERS
R de Koning
M Malherbe

SINODE VAN DIE VRYSTAAT
PREDIKANTE
HM Janse van Rensburg
CHJ van Schalkwyk *
JH Els
JC Louw
NJ Mostert
A van Staden
JPM Maree
JJ Louw
P-S Conradie

KERKRAADSLEDE
SD Snyman
A van Wyk
EA Hendriks *
PJB Coetzer
M de Jager
JP Matthews

DS Bothma
SJ Terreblanche
R Meyer
J Loots

SINODE GOUDLAND
PREDIKANTE
JPA Brink
JA Kritzinger
MJG du Plessis
NWJ van Rensburg
G Jansen van Rensburg
PC Pretorius
I Nel *
JHG Gous
N Rossouw *
AP Burger
HJ Niemand

KERKRAADSLEDE
JA Barnard
TA Louw
JvW du Plessis
PC Nel
BV Buys
CC Maritz
W Lampbrecht
KFG Potgieter
YS Moldenhauer *
CJ Grové
AJ Bezuidenhout

WAARNEMER
SW Scott

NOORDELIKE SINODE
PREDIKANTE
JA Botha
HL Carelsen
FCA de Beer
PJ Grobler
JD Kirkpatrick
HP Kotze
PJ Kriel
AK le Roux
AS Nel
WA Pretorius
L Ungerer
PH Venter

KERKRAADSLEDE
CM Brand
DS de Klerk
R Hugo *
MW Pretorius
HA Schreuder
AJ Smal
JC Swanepoel
JJ van As
P van der Merwe
GJ van Rensburg
FP Vorster

WAARNEMER

JB Kruger

SINODE HOËVELD
PREDIKANTE
HH van der Linde
AL Bartlett
T Danzfuss
JJ McDuling
GJPJ van der Merwe
JS Botha
DS Oosthuizen
JS Sandenbergh
JH Windell
C Naudé

KERKRAADSLEDE
AS Koorts
IP Schoeman *
RW van Niekerk
GPE Grobler
J Annandale
WD de Klerk
N van der Walt *
GC Olivier
PM Strydom
PD Klut

WAARNEMERS
GA Cruywagen
RNJ van der Westhuizen

OOSTELIKE SINODE
PREDIKANTE
DE van der Spuy
F Schoeman
LL Bosman
JPT Koen
M van der Westhuizen *
GHG Vosloo
JM van der Merwe
PH Boshoff
J Potgieter
H van Blerk

KERKRAADSLEDE
DJ Klopper
EJ Bezuidenhout *
FJ Retief
J Smook
PJ du Preez
CG Heyns
M Janse van Vuren
DF Spangenberg
AT Nagel

SINODE VAN NAMIBIË
PREDIKANTE
AR Olivier
JHG Maritz
MJN van der Merwe
E Coetzee
AP Coetzee
JC Woest

KERKRAADSLEDE
CJ Bedeker
GP van der Westhuizen
CD Smith
AC Louw *
MA Etsebeth *
R Theron *

4. ALGEMENE TAAKSPAN REGTE

Die aktuarius hanteer C.1.1 (Eerste verslag van die ATR) (Laatstukke bl 42).

KONSTITUERING: BEREKENING VAN DIE PROPORSIONELE KOMPONENT VAN SINODES SE AFVAARDIGING (C.1.1 bl 42 pt 2; A.1 bl 9 pt 7.1) **– goedgekeur:**
2.1 Die Algemene Sinode neem kennis daarvan dat daar nie 'n gelyke aantal leraars en ouderlinge/diakens afgevaardig is nie vanweë omstandighede (vgl Artikel 38.1).
2.2 Die Algemene Sinode neem verder kennis daarvan dat daar geen benadeling vir enige party is nie (die voorsitter toets die vergadering daaroor).
2.3 In die lig hiervan aanvaar die vergadering die nie-nakoming en sit die vergadering voort asof aan die Artikel voldoen is.

5. AGENDA-PROJEKSPAN/ONTWERPSPAN

Die Algemene Sekretaris hanteer die verslag A.1.

6. ALGEMENE TAAKSPAN REGTE (vervolg)

VRYWARING (C.1.1 bl 42 pt 1; A.1 bl 10 pt 11) **– goedgekeur:**
1.1 Die Algemene Sinode verklaar dat die uitsprake, standpunte en menings soos vervat in die Agenda, Bylaes en Laatstukke persoonlike standpunte is en nie die standpunt van die Algemene Sinode verteenwoordig nie.

Dr AL Bartlett teken sy teenstem teen bogenoemde besluit aan.

7. AGENDA-PROJEKSPAN/ONTWERPSPAN (vervolg)

Die Algemene Sekretaris verwelkom die ekumeniese besoekers by die vergadering in Engels. Praktiese reëlings tov verlof, kleedkamers, voorstelle, ens word getref. Hy gaan voort om die res van A.1 en die Huisreëls (B.3 bl 103) te hanteer.

Die vergadering verdaag om 17:00 vir verversings.

TWEEDE MIDDAGSESSIE

7. AGENDA-PROJEKSPAN/ONTWERPSPAN (vervolg)

AGENDA-PROJEKSPAN/ONTWERPSPAN (A.1 bl 14 pt 17) **– goedgekeur:**
17.1 Die Algemene Sinode keur die reëlings van die Ontwerpspan tov die buitengewone sinode goed.
17.2 Die Algemene Sinode keur die Huisreëls goed.
17.3 Die Algemene Sinode keur goed dat die notules, wat nie tydens die vergadering gedien het nie, elektronies deur die Moderamen goedgekeur word.

Dank word teenoor dr Claassen en alle personeel uitgespreek vir hulle harde werk.

8. ALGEMENE TAAKSPAN REGTE (vervolg)

Die aktuarius gaan voort om C.1.1 (Eerste verslag van die ATR) (Laatstukke bl 42) te hanteer. Hy vervolg by pt 3 en lees die hele punt en aanbevelings. Bespreking volg.

Die vergadering verdaag om 18:00 vir aandete.

AANDSESSIE

9. ALGEMENE TAAKSPAN REGTE (vervolg)

Die voorsitter tref ’n ordereëling deur die ATR te vra om onsekerhede uit die weg te ruim oor die stand van die ATR se verslag. Die vergadering aanvaar dit met ’n groot meerderheid.

Die aktuarius wys die vergadering weer op die sin in pt 3.2 van C.1.1 wat lui: “Appèlle teen die besluit oor selfdegeslagverhoudings is gehandhaaf en gevolglik is die ter sprake 2015-besluit ter syde gestel.” Die Appèlliggaam was ’n gevolmagtigde liggaam met die reg om appèlle aan te hoor en af te handel. Hulle besluit staan. Indien iemand beswaar wil aanteken, kan hulle appelleer teen Appèlliggaam. Dit is die kerklike wyse. Dit beteken die 2013-besluit is op die tafel.

Die voorsitter reël dat daar nie oor die Appèlliggaam se besluit gepraat word nie. Dit is ’n gegewe. Dit is buite die vergadering se bevoegdheid om dit te hanteer.

ORDEVOORSTEL: APPÈLLE, GRAVAMINA, BESWAARSKRIFTE EN VOORLEGGINGS (SD Snyman/CHJ van Schalkwyk) **– goedgekeur:**
1. Die Sinode besluit om pt 3.8.1 en 3.8.2 terug te verwys na die ATR in die lig van vrae tydens die bespreking en onduidelike formulerings wat vatbaar is vir waninterpretasie.
2. Lede van die Sinode word uitgenooi na die vergadering van die ATR om sake verder toe te lig.

APPÈLLE, GRAVAMINA, BESWAARSKRIFTE EN VOORLEGGINGS (C.1.1 bl 43 pt 3.8) **– terugverwys na die ATR:**
3.8.1 Die Algemene Sinode besluit dat die saak van selfdegeslagverhoudings herbesoek word soos dit die bedoeling van die ASM was met die reëling van die buitengewone Algemene Sinode.
3.8.2 Die Algemene Sinode besluit dat die hele saak as leergeskil hanteer word en die hele gesprek oor selfdegeslagverhoudings aan die hand van die gravamina, beskrywingspunte en voorleggings hanteer word.
3.8.3 Die Algemene Sinode besluit om aan persone wat gravamina, beskrywingspunte en voorleggings ingedien het, geleentheid te gee om die vergadering toe te lig.

LAATSTUKKE: GRAVAMEN, BESKRYWINGSPUNTE EN VERSOEK (C.1.1 bl 43 pt 4) **– goedgekeur:**
4.1 <u>Ring van Stellenbosch: Beskrywingspunt</u>
Die Algemene Sinode neem kennis dat die Beskrywingspunt van die Ring van Stellenbosch nie ontvanklik is nie. ’n Ring kan nie ’n beskrywingspunt direk na die Algemene Sinode stuur nie (Regl 3, pte 6.1 en 6.2).
4.2 <u>Oostelike Sinode: Beskrywingspunt</u>
Die Algemene Sinode neem kennis dat die Beskrywingspunt van Oostelike Sinode (C.3.1) ontvanklik is.
4.3 <u>Noord-Kaapland: Gravamen</u>
Die Algemene Sinode neem kennis dat die Gravamen van Noord-Kaapland (C.2.1) ontvanklik is.
4.4 <u>Wes-Transvaal/Goudland: Versoek</u>
Die Algemene Sinode neem kennis van die inhoud van die dokument (C.3.3) en verwys dit na die ATR/Taakspan Kerkverband vir verrekening in die voortgaande debat mbt die strukturering en funksionering van die kerkverband.
4.5 <u>Natal (KZN): Beskrywingspunt</u>
Die Algemene Sinode neem kennis dat die Beskrywingspunt van KZN (C.3.2) ontvanklik is.

VOORSTEL: DREIGING MET REGSOPTREDE (MS Janse van Rensburg/JHG Maritz) **– goedgekeur:**
1. Die Algemene Sinode spreek sy diepe teleurstelling en sterkste afkeur uit ten opsigte van lidmate, waaronder bedienaars van die Woord, wat dreig met regsoptrede teen die Kerk terwyl kerklike prosesse aan die gang en nog nie uitgeput is nie.

Motivering: Die Sinode neem hierdie besluit op grond van die volgende:
1.1 Die kerk is, ten spyte van menslike swakhede en tekortkominge, die duurgekoopte eiendom van God en die liggaam en bruid van Jesus Christus;
1.2 Jesus se lewe getuig van sagmoedigheid, geduld, langsaamheid en versoening. Jesus self het ook gesê: *“As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe. As iemand ’n regsaak teen jou begin, kom betyds tot ’n skikking solank jy nog saam met hom op pad hof toe is, sodat hy jou nie voor die regter bring en die regter jou aan die polisie oorgee en dié jou in die tronk sit nie.”* (Mat 5:23–25) en

"Waarom maak julle nie vir julleself uit wat die regte ding is om te doen nie? Terwyl jy saam met jou teenstander op pad is hof toe, moet jy moeite doen om die saak met hom te skik, sodat hy jou nie voor die regter sleep en die regter jou aan die polisie oorgee en die polisie jou in die tronk sit nie. Ek verseker jou: Jy sal sekerlik nie daar uitkom voordat jy die laaste sent betaal het nie." (Luk 12:57–59);
1.3 Paulus, onder die inspirasie van die Heilige Gees, leer ook die kerk hoe om op te tree:
Gaan iemand van julle wat 'n saak teen 'n ander gelowige het, werklik so ver dat hy sy reg by heidense regters soek en nie by gelowiges nie? Of weet julle nie dat die gelowiges oor die wêreld sal oordeel nie? En as julle oor die wêreld sal oordeel, is julle dan onbevoeg vir sulke geringe hofsake? Weet julle nie dat ons oor die engele sal oordeel nie? Dan tog seker ook oor alledaagse dinge. As julle oor alledaagse dinge geskille het, laat julle dan die mense as regters optree op wie die gemeente neersien? Ek sê dit om julle skaam te maak. Is daar dan nie 'n enkele verstandige mens onder julle wat 'n saak tussen gelowiges kan besleg nie? Maar gaan een gelowige nou met die ander hof toe, en dit voor ongelowige regters? (1 Kor 6:1–6);
1.4 In sy brief aan die Galasiërs roep Paulus die gelowiges op tot 'n lewe onder beheersing van die Heilige Gees, omdat die sondige natuur die vrug van (onder andere) vyandskap, verdeeldheid en skeuring dra, terwyl die Gees die vrug van (onder andere) liefde, vrede en geduld dra;
1.5 Die Belydenis van Belhar roep ons op grond van die Woord herhaaldelik op om as kerk vanuit ons verbintenis aan Jesus Christus te leef deur ons vir eenheid en versoening te beywer. Dit vra dat ons nie met dreigemente teenoor mekaar moet staan nie, maar dat ons in nederigheid, sagmoedigheid, langsaamheid en geduld die pad moet saamloop; en
1.6 In die gees en gesindheid van wat hierbo genoem word, reël die Kerkorde dat kerklike sake altyd vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op 'n kerklike wyse hanteer moet word (Kerkorde Artikel 21), maar ook dat lidmate, ampsdraers en predikante hulle nie tot die burgerlike hof mag wend in hulle beswaar teen 'n kerkvergadering se besluite nie voordat hulle nie eers die kerklike middele tot hulle beskikking aangewend en uitgeput het nie (Kerkorde Artikel 23.2).

2. Die Algemene Sinode roep alle lidmate, wat bedienaars van die Woord insluit, op om te alle tye in die gees en gesindheid van Christus op te tree, en om so te waak oor die eenheid van die kerk van Jesus Christus.

Die voorsitter sê dankie vir al die gesprekke en glo dat die Here ons hier op 'n wonderlike pad gaan neem. Dit is nie verkeerd om die pad te loop nie, al is dit vir baie mense sleg dat daar nie onmiddellike klarigheid is nie. Dink daaroor as 'n wonderlike geleentheid. God se stroom vloei deur die kerk. Die kerk moet oor kontroversionele sake standpunt inneem en dit met verantwoordelikheid doen.

10. AANDWYDING

Prof Johan van der Merwe neem die aandwyding uit Esegiël 47 waar. Die klein stroompie word groter, dieper en oefen groter invloed uit. Die stroom verdeel te maklik, bv in 1054 (Oos-Wes skeuring), 1517 (Reformasie) en in Suid-Afrika is daar vier Afrikaanse kerke. Hy versoek die lede om die tafels om Johannes 17 aan tafel te lees en daarop met net een vraag te antwoord: Wat staan vir jou uit in Johannes 17? Die tafels deel daarna hulle antwoorde met mekaar en hulle sluit om die tafels met gebed af. Die vergadering sing die sinodelied *"U nooi ons in die water in"* en verdaag om 20:37.

VERLOF
JH Windell, Hoëveld, 18:00–21:00

TWEEDE SITTINGSDAG: DINSDAG 8 NOVEMBER 2016

EERSTE OGGENDSESSIE

1. DAGWYDING

Samesang onder leiding van die FLAM-begeleidingspan begin om 08:50. Die vergadering sing LIED 169:1–3, VONKK 200 en FLAM 528.

Ds Dirkie van der Spuy verwelkom afgevaardigdes ter vergadering en gee geleentheid vir die vergadering om rondom die tafels lief en leed te deel.

Ds van der Spuy vra die vergadering om te staan vir die sing van "Laat ons sien" waarna hy met gebed open.

Ds van der Spuy deel kortliks die temas waarby die vergadering gaan stilstaan:
*Dinsdag 8 November 2016 – Wat sê die teks vir ons oor God self?
*Woensdag 9 November 2016 – Wat is ons roeping na aanleiding van die teks?
*Donderdag 10 November 2016 – Wat is die gevolge van die vrugte waar die Here se stroom begin vloei?

Tafelgesprekke volg oor Besprekingsvraag 1: *Hoe word die Drie-enige God in vers 1 uitgebeeld, en wat is die betekenis van elke beeld?* Ds van der Spuy lê klem op die volgende gedagtes:
*God die Vader wat in die tempel in die allerheiligste "woon" (1 Kon 8:11).
*God die Seun, die Lam van God, wat op die altaar van Golgota geoffer is (Joh 1:29).
*God die Heilige Gees wat as die water van die lewe uitgestort is (Joh 7:37–39).

Tafelgesprekke volg oor Besprekingsvraag 2: *Watter eienskappe van God word in hierdie visioen van Esegiël uitgebeeld en beklemtoon?* Ds van der Spuy lê klem op die volgende gedagtes:
*God van hoop en vernuwing. Woestyn word 'n tuin.
*Wyer en dieper in vers 5: God se impak kring al verder uit. Al meer mense word bereik. 120–3000–ontelbaar. God se kerk groei (Hand 1:8).
*God bring lewe in vers 9. Die Dooie See (vormgodsdiens) begin lewe en die woestyn (wêreld) blom (Joh 5:12).
*God gee vrug en genesing in vers 12 (Matt11:28).

Na afloop van die tafelgesprekke hanteer ds van der Spuy die dagopening verder vanuit Esegiël 47 met die fokus op die feit dat ons as kerk voluit kan leef omdat ons leef as deel van die beweging (stroom van water uit die tempel) wat sy oorsprong in God self het.

Die vergadering bid twee-twee saam vir ons kerk, vir die sinodesitting en vir persoonlike behoeftes.

Die vergadering sluit die dagopening af met die sing van FLAM 57.

Ds Nelis Janse van Rensburg (voorsitter) bedank ds van der Spuy vir die hantering van die dagwyding en verwelkom elke afgevaardigde ter vergadering.

2. ALGEMENE TAAKSPAN REGTE

Die voorsitter vra drr HL Carelsen en JD Kirkpatrick om hulle amendement (Amendement 1) terug te trek in die lig van C.1.2 (Tweede verslag van die Algemene Taakspan Regte). Drr Carelsen en Kirkpatrick stem daartoe in. Die vergadering gee toestemming.

AMENDEMENT: APPÈLLE, GRAVAMINA, BESWAARSKRIFTE EN VOORLEGGINGS (C.1.1 bl 43 pt 3.8) (HL Carelsen/JD Kirkpatrick) **– teruggetrek met toestemming van die vergadering:**
Vervang woord "leergeskil" met bewoording "teologiese saak waaroor ons verskil."

Die voorsitter stel C.1.2 (Tweede verslag van die Algemene Taakspan Regte) (Laatstukke bl 44) aan die orde.

APPÈLLE, GRAVAMINA, BESWAARSKRIFTE EN VOORLEGGINGS (C.1.2 bl 44 pt 3.8) **– goedgekeur:**
3.8.1 Die Algemene Sinode besluit dat bespreking en besluitneming oor selfdegeslagverhoudings as teologies-etiese saak tydens die buitengewone sitting in November 2016 plaasvind.
3.8.2 Die Algemene Sinode besluit om aan persone wat gravamina, beskrywingspunte en voorleggings ingedien het, geleentheid te gee om die vergadering toe te lig.

3. APPÈLLIGGAAM

Die vergadering neem kennis van die verslag A.3 (bl 70-75) in sy geheel. Die voorsitter reël dat die aanbevelings in die verslag op 'n later stadium tydens die vergadering aan die orde sal kom.

Dr AL Bartlett vra dat sy beswaar teen die optrede van die Appèlliggaam aangeteken word omdat dit volgens sy verstaan strydig is met Artikel 23 van die Kerkorde en daar nie gehandel is met die bepalings van Reglement 19.6 nie. Dr AH le Roux en prof CJP Niemandt ondersteun dr Bartlett se beswaar.

4. BESWAARSKRIFTE, GRAVAMINA EN VOORSTELLE

Dr Lourens Bosman stel die verslag van die Taakspan vir Beswaarskrifte, Gravamina en Voorstelle (A.2) en wys die vergadering daarop dat die onderstaande bydraes per abuis nie by die ter sake stukke in die verslagbundel opgeneem is nie:

71 Voorlegging JD Kirkpatrick (kyk bl 415)
Dekbrief by die voorlegging:
Aangeheg 'n stuk oor SGV en Skrifgebruik in die NG Kerk. As ek reg onthou het ons by die ASM besluit dat voorleggings aan die buitengewone sitting van die Algemene Sinode gemaak kan word. Ek meen die noue verband tussen SGV en Skrifgebruik is 'n noodsaaklike onderdeel van ons gesprek. As dit ontvanklik is en nie voorbarig oorkom nie, wil ek aangehegte stuk indien as gespreksdokument. Dit is nie neutraal nie en bepleit die behoud van die 2015-besluit rakende SGV.

113 Gravamen Kerkraad NG Kerk Charl Cilliers (kyk bl 525)
Gravamen:
Die optrede van die Algemene Sinode in die bogenoemde besluite is in stryd met die bepalings van Artikel 44 van die Kerkorde (2013) en die toepaslike regsbeginsels in die Suid-Afrikaanse reg. Die bepalings van Artikel 44, 'n duidelike verskansingsklousule, neem voorkeur bo enige ander artikel in die Kerkorde waar dit in stryd is met Artikel 44.1 en 2. Al die bogenoemde besluite het die effek dat Artikel 1 gewysig kan word sonder nakoming van Artikel 44 en moet dus as ongeldig verklaar word.

138 Versoek FM (Frits) Gaum en HJ (Henda) Gaum (nie in bundel ingebind nie)
1. Dat die Algemene Sinode sy volledige besluit van 2015 oor selfdegeslagverbintenisse handhaaf.
2. Dat die Algemene Sinode sy teleurstelling uitspreek dat so lank nagelaat is om bg besluit uit te voer.
3. Dat die Algemene Sinode sy opregte verskoning aanbied aan alle gay-lidmate en hulle families wat deur bg versuim op enige wyse benadeel is.

AANBEVELING: PROSESSE TOV BESWAARSKRIFTE, GRAVAMINA EN VOORSTELLE (A.2.1 bl 25 pt 1.4) **– Kennis geneem**
1.4.1 Die Sinode keur die prosesse en prosedures soos hierbo uiteengesit, goed.

Dr AL Bartlett vra dat sy beswaar aangeteken word teen die optrede van die Taakspan vir Beswaarskrifte, Gravamina en Voorstelle om beswaarskrifte as ontvanklik te beskou omdat dit volgens sy verstaan strydig is met Artikel 23 van die Kerkorde en daar nie gehandel is met die bepalings van Reglement 19.6 nie. Dr AH le Roux ondersteun dr Bartlett se beswaar.

Die voorsitter reël dat persone wat toeligting oor beswaarskrifte, gravamina en voorstelle wil maak na verversings die geleentheid kry om dit te doen.

Die vergadering verdaag om 10:30 vir verversings.

TWEEDE OGGENDSESSIE

5. BESWAARSKRIFTE, GRAVAMINA EN VOORSTELLE (vervolg)

Die voorsitter gee geleentheid vir die volgende persone om toeligting aan die vergadering te gee in verband met hulle beswaarskrifte, gravamina of voorstelle:
Prof J Janse van Rensburg (bladsy 201)
Adv AP Oberholzer (bladsy 394)
Br HWJ Smit (bladsy 603)
Ds LB de Villiers (bladsy 23)
Ds JPT Koen (bladsy 1)
Dr ACV van Wyk (bladsy 85)
Oudl Riaan van Zyl/ dr Hannes Schulz (bladsy 356)

Dr CJ Reyneke (bladsy 409) – nie teenwoordig nie
Br Schalk Strauss (491)

Die voorsitter gee geleentheid vir die vergadering om by die tafels te gesels oor wat hulle tot dusver gehoor het.

Die voorsitter stel die volgende persone aan die woord om verdere toeligting aan die vergadering te gee:
Dr JH Ernst (bladsy 256)
Dr JC Marais (bladsy 441) – nie teenwoordig nie
Br Stefan de Klerk (bladsy 241)
Dr Nadia Marais (bladsy 239)
Dr JD Kirkpatrick (bladsy 415) (voorlegging en nie beswaarskrif soos in dokumente aangetoon nie)
Dr AL Bartlett (bladsy 556)

Die vergadering verdaag om 13:00 vir middagete.

EERSTE MIDDAGSESSIE

5. BESWAARSKRIFTE, GRAVAMINA EN VOORSTELLE (vervolg)

Die voorsitter stel die volgende persone aan die woord om verdere toeligting aan die vergadering te gee:
Br Pieter Oberholzer (bladsy 636)
Ds JH Taute (bladsy 36)
Dr SJ Louw (bladsy 250) – nie teenwoordig nie
Ds Carel Smith (bladsy 483)
Dr Tiana Bosman (bladsy 611)

Skrywes oor die inligting tov die datum en plek van die vergadering asook beoogde tye van voorleggings wat aan drr Reyneke, Marais en Louw gestuur is, is by die kantoor van die Algemene Sinode op lêer. Dr Marais het na die tyd verskoning aangeteken dat hy nie teenwoordig was nie.

Die voorsitter gee geleentheid vir die vergadering om by die tafels te gesels oor wat hulle tot dusver gehoor het.

Die voorsitter stel die gravamina wat vanaf drie sinodes ontvang is aan die orde en gee geleentheid vir die volgende persone om toeligting aan die vergadering te gee:
Sinode van KwaZulu-Natal (dr BJ Tolmay) – laatstuk
Oostelike Sinode (ds F Schoeman) – laatstuk
Sinode van Noord-Kaapland (ds SW Albertyn) – laatstuk

Die voorsitter versoek die vergadering om te kyk na die notule van Maandag 7 November 2016 en om redaksionele kommentaar aan die notuletafel deur te gee.

Die vergadering verdaag om 15:31 vir verversings.

TWEEDE MIDDAGSESSIE

Samesang onder leiding van FLAM-begeleidingspan.

6. VOORSTEL TER VERGADERING

Die voorsitter deel die vergadering mee dat die vergadering ’n klomp voorstelle, gedagtes en gravamina ontvang het wat alles betrekking het op die saak ter tafel. Die voorsitter wys die vergadering verder op die Reglement van Orde wat bepaal dat voorrang gegee word aan verslae van permanente strukture, taakspanne en/of kommissies. Die Taakspan vir Beswaarskrifte, Gravamina en Voorstelle het in hulle verslag aangedui dat daar hoofsaaklik drie sake op die tafel van die sinode is, naamlik: Skrifgesag, eties-teologiese besluitneming/hermeneutiek asook die huwelik, ampte en homoseksualiteit. Hierdie sake kan egter net aan die orde gestel word as daar ’n voorstel voor die vergadering dien. Die Reglement van Orde (pt 3.4 en 3.6) bepaal dat die voorsitter die orde neem wat die mees geskikte voorkom vir die behoorlike funksionering van die vergadering.

Die voorsitter verduidelik verder dat enige lid van die vergadering ’n voorstel kan indien, maar dat hy as voorsitter (op grond van die Reglement van Orde) oordeel dat die gravamen van die Sinode van Noord-Kaapland die beste weg is om te gebruik as voorstel ter tafel.

Die voorsitter vra die vergadering om te stem met behulp van rooi en groen kaarte oor sy ordereëling.

ORDEREËLING: VOORSTEL TER VERGADERING – goedgekeur:
Die gravamen van die Sinode van Noord-Kaapland word in behandeling te neem as die voorstel voor vergadering.

7. GESPREK OOR SKRIFGESAG EN SKRIFGEBRUIK/HERMENEUTIEK

Die voorsitter reël dat afgevaardigdes *rondom die tafels* sal gesels oor pt 3.1–3.2 van die gravamen van die Sinode van Noord-Kaapland as vertrekpunt vir die gesprek.

Prof Johan van der Merwe (aktuarius) wys die vergadering daarop dat vorige besluite van die Algemene Sinode oor Skrifgesag op bladsy 128 en verder in die Kerkorde gelees kan word.

Die voorsitter wys die vergadering daarop dat die Algemene Sinode 2002 se besluite oor die gesag van die Skrif ook gelees kan word op bladsy 319 en verder in die dokumentebundel Beswaarskrifte en Gravamina vir die buitengewone vergadering van die Algemene Sinode 2016.

Die voorsitter *stel die vloer oop* vir bespreking oor die saak van Skrifgesag. Verskeie lede van die vergadering lewer bydraes oor hulle verstaan van Skrifgesag binne die gereformeerde tradisie.

Dr Gustav Claassen hanteer aankondigings en praktiese reëlings.

Die vergadering verdaag om 17:55 vir aandete nadat ds Maartje van der Westhuizen ’n tafelgebed gedoen het.

AANDSESSIE

Samesang onder leiding van die FLAM-begeleidingspan.

8. GESPREK OOR SKRIFGESAG EN SKRIFGEBRUIK/HERMENEUTIEK (vervolg)

Die voorsitter reël dat *tafelgesprekke* plaasvind oor die saak van hermeneutiek en Skrifgebruik (gravamen van die Sinode van Noord-Kaapland pt 3.3).

Die voorsitter *stel die vloer oop* vir bespreking oor die saak van hermeneutiek en Skrifgebruik (gravamen van die Sinode van Noord-Kaapland pt 3.3). Verskeie lede van die vergadering lewer bydraes oor hulle verstaan van hermeneutiek en Skrifgebruik binne die gereformeerde tradisie.

Die voorsitter gee geleentheid vir die vergadering om by die tafels te gesels oor wat hulle tot dusver gehoor het in die gesprek oor hermeneutiek en Skrifgebruik.

Die voorsitter maak enkele persoonlike opmerkings en bedank die vergadering vir die gesindheid en samewerking waarmee almal deelgeneem het aan die gesprekke van die dag. Hy beklemtoon die belangrikheid van ’n meerdere vergadering wat juis kan help met insig en bydraes waarsonder ’n enkele vergadering armer sou wees.

Dr Gustav Claassen hanteer aankondigings en praktiese reëlings.

9. AANDWYDING

Me Elize Bezuidenhout neem die aandwyding waar nadat die vergadering LIED 458:1–3 gesing het. Sy vra dat die vergadering stil word en voor God sal nadink oor die vraag: Hoekom is genesing in jou lewe nodig?

Me Bezuidenhout lees Johannes 1:1–4 en lê klem op ons afhanklikheid van God se genade, asook 1 Johannes 4:7 met die klem op die liefdesopdrag van God. Sy lees ook Numeri 14:11 en Efesiërs 3:14–20, waarna sy afsluit met gebed.

Die vergadering sing VONKK 38 en verdaag om 21:10.

VERLOF
T Grobler, Noord-Kaapland, 14:00–21:00; AT Nagel, Oostelike Sinode, 09:00–13:00; I Nel, Goudland, 09:00–21:00 (S Scott is as sekundus teenwoordig); BV Buys, Goudland, 18:00–21:00; DT Nel, Wes-Kaapland, 12:00–15:00; JH Windell, Hoëveld, 18:00–19:00; JA Botha, Noordelike Sinode, 18:00–21:00; S Maritz, Vrystaat, 17:00–21:00; AS Koorts, Hoëveld, 18:00–21:00.

DERDE SITTINGSDAG: WOENSDAG 9 NOVEMBER 2016

EERSTE OGGENDSESSIE

1. DAGWYDING

Samesang onder leiding van FLAM-begeleidingspan begin om 08:50. Die vergadering sing FLAM 10; FLAM 206 en FLAM 140.

Ds Dirkie van der Spuy verwelkom afgevaardigdes ter vergadering en gee geleentheid vir die vergadering om rondom die tafels lief en leed te deel. Ds van der Spuy vra die vergadering om te staan vir die sing van 3 liedere: FLAM 277; LIED 421 en FLAM 387. Hy gaan die vergadering voor in gebed. Hy lees uit Esegiël 47 en vra: Wat is ons roeping na aanleiding van die teks?

Tafelgesprekke volg oor Besprekingsvraag 1: *Wat "sien" jy is die plan vir julle gemeente vandag? Wat is julle gemeente se visie en missie?* Ds Van der Spuy lê klem op die volgende gedagte: Leef die visie en missie wat op die mure en plakkate in die gemeente opgesit is, werklik in die harte van die lidmate?

Tafelgesprekke volg oor Besprekingsvraag 2: *Is die lidmate so meegesleur deur die visie dat die stroom van God se missionale roeping uitvloei in die wêreld om in die wêreld 'n verskil te maak?*

Tafelgesprekke volg oor Besprekingsvraag 3 nav Esegiël 47:12: *Meet ("meetstok") jou gemeente se missionale stroom. Hoeveel begrotingsgeld (%) vloei na binne en hoeveel na buite die gemeente? Watter dele van julle gemeentestruktuur is gerig op julle uitwaartse bediening? Wat is die fokus van julle prediking en kleingroepe? Watter opleiding rus lidmate missionaal toe?* Ds Van der Spuy lê klem op die missionale roeping van die Kerk en roep gemeentes op om dit opnuut die fokus te maak van hulle bediening.

Die vergadering bid twee-twee saam vir ons kerk, vir die sinodesitting en vir persoonlike behoeftes.

Die vergadering sluit die dagopening af met die sing van FLAM 58.

Ds Nelis Janse van Rensburg (voorsitter) stel die lede van die begeleidingspan aan die vergadering voor en bedank hulle vir die begeleiding.

2. REËLINGS

Die voorsitter versoek elke persoon teenwoordig om seker te maak dat hulle registreer. Hy herinner ook aan die reëling dat geen foto's geneem mag word of video- en klankopnames in die sinodesaal gemaak mag word nie.

Hy verwelkom ook die media en gee erkenning daaraan dat hulle 'n belangrike rol het om te speel. Hy gaan ook weer 'n videogreep opneem oor die dag se gebeure. Videogrepe oor die vorige twee dae is op die Kerkbode se webblad beskikbaar.

3. GESPREK OOR DIE BYBEL EN HOMOSEKSUALITEIT

Tafelgesprekke word gehou oor hoe ons die Bybel lees mbt homoseksualiteit.

Die vergadering verdaag om 10:40 vir verversings.

TWEEDE OGGENDSESSIE

4. GESPREK OOR DIE BYBEL EN HOMOSEKSUALITEIT (vervolg)

Die voorsitter reël dat 'n oopvloergesprek plaasvind oor die lees van die Bybel en homoseksualiteit. Hy wys daarop dat daar in die vergadering mense met verskillende seksualiteite is. Die vergadering moet by die karakter van ons kerkwees bly en verstaan dat wanneer ons praat ons met fyn aanvoeling oor mekaar se menswees en gevoelens praat.

Die gesprek gaan oor punte 5.1 tot 5.4 van die gravamen van Noord-Kaapland.

ORDEMOSIE (NWJ van Rensburg) – **word nie hanteer nie aangesien die vergadering op die tweede sittingsdag goedgekeur het dat die gravamen van Noord-Kaapland die voorstel ter tafel is:**
Die voorstel wat tans op die tafel is, is die 3de voorstel van die ASM (2015) waaroor nooit gestem is nie.

Die vergadering gaan in ’n oopvloer-gesprek.

Die voorsitter reël voor verdaging vir middagete dat die gesprek tot 15:00 sal voortgaan.

Die vergadering verdaag om 13:05 vir middagete. JC Swanepoel doen die tafelgebed.

EERSTE MIDDAGSESSIE

Samesang olv die FLAM-begeleidingspan: LIED 411 en FLAM 211.

5. GOEDKEURING VAN NOTULES

Notules van die Eerste Sittingsdag en die Tweede Sittingsdag word voorgehou. **Die notules word na enkele veranderinge goedgekeur.**

6. GESPREK OOR DIE BYBEL EN HOMOSEKSUALITEIT (vervolg)

Die voorsitter tref ’n reëling om nog net vier sprekers toe te laat. Prof Danie Veldsman word toegelaat om te praat. Die aktuarius bedien die vergadering met die reëlings van die Kerkorde tov die toelaatbaarheid van prof Veldsman om te praat. Hy is ’n sekundus-verteenwoordiger van die Teologiese Fakulteit. Prof Nelus Niemandt het verlof gehad wat beteken dat prof Veldsman volledig geregtig is om te praat.

Die gesprek word voortgesit.

Die voorsitter gee die lede weer geleentheid by die tafels om te praat oor wat hulle gehoor het tydens die gesprek.

Die voorsitter laat die vergadering weer in tafelgesprekke praat oor punt 5 van die gravamen van die Sinode van Noord-Kaapland.

Die vergadering kry geleentheid om die standpunte wat aan die tafels gestel is in die groot vergadering te stel.

Die vergadering verdaag om 15:00 vir verversings.

TWEEDE MIDDAGSESSIE

Samesang olv FLAM-begeleidingspan: LIED 396 en FLAM 318.

7. GESPREK OOR DIE BYBEL EN HOMOSEKSUALITEIT (vervolg)

Die voorsitter laat verdere gesprek toe en die gesprek word voortgesit.

Die voorsitter reël dat daar weer aan die tafels gesprek gevoer word oor wat hulle gehoor het in die algemene bespreking oor punt 5 van die gravamen van die Sinode van Noord-Kaapland.

Die voorsitter meen dat ons ’n gesprek gehad het wat die Naam van die Here Jesus waardig was. Selfs al verskil ons oor sekere standpunte radikaal van mekaar het ons by mekaar gebly. Die vergadering is na sy mening nou gereed om spesifieke voorstelle op die tafel te neem en dit te oorweeg.

Die vergadering verdaag vir aandete nadat die tafelgebed gedoen is deur ds Irma Nel.

AANDSESSIE

Samesang olv FLAM-begeleidingspan: VONKK 200 en FLAM 183.

8. BESLUITNEMING: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

Die voorsitter versoek die vergadering om na mekaar toe te draai en twee-twee saam te bid vir die proses waar ons nou ingaan.

Dr Jorrie Potgieter wys die vergadering op ’n besluit van die Algemene Sinode van 1994 wat bepaal hoe sake hanteer word wat die potensiaal het om groot verdeeldheid in die kerk te veroorsaak.

Die inhoud van die gravamen van die Sinode van Noord-Kaapland is die voorstel wat nou voor die vergadering dien. Die voorsitter lees die voorstel in sy geheel asook die amendemente wat ontvang is wat ter wille van die ordelike verloop van die vergadering in een dokument saamgevat is (*kyk C.4.1 (Laatstukke bl 68)*. Dit word soos volg hanteer:

VOORSTEL: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (Gravamen Noord-Kaapland; vgl C.4.1 (Laatstukke bl 68)) – **soos volg hanteer, geamendeer en goedgekeur:**

Amendement op pt 2 (SW Albertyn/AL Bartlett): **nie goedgekeur nie:**
Die Algemene Sinode besluit om die saak van selfdegeslagverhoudings met groot omsigtigheid te benader en om nie standpunte op gelowiges en gemeente af te dwing waarvan die Gees die gemeentes nie oortuig nie. Ons oordeel dat die saak waaroor dit gaan, nie tot die kern van die geloof behoort nie, en dat die kerk daarom met hierdie onderlinge verskille kan saamleef. Hoewel daar verskillende vertolkings is van Skrifgegewens, is die gesag van die Woord nie in gedrang nie.

Die vergadering het per geslote stembrief oor die amendement gestem.

Dr AL Bartlett laat aanteken dat hy deel van die minderheid was wat vir die amendement gestem het en dat dit blyk dat diegene wat daarvoor gestem het nie langer deel van die kerk kan wees nie.

In die lig van verskille oor vergaderingsprosedure reël die voorsitter dat die Regskommissie die saak dringend uitsorteer. Hy reël dat die vergadering verdaag en op 10 November om 08:30 begin.

9. AANDWYDING

Dr Chris van Wyk versoek die vergadering om vir ’n oomblik stil te word.

Die FLAM-begeleidingspan lei die vergadering in die sing van FLAM 387.

Dr Chris van Wyk lees uit Openbaring 22:1–5 en beklemtoon die belofte van die heerlikheid wat wag op die gelowiges maar ook die oordeel oor die ongeregtigheid. Hy gaan voort deur die vergadering te lei in gebed.

Die FLAM-begeleidingspan lei die vergadering ten slotte in die sing van VONKK 38.

VERLOF
PM Strydom, Hoëveld, 09:00–13:00; F Schoeman, Oostelike Sinode, 09:00–21:00; JJ McDuling, Hoëveld, 09:00–11:00; DS Oosthuizen, Hoëveld, 09:00–14:00; WD de Klerk, Hoëveld, 16:00–21:00; CJP Niemandt, Fakulteit Teologie UP, 09:00–13:00; N Loots, Noord-Kaapland, 14:00–15:00; CA van der Merwe, Wes-Kaap, 20:15–21:00; PJB Coetzer, Vrystaat, 19:00–21:00; JJD Nel, Oos-Kaapland, 19:00– 21:00; G Janse van Rensburg, Noordelike Sinode, 18:00–21:00; AK le Roux, Noordelike Sinode, 18:00–21:00; TF Rintoul, Oos-Kaapland, 19:00–21:00

VIERDE SITTINGSDAG: DONDERDAG 10 NOVEMBER 2016

EERSTE OGGENDSESSIE

1. DAGWYDING

Samesang onder leiding van die FLAM-begeleidingspan begin om 08:15. Die vergadering sing VONKK 277. Ds Nelis Janse van Rensburg, voorsitter, heet almal welkom en spreek die bede uit dat die Here die vergadering in hierdie dag sal seën. Hy gaan voor in gebed waarna die vergadering "Heer, ons bid vir Afrika" en "U is die lig wat deur die donker skyn", sing.

Ds Janse van Rensburg lees uit Esegiël 47:6–12 en gaan voor met die oggendoordenking. Hy sluit met gebed.

2. REËLINGS

Die voorsitter gee praktiese reëlings deur vir die dag en verklaar sy mandaat as voorsitter van die vergadering. Hy vra die hulp van alle lede van die vergadering om die proses te laat vlot.

Prof Johan van der Merwe, aktuarius, gee duidelikheid oor die vergaderingprosedure, en in besonder die kwessie van repliek: die voorsteller het reg tot repliek.

Die Algemene Sekretaris, dr Gustav Claassen, doen 'n beroep op die vergadering om die hele dag teenwoordig te wees en reël met die tafelleiers om skriftelik aan te dui wie teenwoordig is by elke tafel.

3. BESLUITNEMING: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (vervolg)

VOORSTEL: KONSULTASIE OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (H Theunissen/FJ van der Merwe) – **nie goedgekeur nie:**
Die Algemene Sinode besluit om die kerkverband (streeksinodes, ringe, gemeentes) te konsulteer met die oog op besluite oor selfdegeslagverhoudings met terugvoering aan die volgende Algemene Sinode.

VOORSTEL: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (Gravamen Noord-Kaapland; vgl C.4.1 (Laatstukke bl 68)) – **soos volg hanteer, geamendeer en goedgekeur:**

2 Die Algemene Sinode besluit om die saak van selfdegeslagverhoudings met groot omsigtigheid te benader en om nie standpunte op gelowiges en gemeentes af te dwing waarvan die Gees die gemeentes nie oortuig het nie.

3 Die Algemene Sinode:
3.1 herbevestig haar verbintenis aan die besluite van die Algemene Sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg:
1. Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring "Skrifgebruik en Skrifgesag", soos aanvaar by die Sinode van 2004, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.
2. Die Algemene Sinode wys daarop dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986 (getiteld "Skrifgebruik en Skrifgesag"), 1990 ("Skrifberoep in Etiese Sake") en 2002 ("Gesag van die Skrif") hiermee saam gelees behoort te word **(vgl Notule Algemene Sinode 2011, bladsy 91).**
3.2 wys daarop dat die amptelike besluite van die Algemene Sinode oor Skrifgebruik en Skrifgesag nie gewysig is nie en steeds die geldende standpunt van die Algemene Sinode is.

Amendement op pt 3 (SW Albertyn/AL Bartlett) – **verval aangesien dit identies met die voorstel is.**

3.3 Nie goedgekeur nie:
Die Sinode is bekommerd dat die nuwe standpunte van die Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake oor hermeneutiek, Skrifgebruik en Skrifgesag soos verwoord in die bylaes van die Taakspan Leer en Aktuele Sake wat voor die Algemene Sinode 2015 gedien het, teenstrydig is met die huidige amptelike standpunte van die Sinode. Ons versoek die Algemene Sinode om hieroor te herbesin.

4 Die Algemene Sinode bely:
4.1 dat ons altyd soekend moet bly na die waarheid van die evangelie tussen veelvuldige stemme en in 'n stukkende wêreld.

4.2 dat gelowiges met diep oortuigings oor selfdegeslagverhoudings dikwels van mekaar verskil, en daarom moet hierdie soeke in 'n gees van luister, sensitiwiteit, smeking, dringendheid en verantwoordelikheid benader word, wagtend op die leiding van die Heilige Gees.

Amendement (byvoeging van nuwe punt) (SW Albertyn/AL Bartlett) – **goedgekeur:**
dat almal betrokke by die verskillende vertolkings erns maak met die Skrif en dat daar by almal 'n opregte begeerte is om God se wil te soek.

4.3 dat die kerk die plek is waar almal omarm en die genade van Christus ontdek moet word.

5 Die Algemene Sinode:

5.1 Nie goedgekeur nie:
beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie, maar inteendeel, dat met respek en in liefde teenoor alle mense opgetree moet word.

Amendement (SW Albertyn/AL Bartlett) – **goedgekeur met invoeging *(kursief)*:**
beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie, maar inteendeel, dat met respek en liefde teenoor alle mense *as beelddraers van God* opgetree moet word. Ons erken die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind onsself opnuut tot die bevordering van die Godgegewe waardigheid van alle mense.

5.2 Nie goedgekeur nie:
roep alle lidmate en ampsdraers op om persone met 'n homoseksuele oriëntasie met pastorale sensitiwiteit en met die liefde van Christus te bedien.

Amendement (SW Albertyn/AL Bartlett) – **goedgekeur met skrap van woorde soos aangedui:**
roep alle lidmate ~~en ampsdraers~~ op om, ongeag seksuele oriëntasie, mekaar met die liefde van Christus te aanvaar.

5.3 vra onvoorwaardelik vergiffenis waar persone met 'n homoseksuele oriëntasie nie soos hierbo behandel is nie.

5.4 Nie goedgekeur nie:
herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as 'n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou.

Amendement 3 op pt 5.4 (ACV van Wyk/HM Janse van Rensburg) – **verval met toestemming van die vergadering:**
Voeg by "en dat seksuele gemeenskap buite so 'n vaste formele verbintenis/verhouding (huwelik) nie aan Christelike riglyne voldoen nie".

ORDEMOSIE (T Danzfuss): **AMENDEMENTE – goedgekeur:**
Amendemente word individueel en agtereenvolgens hanteer.

Op navraag uit die vergadering of amendemente 1 en 2 langs mekaar sou kon staan, antwoord die aktuarius bevestigend.

Die voorstellers van Amendement 2 (J Smook/KFG Potgieter) dui aan dat die woord "dade" in die amendement kan verval.

Die vergadering stem met geslote stembrief oor Amendement 2.

Die vergadering verdaag om 10:30 vir verversings. Die Algemene Sekretaris reël dat verversingstyd slegs 15 min is.

TWEEDE OGGENDSESSIE

Samesang olv die FLAM-begeleidingspan.

Die voorsitter reël dat spreekbeurte verkort word tot twee minute per beurt.

4. BESLUITNEMING: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (vervolg)

Die voorsitter kondig aan dat Amendement 2 aanvaar is en laat stem met geslote stembrief oor Amendement 2 as die nuwe substantiewe voorstel.

Die voorsitter spreek sy dank teenoor Bybel-Media, CLF en Kerkbode uit vir moeite gedoen met voorbereiding ter ondersteuning van die Sinode. Hy bedank ds Nico Simpson in besonder vir die ontwerpe en grafika vir die Sinodesitting. Hy bedank ook die tolke, steunspan, tafelleiers en stemtellers vir hulle bydraes.

Amendement 2 op pt 5.4 (J Smook/KFG Potgieter) – **goedgekeur met skrap van woord soos aangedui: herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as 'n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en dat enige seksuele gemeenskap ~~(dade)~~ buite so 'n vaste formele huweliksverbintenis nie aan Christelike riglyne voldoen nie.**

Amendement 1 op pt 5.4 (SW Albertyn/AL Bartlett) – **goedgekeur soos gewysig en met invoeging *(kursief)*:**
~~herbevestig sy vorige besluite dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou word,~~ maar erken *die realiteit* dat daar lidmate van dieselfde geslag in burgerlike verbintenisse is wat getuig van liefde en trou.

AMENDEMENT op Amendement 1 tov pt 5.4 (PG Otto/T Danzfuss) – **word nie hanteer nie:**
Vervang "… maar erken …" in sin 2 met "… en is bewus van …"

5.5 bevestig dat die gesin as hoeksteen in 'n Christelike gemeenskap beskou word.

5.6 Nie goedgekeur nie:
is oortuig dat enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, 'n volwaardige lidmaat van sy kerk is en as sodanig as ongesensureerde lidmaat volle toegang het tot al die ampte in die kerk.

ORDEMOSIE: BYKOMENDE VOORSTELLE (JHG Gous) – **die voorsitter wys die ordemosie van die hand:**
Die bykomende voorstelle word ook dadelik hanteer.

Amendement 3 op pt 5.6 (HM Janse van Rensburg/H Theunissen) – **nie goedgekeur nie:**
Voeg die volgende twee punte na 5.6 by :
1 Die sinode besluit dat indien daar 'n konflik van belange tussen 'n ampsdraer en sy/haar gemeente ontstaan, weeg die belange en welstand van die gemeente swaarder as dié van die betrokke ampsdraer van die gemeente. Hierdie besluit is van toepassing op alle vlakke van die gemeentebediening.
2 Die sinode besluit dat predikante nie bevoegdheid het om burgerlike verbintenisse in terme van die Wet op Burgerlike Verbintenis (Wet 17 van 2006) te bevestig nie.

Amendement 2 op pt 5.6 (J Smook/KFG Potgieter) – **nie goedgekeur nie:**
is oortuig dat enige person wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus bely 'n volwaardige lidmaat van sy kerk is.

Amendement 1 op pt 5.6 word soos volg hanteer:

ORDEMOSIE: AMENDEMENT 1 PT 5.7 (QE Heine) – **goedgekeur:**
Pt 5.7 kan nie gestel word nie en moet verval aangesien denominasies die aansoeke moet goedkeur en doen.

Ds M van Niekerk teken haar beswaar aan teen die toestaan van die ordemosie.

Amendement 1 pt 5.7 (SW van Wyk/AL Bartlett) – **verval:**
besluit dat predikante wat wil aansoek doen om deur die staat aangestel te word om burgerlike verbintenisse volgens Wet 17 van 2006 te bevestig, die goedkeuring van hul kerkraad moet kry en dan volgens die normale proses aansoek doen.

Amendement 1 pt 5.8 (SW van Wyk/AL Bartlett) – **goedgekeur:**
is oortuig dat enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, ongeag seksuele oriëntasie, 'n volwaardige lidmaat van die kerk is en as sodanig as ongesensuurde lidmaat volle toegang het tot al die ampte in die kerk.

ORDEMOSIE: AMENDEMENT 1 PT 5.9 (ACV van Wyk) **– goedgekeur:**

Pt 5.9 moet verval omdat dit teenoor besluite staan wat reeds geneem is.

Amendement 1 pt 5.9 (SW van Wyk/AL Bartlett) – **nie goedgekeur nie:**
bevestig dat gemeentes die reg het om selfstandig tot besluite te kom oor wat hulle meen die beste vertolking van God se Woord oor selfdegeslagverhoudings is, en laat gemeentes toe om selfstandig te besluit hoe hulle prakties daaraan beslag gee.

Amendement op pt 5.9 van Amendement 1 tov pt 5.6 (BJ Tolmay/MS Janse van Rensburg) – **verval in die lig van die ordemosie:**
Bevestig dat gemeentes, ringe en sinodes die reg het om selfstandig tot besluite te kom oor wat hulle meen die beste vertolking van God se Woord oor selfdegeslagverhoudings is, en laat gemeentes, ringe en sinodes in streke toe om selfstandig te besluit hoe hulle prakties daaraan beslag gee.

Amendement 1 pt 5.10 (SW van Wyk/AL Bartlett) – **goedgekeur:**
bevestig dat kerkrade die reg behou om self te besluit wie in leiersposisies in die gemeentes mag dien, en kan nie verplig word om enige persoon wat in 'n selfdegeslag burgerlike verbintenis is, in diens te neem nie.

Amendement 1 pt 5.11 (SW van Wyk/AL Bartlett) – **goedgekeur:**
besluit dat dieselfde Christelik-etiese standaarde met betrekking tot leer en lewe geld vir die legitimasie en ordening van alle persone, ongeag seksuele oriëntasie.

ORDEMOSIE: PT 5.4 AMENDEMENTE 1 EN 2 (J Potgieter) – **nie ontvanklik nie omdat daar reeds 'n reëling getref is dat dit nie so is nie:**
Amendement 2 by pt 5.4 is teenstrydig met amendement 1.

VOORSTEL: NUWE PUNTE NA PT 5.6 (J Smook/KFG Potgieter) – **nie hanteer nie:**
5.7 bevestig dat in 'n burgerlike verbintenis nie 'n huwelik is nie en daarom ook val seksuele dade binne so 'n verbintenis of selfdegeslagverhouding buite die aanvaarbare grense op grond van Bybelse riglyne.
5.8 bevestig die oortuiging dat die Bybel hoër morele vereistes aan leiers stel (Jak 3:1, 1 Tim 3:1–7, Tit 1:5–7) soos dit neerslag vind in die Kerkorde. Daarom kan geen persoon wat in 'n seksuele verhouding anders as binne 'n formele huwelik staan (maw enige ander informele of formele verbintenis soos 'n burgerlike verbintenis is hiervan uitgesluit) as predikant dien of tot die bediening toegelaat word nie.
5.9 bevestig dat Kerkrade self kan besluit oor die vereistes waaraan ander leiers in die gemeente moet voldoen en vervat dit in 'n beleidsdokument met in agneming van Kerkordelike bepalings.

VOORSTEL: NUWE PUNT NA PT 5.6 (ACV van Wyk/HM Janse van Rensburg) – **nie hanteer nie:**
Die Algemene Sinode aanvaar die standpunt (bl 145–150 van die Beswaarskrifte en Gravamina) oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Gereformeerde tradisie en die Skrif as in ooreenstemming met Artikel 1 van die Kerkorde van die NG Kerk. Dit vervang enige vorige besluite en standpunte van die NG Kerk oor die status van selfdegeslagverhoudings.

VOORSTEL: PROSES VIR HANTERING VAN BESLUITE OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (JHG Gous/JPA Brink) – **nie hanteer nie:**
1. Die Algemene Sinode stuur die besluite oor selfdegeslagverhoudings na sinodes as konsepbesluite vir oorweging en saamsoek na die wil van die Here.
2. Sinodes betrek gemeentes en lidmate op eie manier in die proses.
3. Na terugvoering teen einde 2017 berei die ASM 'n finale formulering voor vir besluitneming deur die volgende Algemene Sinode.

VOORSTEL: GESINDHEID IN PROSES TOV SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (JHG Gous/JPA Brink) – **nie hanteer nie:**
Die Algemene Sinode sit tov die saak van selfdegeslagverhoudinge die proses van soeke na die wil van die Here voort in die gesindheid van Fil 1:9 (in liefde toeneem in begrip en fyn aanvoeling) en Ef 4:15 (ons sal in liefde by die waarheid bly) en versoek alle betrokkenes om in dieselfde gesindheid daaraan deel te neem.

VOORSTEL: DEELNAME VAN BESOEKERS (E Malan/N Bezuidenhout) – **nie hanteer nie:**
Die sinode nooi die teologiese studente en proponente van die gay-gemeenskap op die gallery om a) vir die res van die sinodesitting by ons rondom die tafels op die vloer aan te sluit, b) deel te neem aan die gesprekke, en c) saam met ons tee/koffie te drink tydens teetye.

VOORSTEL: NUWE PUNT VOOR PT 2 (T van Zyl/DT Nel) – **nie hanteer nie:**
Jesus Christus regeer oor die kerk deur sy Woord en Gees.

5. BESWAARSKRIFTE, GRAVAMINA EN VOORLEGGINGS

Dr Lourens Bosman hanteer A.2.9 (Laatstukke bl 32) ter vergadering.

AANBEVELINGS: BESWAARSKRIFTE, GRAVAMINA EN VOORLEGGINGS (A.2.9 (Laatstukke) bl 40 pt 6) **– goedgekeur:**
6.1 Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Taakspan Regte op om met die hulp van die Algemene Sekretaris al die persone wat gravamina, besware en voorleggings by die sinode ingedien het, skriftelik te wys op die toepaslike reaksie van die Sinode.

Die volgende gravamina is ontvang waarop toepaslike reaksie na aanleiding van die Sinode se besluite skriftelik gegee moet word:

01 - Gravamen Burgersfort Kerkraad
05 - Gravamen Tinus & Anita de Jager NG Kerk Burgersfort
06 - Gravamen NG Kerk Piet Plessis Kerkraad
23 - Gravamen Chris van Wyk
24 - Gravamen NG Kerk Witbank-Panorama Kerkraad
34 - Gravamen Prof Johan Janse van Rensburg
53 - Gravamen Almari Coetsee NG Kerk Lydenburg Moedergemeente
54 - Gravamen Rina Smith Lydenburg NG Kerk Moedergemeente
55 - Gravamen Bernie en Tharina Olivier NG Gemeente Burgersfort
56 - Gravamen Hannes Schultz en Riaan van Zyl
57 - Gravamen NG Kerk Riversdal Kerkraad
59 - Gravamen Gert Viljoen Moedergemeente Lydenburg
60 - Gravamen Pieter Botha Lydenburg NG Kerk Moedergemeente
61 - Griefskrif AP Oberholzer
83 - Gravamen NG Kerk Dundee Kerkraad
105 - Gravamen Kerkraad Witbank-Vallei
109 - Gravamen NG Kerk Witbank-Suid,
110 - Gravamen Ring van Witbank
111 - Gravamen Hannes de Klerk
113 - Gravamen NG Kerk Charl Cilliers
116 - Gravamen NG Kerk Stilbaai
117 - Gravamen Freda de Jager lidmaat NG Kerk Burgersfort
126 - Gravamen H W J Smit lidmaat NG Gemeente Helderberg Wes Kaap
128 - Gravamen Anna-Marie de Kock lidmaat NG Gemeente Burgersfort

Dws 23 Gravamina en 1 Griefskrif.

6.2 In gevalle waar daar sake voorkom wat nie deur die Algemene Sinode van 2016 hanteer is nie, word die sake verwys na die volgende Algemene Sinode vir afhandeling. Die indieners van die betrokke sake word dienooreenkomstig ingelig.

6. FREKWENSE EN SAMESTELLING VAN DIE ALGEMENE SINODE

VERSOEKSKRIF GOUDLAND: FREKWENSIE VAN ALGEMENE SINODEVERGADERINGS (C.3.3 (Laatstukke bl 63)) – **versoekskrif en aanbevelings verwys na die Taakspan Kerkverband:**
1 Dat die Algemene Sinode in verskillende gestaltes sal vergader.
2 Dat die ASM deur ’n Sinodus Kontrakta vervang word wat, soos in die diagram, deel word van die siklus van 4 jaar wat uitloop op ’n Eenheidsinode. Dus 2016 word jaar 1 en die huidige siklus loop tot by ’n Eenheidsinode in 2019. Dit maak Algemene Predikantebyeenkomste dalk onnodig.
3 Dat die besluite van Goudland Sinode in ag geneem word wanneer die Algemene Sinode se Taakspan Kerkverband die detail hanteer.

AANBEVELING: FREKWENSE EN SAMESTELLING VAN DIE ALGEMENE SINODE (A.4 bl 93 pt 1.2) **– goedgekeur:**
1.2.1 Die Algemene Sinode besluit dat die volgende vergadering van die Algemene Sinode in 2019 sal plaasvind.
1.2.2 Die Algemene Sinode gee die Taakspan Kerkverband opdrag om die volgende sinode met ’n omvattende verslag te adviseer oor: wyse van besluitneming, samestelling, agendavorming, wyse van

vergader, bekostigbaarheid, voorkeurfasiliteite wat benodig word, samestelling van die Moderamen asook ander faktore wat ’n rol kan speel ten einde goeie besluitneming te verseker.

7. APPÈLLIGGAAM

Ds T Danzfuss teken beswaar aan oor die wyse van die hantering van die verslag en sake daarin. Die inhoudelike van die appèlle is nie hanteer nie en die inhoudelike is ook nie aan die vergadering beskikbaar gestel nie: daar kan dus nie oor geoordeel word nie.

AANBEVELINGS: BELYDENISGRONDSLAG (A.3.1 bl 74 pt 5.3) **– Ordemosie van QE Heine word goedgekeur dat die aanbevelings na die volgende Algemene Sinode verwys word:**
5.3 Op grond van die verskille soos uitgewys in punt 5.2.2 en die tydsbeperking soos uitgewys in punt 5.2.3 hierbo versoek die Appèlliggaam die Buitengewone Algemene Sinode om
5.3.1 as ’n saak van uiterste dringendheid ’n deeglike studie te maak oor die aard en rol van belydenisskrifte in die kerk, die aard en wese van kerkverband, en die wedersydse invloed wat die twee sake op mekaar het. Die begronding van die appèlle (Bylaes 1–3) en dié van die Sinode van Wes-Kaapland (Bylae 4), die Tydelike Taakspan Regte (Bylae 5), en die repliek van die Moderatuur van Algemene Sinode 2015 (Bylae 6) moet deel vorm van die besinning.
5.3.2 die besluit van die Algemene Sinode 2015 op te skort tot die volgende gewone Algemene Sinode die studie in behandeling geneem het.
5.3.3 die opdrag aan ’n taakspan wat saamgestel word uit ’n gelyke aantal verteenwoordigers van ATLAS en ATR, soos deur die betrokke taakspanne self aangewys, te gee. Die taakspan kan lede koöpteer.

AANBEVELINGS: ALGEMENE SINODE BESLUITNEMINGSPROSES (A.3.1 bl 74 pt 6.5) **– Ordemosie van QE Heine word goedgekeur dat die aanbevelings na die ATR verwys word met verslag aan die ASM:**
6.5 Die appèlliggaam stel dus voor dat die ATR die volgende gewysigde voorstel vir insluiting in die Reglement van Orde (Reglement 3) oorweeg:
6.5.1 Die sake soos genoem in Art 43 van die Kerkorde behoort tot die besluitnemingsbevoegdheid van die Algemene Sinode en die sinode het die reg om bindende besluite daaroor te neem.
6.5.2 Indien die Algemene Sinode egter rede het om te vermoed dat ’n besluit of standpunt moontlik tot groot verdeeldheid in die kerk kan lei, moet die sinode, vóór die finale besluitneming, die advies van mindere kerkvergaderinge inwin ten einde groter konsensus oor die betrokke sake in die NG Kerkverband as geheel te kry.
6.5.3 In finale instansie is dit egter die Sinode se eie oortuiging in die lig van die Skrif, die Gereformeerde Belydenisskrifte en die Kerkorde wat die deurslag moet gee.

AANBEVELINGS: KERKREGTELIKE EN REGSIMPLIKASIES (A.3.1 bl 75 pt 7.4) **– Ordemosie van QE Heine word goedgekeur dat die aanbevelings na die ATR verwys word met verslag aan die ASM:**
7.4 Die Appèlliggaam stel dus die onderstaande, vir insluiting in die Reglement van Orde, voor:
7.4.1 Indien ’n voorstel, aanbeveling of beskrywingspunt regs- en/of kerkregtelike implikasies het, word die voorstel / aanbeveling / beskrywingspunt na die ATR of TTR verwys vir advies en aanbevelings tov sodanige implikasies vóórdat ’n finale besluit geneem word.
7.4.2 Indien sodanige weloorwoë advies en aanbevelings nie ter vergadering gelewer kan word nie, staan die voorstel / aanbeveling / beskrywingspunt oor tot die volgende sitting van die Algemene Sinode om die ATR in staat te stel om die implikasies deeglik, indien nodig met regsadvies, te oorweeg met verslag aan die sinode.
7.4.3 Die oorspronklike voorstel / aanbeveling / beskrywingspunt word in die lig van die ATR of TTR se verslag en aanbevelings geamendeer (indien moontlik) voordat ’n finale besluit geneem word.

8. LOS VOORSTELLE

VOORSTEL: GESINNE (WA Pretorius/JF Marais) – **goedgekeur:**
Die Sinode versoek ATLAS om verder ondersoek te doen en konsultasie te hou oor wat ons verstaan van ’n Christelike huweliks- en familielewe. ATLAS moet ook die 2011 Algemene Sinodeverslag gebruik:
1 ’n Ondersoek na die Ou Testament en Nuwe Testament se voorbeelde van ’n huwelik.
2 Die bedoeling van ’n huwelik en familie.
3 Wat is die raakpunte en verskille tussen huwelik en burgerlike verbintenis.

VOORSTEL: DOSENTE EN TEOLOGIES-ETIESE STANDPUNTE (J Potgieter/MJN van der Merwe) **– die voorstel kan nie hanteer word nie as gevolg van die tydsbeperking en word verwys na die Algemene Kuratorium met verslag aan die ASM:**
1 Die Sinode erken die reg tot akademiese vryheid van dosente asook die reg om ’n eie teologies-etiese standpunt te huldig.

2 Die Sinode besluit dat die kerklike dosente van die drie fakulteite ook die leer van die NG Kerk ten opsigte van teologies-etiese sake moet doseer.
3 Die Sinode dra dit aan die drie kuratoria op om toe te sien dat dit gebeur.

VOORSTEL: KERKORDELIKE VOORSKRIFTE TOV VERGADERINGSPROSEDURES (HAH van den Heever/MP Sahd) **– nie hanteer nie as gevolg van tydsbeperkinge:**
Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ASM om:
1 Alle kerkordelike voorskrifte tov vergaderingsprosedures (KVV) te vereenvoudig en met mekaar in ooreenstemming te bring.
2 Sorg te dra dat KVV duidelik laat blyk dat die Algemene Sinode 'n vergadering is waar Christus deur Sy Woord en Gees mense lei.
3 Sorg te dra dat KVV nie die Algemene Sinode in vergadering ondergeskik maak aan permanente of tydelike taakspanne se besluite/voorstelle nie.
4 Sorg te dra dat KVV in diens staan van 'n gespreksmatige proses wat konsensus soek en soms kompromie maak en indien nodig ook stem.

9. LAATSTUKKE NIE HANTEER NIE

ALGEMENE TAAKSPAN REGTE: REGLEMENT 19 (A.5 (Laatstukke bl 41))
Die verslag van die ATR insake die wysiging van Reglement 19 is as gevolg van tydsbeperkinge nie hanteer nie.

VERSOEKSKRIF GOUDLAND: PLATTELANDSE EN KLEIN GEMEENTES (C.3.4 (Laatstukke bl 66))
Die versoekskrif is as gevolg van tydsbeperkinge nie hanteer nie.

VERSOEKSKRIF GOUDLAND: INSKAKELING VAN DIE NGKA BOKANG MODIMO STREEKSINODE AS RING BY DIE NG KERK SINODE GOUDLAND (C.3.5 (Laatstukke bl 67))
Die versoekskrif is as gevolg van tydsbeperkinge nie hanteer nie.

10. BEDANKINGS

Die assessor, ds Dirkie van der Spuy, doen die bedankings. Hy bedank in besonder die gemeente Pierre van Ryneveld vir hulle gasvryheid asook die ondersteuning wat aan die Sinode gegee is. Die ekumeniese gaste, spyseniers, kamera- en klankmanne, die notulespan word uitgelig. Ds Nelis Janse van Rensburg, prof Johan van der Merwe en dr Gustav Claassen word bedank vir die manier waarop hulle voorgegaan het.

11. AFSLUITING

As gevolg van die tydsbeperking sluit ds Dirkie van der Spuy af met 'n kort samevatting van sy beplande aanbieding. Dié aanbieding asook ander PowerPoint-aanbiedings sal later beskikbaar wees.

Hy lees Fil. 2:12–18.

Die vergadering vat hande vir die gebed en seën.

VERLOF
JH Windell, Hoëveld, 08:30–13:00; F Vermaak, KwaZulu-Natal, 08:30–13:00; LSG Claassens, Noord-Kaapland, 10:30–13:00; JL Snyman, Noord-Kaapland, 10:30–13:00; N Loots, Noord-Kaapland, 10:30–13:00; CHJ van Schalkwyk, Vrystaat, 08:30–13:00; JS Botha, Hoëveld, 10:30–13:00; M Sadie, KwaZulu-Natal, 10:30–13:00.

LAATSTUKKE

A.2.9 GRAVAMINA, BESWARE EN VOORLEGGINGS
Laatstuk

Die Algemene Sinode het tydens die Sinode van 2016 die gravamina, besware en voorleggings van kerkvergaderings en lidmate van die NG Kerk in ontvangs geneem. Baie van die besware was nie meer ontvanklik nie nadat kennis geneem is van die uitkoms van die Appélkommissie se bevindinge.

Daar was egter heelwat van die inhoudelike standpunte en gedeeltes van voorstelle wat steeds ontvanklik was.

1. VOORSTELLE WAT VERVAL HET

Die volgende voorstelle het verval op grond van die handhawing van die appélle teen die 2015-besluit oor selfdegeslagverhoudings.

01 Gravamen Kerkraad Burgersfort
Die Kerkraad beveel aan:
1. Dat alle besluite oor selfdegeslagverhoudings wat tydens die 2015-Sinodesitting geneem is, ter syde gestel word.

05 Gravamen Lidmate Tinus & Anita de Jager NG Kerk Burgersfort
In die lig van bg beveel ons aan:
Dat alle besluite, geneem tydens die Sinodesitting 2015 oor selfdegeslagverhoudings, nietig verklaar sal word.

24 Gravamen Kerkraad NG Kerk Witbank-Panorama
Die Kerkraad beveel aan:
1. Dat alle besluite oor selfdegeslagverhoudings wat tydens die 2015-Sinodesitting geneem is, ter syde gestel word.

53 Gravamen Lidmaat Almari Coetsee NG Kerk Lydenburg Moedergemeente
Aanbeveling: Ek stel dus voor dat alle besluite van die Algemene Sinode 2015 rakende “selfdegeslagverhoudings” herroep moet word.

54 Gravamen Lidmaat Rina Smith Lydenburg NG Kerk Moedergemeente
Daarom stel ek voor, met uiterste dringendheid, dat alle besluite van die Algemene Sinode 2015 rakende “selfdegeslagverhoudings” herroep moet word.

55 Gravamen Lidmate B&T Olivier NG Gemeente Burgersfort
Ons versoek dat die Sinode die volgende besluite neem:
Alle besluite rondom selfdegeslagverhoudings wat geneem is tydens die Sinodesitting in 2015 ter syde gestel word;
Dat die Sinode God se Woord sal eer en geen verdeeldheid in die liggaam van God sal veroorsaak nie (1 Korintiërs 12:25: “sodat daar nie verdeeldheid in die liggaam sou wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar dra”; Jakobus 4:17: “As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy doen dit nie, is dit sonde”).

60 Gravamen Pieter Botha Lydenburg NG Kerk Moedergemeente
Aanbeveling: Daarom stel ek voor dat alle besluite van die Algemene Sinode 2015 rakende “selfdegeslagverhoudings” spoedig herroep moet word.

67 Beswaarskrif Leraar (Emeritus) JS Zaayman Worcester-Brandwag
Ek onderskryf die besluit wat die Algemene Sinode van 2013 oor selfdegeslagverbintenisse geneem het ten volle en doen ’n beroep dat daarheen teruggekeer word.

68 Beskrywingspunt Kerkraad NG Kerk Sekunda-Oos
Die kerkraad van die NG Kerk Secunda-Oos stel voor:
Dat die jongste besluit oor selfdegeslagverbintenisse van die Algemene Sinode in revisie geneem word;
Dat die Sinode besluit om te volstaan by die vorige Algemene Sinode besluit aangaande selfdegeslagverbintenisse (2011).

72 Standpunt Kerkraad NG Kerk Bergville
Hierdie Kerkraad versoek u dus om die besluite wat geneem is aangaande homoseksuele en lesbiese predikante te herroep en alle predikante op te roep oor wedergeboorte en bekering.

100 Beswaarskrif Lidmaat Schalk Strauss NG Kerk Philippolis
My voorstel rondom hierdie saak is dat is dat die hele NG Kerk sal terugkeer na die status quo soos wat dit was voor die Algemene Sinode van 2015 en dat daar uit een mond gepraat sal word volgens die Woord van God.

109 Witbank-Suid en 110 Ring van Witbank (gelykluidend)
Aanbeveling: Die Ring van Witbank beveel aan dat alle besluite van die Algemene Sinode 2015 rakende selfdegeslagverhoudings ter syde gestel word.

117 Gravamen lidmaat Freda de Jager NG Kerk Burgersfort
Die besluit oor selfdegeslagverhoudings bring diep berou in my hart. Ek beveel aan dat die besluit oor selfdegeslagverhoudings nietig verklaar word.

121 Beswaarskrif Boksburgpark
Die Kerkraad van die NG Kerk Boksburgpark versoek die Algemene Sinode:
Om sy besluite ivm selfdegeslagverhoudings van Okt 2015 te herroep.

122 Beswaarskrif Kerkraad NG Kerk Victoria-Wes
Ons versoek dus die vergadering van die Algemene Sinode om sy besluit van 2015 te herroep en roep alle afgevaardigdes op om hulle stem dienooreenkomstig uit te bring.

123 Beswaarskrif Kerkraad NG Gemeente Springs-Oos
1. Die Algemene Sinode kon nie ’n besluit neem wat in stryd is met die Woord van God nie en daarom stel die Kerkraad van die NG Gemeente Springs-Oos voor dat die besluit van 9 Oktober 2015 herroep en geskrap word.
2. Die NG Gemeente Springs-Oos stel voor dat die Algemene Sinode die besluite oor die huwelik en homoseksualiteit van 2004, 2007 en 2013 bevestig en daarmee die status quo volgens die vorige besluite van die Algemene Sinode handhaaf.

128 Gravamen Lidmaat Anna-Marie de Kock NG Gemeente Burgersfort
Ek stel voor dat alle besluite van die Algemene Sinode 2015 rakende selfdegeslagverhoudings ter syde gestel word.
Ek stel ook voor dat die NG Kerk die tema van selfdegeslagverhoudings nou staak en fokus op die prioriteit en verantwoordelikheid van die kerk soos God dit aan ons opgedra het.

47 Beswaarskrif JH Ernst
Die beswaar is dat daar met die besluite oor selfdegeslagverhoudings gehandel word asof die besluite op die voorgeskrewe kerkordelike wyse tot stand gekom het en daarom ’n regsgeldige besluit is. Dit is beswaarde se submissie dat dit nie die geval is nie, dat die besluite daarom ongeldig en nietig is.

3.5 Die Algemene Sinode het geen ander keuse as om die besluit in geheel nietig te verklaar nie, anders kan die burgerlike hof gevra word om dit op grond van proseduriële nalatigheid of die nie-nakoming van eie reëls en prosedures te doen (JH Ernst, 1.4.74, bl 55).

3.6 Weens die voortdurende male fide-optrede van dr Gaum en ander en die medewerking van lede van die moderamens en algemene sinodes, sal die versoek wat die Moderamen van Wes- en Suid-Kaapland voor die 2013 Algemene Sinode, die hantering daarvan deur die Moderamen en eerste Taakspan, asook die besluit van die 2013 Algemene Sinode en die kwaadwillige uitvoering daarvan deur sekere individue en groeperings, in besonder die tweede Taakspan en die Tydelike Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake van die Algemene Sinode met wie onregmatig saamgespan is, ook tot niet gemaak moet word (JH Ernst, 1.4.74, bl 57).

56 Gravamen Hannes Schultz en Riaan van Zyl
1. Die Algemene Sinode herroep die besluite wat bots met die Kerkorde.
2. Die Algemene Sinode herroep voorts die Oktober 2015 besluit omdat hierdie besluit alle huidige homoseksueel-georiënteerde lidmate (ooreenkomstig die 2007 en 2012 se beleid as voorbeeld) van die sakrament van die doop ontneem, omdat die Oktober 2015 besluit nou ’n nuwe doopformulier vir selfdegeslagverhouding-lidmate (as alternatief tot die huwelik) noodsaak.
3. Die Algemene Sinode verbind die NG Kerk opnuut tot haar konstitusie soos ooreengekom met die parlement.

77 Standpunt Kerkraad NG Kerk Marquard
Die kerkraad versoek die Sinode van die Vrystaat om weer te besin oor die besluit van die Algemene Sinode 2015 rakende selfdegeslagverhoudings.

101 Schalk Strauss
Daarom rig ons hierdie beswaarskrif aan die Sinode en vra dat huidige besluit rondom die Belydenis van Belhar herroep sal word en uitvoering gegee sal word aan die besluit volgens die stemming oor hierdie saak volgens Artikel 44 van die Kerkorde.

113 Gravamen NG Kerk Charl Cilliers
Gravamen
Die optrede van die Algemene Sinode in die bogenoemde besluite is in stryd met die bepalings van Artikel 44 van die Kerkorde (2013) en die toepaslike regsbeginsels in die Suid-Afrikaanse reg. Die bepalings van Artikel 44, 'n duidelike verskansingsklousule, neem voorkeur bo enige ander artikel in die Kerkorde waar dit in stryd is met Artikel 44 1 en 2. Al die bogenoemde besluite het die effek dat Artikel 1 gewysig kan word sonder nakoming van Artikel 44 en moet dus as ongeldig verklaar word.
Proses en prosedure:
Die gemeente versoek verder die Algemene Sinode en/of die Appèlkommissie om duidelik die nakoming van alle proses en/of prosedure voorskrifte te ondersoek om veral die voldoening aan die tweederdemeerderheid-bepaling soos vereis deur Artikel 44 en 45 aan voldoen is.

121 Beswaarskrif Boksburgpark
Die Kerkraad van die NG Kerk Boksburgpark versoek die Algemene Sinode:
*Om sy besluite wat dit moontlik maak vir streeksinodes om hul Belydenisgrondslag/ Belydenisskrifte eensydig aan te vul/ verruim te herroep;
*Om af te stap van die onderwerp van die Belydenis van Belhar. Die uitslag van die afgelope stemming oor Art 1 van die Kerkorde deur gemeentes en sinodes maak dit duidelik dat hierdie onderwerp tans verdelend en nie ter stigting van die NG Kerk is nie. Aangesien daar 'n uitspraak in die Hoogste Hof van Appèl is dat slegs kerke wat dieselfde Belydenisskrifte het en dit op dieselfde manier vertolk, verband kan vorm, versoek ons die Algemene Sinode...

36 Beskrywingspunt Jong proponente en predikante
Voorstel: Dat die Algemene Sinode van 2015 se besluit oor selfdegeslagverhoudings gehandhaaf en sonder enige verdere oponthoud geïmplementeer word.

37 Beskrywingspunt Voornemende Predikante van US Teologie Fakulteit
Voorstel: Dat die Algemene Sinode van 2015 se besluit oor selfdegeslagverhoudings gehandhaaf en onmiddellik geïmplementeer word.

119 Voorlegging André Bartlett
Ek sou graag 'n dringende beroep op die buitengewone Algemene Sinode wou doen om die besluite van die Algemene Sinode te handhaaf en om moeite te doen om die inklusiewe aard van hierdie besluite duidelik aan lidmate te kommunikeer.

137 Voorlegging Egpare in burgerlike verbintenisse
Ons aanvaar dat hierdie besluit van die Algemene Sinode nou geldig is en dat die erkenning van ons burgerlike verbintenisse dus van krag is. Ons beskou hierdie erkenning deur die Kerk enersyds as 'n voorreg waaroor ons baie dankbaar is, maar andersyds as 'n kosbare reg wat ons met groot jaloersheid sal beskerm.
Ons doen 'n ernstige beroep op die Algemene Sinode om enige poging om hierdie reg van ons af weg te neem met groot beslistheid teë te staan en om op dié manier te verseker dat ons Godgegewe menswaardigheid nie weer geskend word nie.

10 Beskrywingspunt Kerkraad NG Kerk Hoopstad
Die Kerkraad van die Gemeente Hoopstad distansieer haarself van die Algemene Sinode se besluit van 2015 oor selfdegeslagverhoudings en versoek die Buitengewone Algemene Sinode om in November 2016 spesifiek punte 2.4 en 2.5 (erkenning van burgerlike verbintenisse) van die besluit van 2015 te herroep (Ons verwys na die Notule van die 16de vergadering van die Algemene Sinode, bladsy 32, Voorstel Twee, punt 2.4 en 2.5).

104 Aanbeveling Kerkraad van Witbank-Vallei NG Gemeente
Die Kerkraad van Witbank-Vallei NG Gemeente stel voor dat punte 2, 4 (erkenning van burgerlike verbintenisse) en 5 van die Algemene Sinode van 2015 se besluit oor selfdegeslagverhoudinge ter syde gestel word. Ook dat punt 7 van die Algemene Sinode van 2007 se besluit gehandhaaf word.

71 Voorlegging JD Kirkpatrick
Dekbrief by die voorlegging:
Aangeheg 'n stuk oor SGV en Skrifgebruik in die NG Kerk. As ek reg onthou het ons by die ASM besluit dat voorleggings aan die buitengewone sitting van die Algemene Sinode gemaak kan word. Ek meen die noue verband tussen SGV en Skrifgebruik is 'n noodsaaklike onderdeel van ons gesprek. As dit ontvanklik is en nie

voorbarig oorkom nie, wil ek aangehegte stuk indien as gespreksdokument. Dit is nie neutraal nie en bepleit die behoud van die 2015 besluit rakende SGV.

138 Versoek FM (Frits) GAUM en HJ (Henda) GAUM
1. Dat die Algemene Sinode sy volledige besluit van 2015 oor selfdegeslagverbintenisse handhaaf.
2. Dat die Algemene Sinode sy teleurstelling uitspreek dat so lank nagelaat is om bg besluit uit te voer.
3. Dat die Algemene Sinode sy opregte verskoning aanbied aan alle gay-lidmate en hulle families wat deur bg versuim op enige wyse benadeel is.

Oostelike Sinode
5.1 Die Oostelike Sinode stuur die onderstaande besluite aan die Buitengewone sitting van die Algemene Sinode deur met die bewustheid dat daar nie in die Sinode eenstemmigheid hieroor is nie. In ons familie is daar ook ander standpunte en die Sinode wil duidelik ons waardes van eenheid te midde van diversiteit onderstreep.

5.2 Die Sinode bevestig die uitgangspunte, verklarings en besluite van 2003 en 2005 rakende homoseksualiteit en stuur dit na die Algemene Sinode.

2. VOORSTELLE WAT NIE DEUR DIE ALGEMENE SINODE VAN 2016 HANTEER KON WORD NIE OMDAT DIE SAAK WAT TER BERDE GEBRING WORD NIE OP DIE ALGEMENE SINODE SE AGENDA WAS NIE.

Hierdie sake word verwys na die volgende Algemene Sinode.

121 Beswaarskrif Boksburgpark
*Om, sonder om die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika noodwendig uit te sluit van eenheidsgesprekke, sy energie ivm kerkhereniging eerder vir eers te rig om homself te beywer vir eenheid met kerke wat alreeds dieselfde Belydenisskrifte het as ons, bv NG Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa en moontlik selfs kerke soos die Dutch Reformed Church in Botswana, Reformed Church in Zimbabwe, Reformed Church in Zambia wat tot stand gekom het agv die sendingarbeid van die NG Kerk;
*Ons besef dat die Algemene Sinode 'n liggaam is wat regtens ophou bestaan met die uiteengaan van die vergadering en dat die Algemene Sinode regtens eers by sy volgende gewone vergadering aan ons beswaarskrif aandag hoef te gee. Maar, aangesien die Algemene Sinode in die resestyd wel sekere bevoegdhede aan gevolmagtigde kommissies opdra, voel ons dat dit is billik om te vra dat die Algemene Sinode of sy gevolgmagtigde kommissie(s) op hierdie dokument spoedig sou kon reageer; ons Kerkraad se volgende sitting is einde Februarie 2016 waar ons graag 'n respons van die Algemene Sinode sou wou oorweeg om daarvandaan ons verdere opsies te oorweeg.

90 Beswaarskrif Lidmaat JA Griesel NG Kerk
Dit word aanbeveel dat die NG Kerk Algemene Sinode:
*Ernstig besin wat sy Belydenisskrifte werklik beteken en bevestig wat die kerk onderskryf en sal handhaaf; en
*Daarvolgens riglyne en leiding sal verskaf oor die uitleg en verkondiging van die Bybel en evangelie en dissipline en leierskap daaroor sal inneem en handhaaf
*Die teologiese fakulteite wat vir die opleiding van NG Kerk predikante se opleiding gebruik word sal evalueer in ooreenstemming met wat die kerk se verwagting is vir gereformeerde opleiding – in ooreenstemming met die NG Kerk leer hierbo aangedui en herformuleer wat die sillabusse behoort in te sluit en toe te sien dat dit uitgevoer word. Indien dit nie moontlik is nie oorweging aan die vestiging van 'n/ of kweekskole sal skenk
*Standpunt sal inneem in ooreenstemming met gereformeerde skrifgefundeerde beginsels en leerstellings met betrekking tot SGV, dit te bevestig en te handhaaf
* Die sambreel van geloofsbeskouinge sal vernou tot wat die Skrif daaroor fundamenteel uitsluitsel gee en nie verder amptelik ruimte maak vir diverse en afwykende sienings oor die skrif nie -wat die evangelie afbreek en ondermyn nie en kerkeenheid toenemend bemoeilik

89 Beswaarskrif Mannegroep NG Kerk Citrusdal
Die besluit van die Algemene Sinode van 2015 rakende selfdegeslagverbintenisse het ons beslis weer laat dink aan die belangrikheid en **"gesondheid" van huwelike** in ons gemeente en ook in die NG Kerk. Ons voorstel is dat daar erns gemaak moet word om die huwelik as heilige instelling van God weer te erken en dat daar spesifiek aandag gegee moet word aan gesonde huwelike en familiewees.

3. VOORSTELLE WAT DEUR DIE BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE 2016 AANGESPREEK EN DUS AFGEHANDEL IS: KYK DIE HANDELINGE VAN DIE ALGEMENE SINODE

3.1 SKRIF EN BELYDENIS

01 Gravamen Kerkraad Burgersfort
3. Dat die Algemene Sinode herbevestig dat die Woord van God bo alle ander 'Algemene Openbarings' prioriteit neem en dat die NG Kerk as kerk van die Reformasie sal staan by die belydenis Sola Scriptura – slegs die Woord.

03 Beswaarskrif Kerkraad NG Kerk Fouriesburg
In ooreenstemming met Kerkorde "REGLEMENT 19: REGLEMENT VIR APPÈL EN BESWAAR, item 1.1.3: Gravamen word gebruik om op die Algemene Sinode 'n ernstige beroep te maak om 'n beslissing in sake die leer van die Kerk."
Die kerkraad is oortuig dat die vorige Algemene Sinode 'n besluit téénoor die Bybelse leer geneem het en daarom versoek ons die Algemene Sinode dringend om by die komende spesiale sitting in diepte te praat oor die NG Kerk se interpretasie van die Bybel rondom spesifiek die sake van homoseksualiteit en daaruit voortspruitende selfdegeslagverhoudinge.

24 Gravamen Kerkraad NG Kerk Witbank-Panorama
Die Kerkraad beveel aan:
3. Dat die Algemene Sinode herbevestig dat die Woord van God bo alle ander "Algemene Openbarings" prioriteit neem en dat die NG Kerk as kerk van die Reformasie sal staan by die belydenis, Sola Scriptura – slegs die Woord.

05 Gravamen Lidmate Tinus & Anita de Jager NG Kerk Burgersfort
Dat die Woord van God as die hoogste gesag beskou sal word en dit nie verdraai sal word nie.

28 Beswaarskrif Lidmaat J J (Kobus) Smit NG Kerk Parowvallei-Oos
Protokol wil dit hê dat enige beswaar met 'n voorstel moet kom om die probleem op te los. In hierdie geval lê die oplossing in die waarheid soos uitgespel in Genesis 1:27–28. Die Bybel waarsku juis teen dwaling.

56 Gravamen Hannes Schultz en Riaan van Zyl
4. Die Sinode versoek lidmate om erns te maak met ons tweeduisend jaar tradisie (Johannes 17 vers 20) en herinner lidmate om weer ruimte te maak vir die prominente rol wat die Bybel in 'n gelowige en die kerk se lewe speel.

121 Beswaarskrif NG Kerk Boksburgpark
Die Kerkraad van die NG Kerk Boksburgpark versoek die Algemene Sinode:
*Om ernstig te besin oor óf die NG Kerk nog haarself inderdaad as 'n Gereformeerde Belydeniskerk kan of wíl beskou in haar Skrifbeskouing en -gebruik;
*Om ernstig te besin oor óf ons in die NG Kerk nie inderdaad alreeds 'n punt bereik het nie waar ons ons Belydenisskrifte alreeds só verskillend vertolk dat ons breër en plaaslike kerkverband alreeds in die gedrang is – en of dit moontlik is vir die Algemene Sinode om in te sien of begrip te hê waarom sommige sinodes, kerkrade en gemeentes die indruk sou kon hê dat ons kerkverband regtens alreeds verbreek is agv sommige besluite oor leer en lewe wat daarop neerkom dat daar nie meer eenheid is in die dinge wat veronderstel is om die grond van ons kerkverband te wees nie, bv dat ons ons Belydenisskrifte dieselfde vertolk, dat ons dieselfde glo oor die Skrif en die Persoon en Verlossingswerk van Jesus Christus.

3.2 HOMOSEKSUALITEIT

46 Beswaarskrif Kerkraad NG Kerk Eendracht
Aanbeveling: Volgens die Skrif is 'n monogame huwelik, tussen één man en één vrou, die enigste Christelike verbintenis waarbinne seksualiteit uitgeleef en beoefen kan word, volgens die wil en bedoeling van God

01 Gravamen Kerkraad Burgersfort
Die Kerkraad beveel aan:
3. Dat die Algemene Sinode herbevestig dat die Woord van God bo alle ander 'Algemene Openbarings' prioriteit neem en dat die NG Kerk as kerk van die Reformasie sal staan by die belydenis Sola Scriptura – slegs die Woord.

11 Beskrywingspunt Ring van Estoire

Beskrywingspunt van die Ring van Estoire aan die buitengewone vergadering van die Algemene Sinode van die NG Kerk in sitting op 7–10 Nov 2016:
1. Die Algemene Sinode vereenselwig hom met die besluite van die Algemene Sinodes (2004, 2007 en 2013) dat die huwelik slegs tussen een man en een vrou kan bestaan. Die Sinode bevestig dat homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.
2. Die Sinode bevestig ook dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.
3. Die Sinode bevestig dat alle ongetroude mense wat selibaat lewe, ongeag hulle seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.

23 Gravamen Chris van Wyk.
6.1 AANBEVELING:
6.1.2 Die buitengewone Algemene Sinode van die NG Kerk 2016 aanvaar die onderstaande standpunt (6.2.1–6.2.7) oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Gereformeerde tradisie en die Skrif as in ooreenstemming met Artikel 1 van die Kerkorde van die NG Kerk.
6.1.3 Hierdie besluit in 6.1.1 en hierdie standpunt in 6.1.2 – soos hieronder verwoord in 6.2.1–6.2.7 – herroep enige vorige besluit en standpunt van die NG Kerk oor die status van selfdegeslagverhoudings.
Persone wat 'n selfdegeslag aangetrokkenheid en/of oriëntasie beleef, mag volledig tot die besondere ampte toegelaat word op voorwaarde dat hulle 'n selibate lewenstyl beoefen.

Voorstelle in die verslag, gebaseer op meer algemene inhoude van die dokumente:
3.1 Ons aanvaar die liefde van Christus as die wesenlike grondhouding waarop alle verhoudinge binne en buite die geloofsgemeenskap gebaseer moet word (HK vr 32). In Christus word alle gelowiges verlos om deel van die geloofsgemeenskap te wees, en deur die Gees met die volheid van God vervul. Alle gelowiges se identiteit word daarom bepaal deur hulle geloof in Christus, nie deur enige ander eienskap nie, ook nie hulle seksualiteit nie (Hand. 11:26; 1 Kor. 6:15; 1 Joh. 2:27; Hand. 2:17; Matt. 10:32; Rom. 10:10; Rom. I2:1; 1 Pet. 2:5, 9; Openb. 1:6; 5:8, 10; 1 Pet. 2:11; Rom. 6:12, 13; Gal. 5:16, 17; Ef. 6:11; 1 Tim. 1:18, 19; 2 Tim. 2:12; Matt. 25:34).
3.2 Alle mense, ongeag hulle seksuele aangetrokkenheid en/of oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en behoort op grond van hulle doop en geloof as volwaardige lidmate van die kerk van Christus aanvaar te word. Onder volwaardige lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.

98 Beswaarskrif ds Carel Smith NG Kerk Suider-Strand
Revisie: Dus op grond van bogenoemde vier punte van beswaar vra ons dat revisie geneem word van al bogenoemde sinodebesluite en dat die volgende vier voorstelle in die plek daarvan oorweeg sal word, naamlik:
*Dat 'n homoseksuele leefstyl deur die NG Kerk as sonde beskou en hanteer sal word,
*dat die huwelik in ere herstel sal word as die enigste legitieme ruimte waarbinne geslagtelike omgang mag geskied en wel slegs tussen een man en een vrou en dat geen homoseksuele verhoudings en verbintenisse die kerk se goedkeuring wegdra nie,
*dat die kerk sy profetiese roeping vervul deur die humanistiese aard van die gayregte-beweging uit te wys en nie die kerklike lewe daarvolgens kompromitteer nie,
*dat die kerk sy bediening aan homoseksuele persone opskerp deur hulle in liefde te ontvang en saamwerk met bestaande bedieninge wat homoseksuele persone help om vry te kom van 'n homoseksuele leefstyl.

Oostelike Sinode
5.1 Die Oostelike Sinode stuur die onderstaande besluite aan die buitengewone sitting van die Algemene Sinode deur met die bewustheid dat daar nie in die Sinode eenstemmigheid hieroor is nie. In ons familie is daar ook ander standpunte en die Sinode wil duidelik ons waardes van eenheid te midde van diversiteit onderstreep.
5.4 Die Sinode bevestig dat "slegs die verbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou word" (Algemene Sinode 2015) en dat "dat seksuele gemeenskap buite so 'n vaste, formele verbintenis/verhouding nie aan Christelike riglyne voldoen nie" (Algemene Sinode 2013).
Die Sinode het besluit om die "verbintenis/verhouding" duideliker omskryf as 'n huweliksverbintenis, soos in die volledige 2013 besluit verwoord: "Die Algemene Sinode oordeel dat, in die lig van bostaande, gelowiges met reg die huwelik 'n gawe van God noem en dat seksuele gemeenskap buite so 'n vaste, formele verbintenis/verhouding nie aan Christelike riglyne voldoen nie."
5.5 Die Sinode versoek dat daar herbesin moet word oor seks binne en buite die huwelik. Daar blyk 'n dubbele standaard geskep te word tussen homo- en heteroseksuele predikante. Indien 'n burgerlike verbintenis nie 'n huwelik is nie (soos die 2015 besluit dit stel), val seks binne so 'n verbintenis of selfdegeslagverhouding buite die aanvaarbare grense wat die Sinode self gestel het op grond van Bybelse riglyne.

3.3 BESLUITNEMINGSPROSESSE

01 Gravamen Kerkraad Burgersfort
5. Dat daar nie weer in die toekoms besluite geneem word wat die leer van die kerk raak alvorens daar met al die streeksinodes na behore gekonsulteer is nie.

05 Gravamen Lidmate Tinus & Anita de Jager NG Kerk Burgersfort
Alle lidmate in die toekoms kan stem alvorens rigtinggewende besluite geneem sal word (soos met die Belharbelydenis).

45 Beswaarskrif leraar dr SJ Louw NG Kerk Eendracht
Aanbevelings:
3. Dat leerstellige sake en "beleidskwessies" eers op streeksinodes bespreek word en aanbevelings gemaak word, waarna die Algemene Sinode dit dan in behandeling neem.

59 Gravamen Gert Viljoen Moedergemeente Lydenburg
Aanbeveling
Aangesien die saak nou meer as 20 jaar sloer en ander gemeenskappe en kerke die spot met ons dryf en gemeentelede van die NG Kerk nie meer vertroue het in die sinode nie, stel ek die volgende voor:
1. Ons hou 'n referendum in die NG Kerk "vir of teen selfdegeslagverhoudings"
2. Die groep wat sê selfdegeslagverhoudings is sonde bly bestaan as NG Kerk. Die ander wat sê dis nie sonde nie stig hul eie kerk weg van die NG Kerk.

65 Beswaarskrif Presbytery of Central Africa
We recommend and urge General Synod to consult widely in the church and ecumenical world before a final decision is made and implemented.

76 KZN Sinode Moderamen
Op die afgelope Moderamenvergadering van KZN het die Moderamen die volgende besluit geneem
1. Die Moderamen besluit op 28 Oktober 2015:
In die lig van die negatiewe reaksie in KZN op die besluit van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverhoudinge, oordeel die Moderamen van die Sinode van KZN dat dit in belang van die NG Kerk is dat die besluit van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverhoudinge nie nou geïmplementeer word alvorens Streeksinodes dit nie bespreek het en die besluit bevestig nie. Die ASR en die Moderamen van die Algemene Sinode word gevra om dit te oorweeg.

Oostelike Sinode
5.8 Die Algemene Sinode word versoek om beleidsbesluite oor pastorale kwessies in die hande van gemeentes te los en nie beleidsbesluite hieroor te neem sonder konsultasie nie.
5.9 Die Algemene Sinode word versoek om riglyne in verband met die pastorale versorging van homoseksuele lidmate daar te stel sodat hierdie lidmate nie marginalisering, verwerping of veroordeling sal beleef nie.

3.4 AFSTAP VAN DIE ONDERWERP

01 Gravamen Kerkraad Burgersfort
Die Kerkraad beveel aan:
4. Dat die NG Kerk afstap van die tema van selfdegeslagverhoudings en fokus op die prioriteite van die Kerk soos wat God dit aan die kerk opgedra het.

Oostelike Sinode
5.10 Die Sinode versoek dat die gesprek oor die besluite van 2007 en 2013 sal voortgaan en nie uitgerangeer sal word nie.

3.5 FREKWENSIE EN SAMESTELLING VAN DIE ALGEMENE SINODE

14 Kerkraad NG Kerk Greylingstad
As Kerkraad van die NG Kerk Greylingstad vereenselwig ons ons met die besluit van die Ring van Heidelberg wat geneem is op 'n Buitengewone Ringsitting van die Ring van Heidelberg op 11 November 2015. Die Ring van Heidelberg het die volgende besluit:
Die Ring van Heidelberg versoek die Algemene Sinode en die Hoëveld-streeksinode om indringend te kyk na die afvaardiging na die Algemene Sinode om 'n groter verteenwoordiging daar te stel.

94 Ring van Heidelberg

Die Ring van Heidelberg versoek die Algemene Sinode en die Hoëveld-streeksinode om indringend te kyk na die afvaardiging na die Algemene Sinode om ’n groter verteenwoordiging daar te stel.

21 Beswaarskrif Kerkraad NG Kerk Bethal-Oos
Die Kerkraad versoek die Algemene Sinode om die samestelling van die Sinode getallegewys meer verteenwoordigend tov die kerk in breë verband te organiseer.

45 Beswaarskrif leraar dr SJ Louw NG Kerk Eendracht
Aanbevelings:
1. Dat die samestelling van die Algemene Sinode vergroot word na minstens 400 lede
2. Dat die NG Kerk die moontlikheid ondersoek om minstens elke dekade (10 jaar) ’n Generale Sinode te hou waar alle gemeentes verteenwoordig is en die plaaslike gemeente self die onkostes van sy afgevaardigdes dra.

Oostelike Sinode
5.11 Die Sinode besluit dat die Sinodale Diensraad die rol van die Algemene Sinode as kerkverband as ’n saak van prioriteit moet aanspreek. Alternatiewe modelle van kerkverband wat waarde toevoeg tot gemeentes en waarmee lidmate kan identifiseer, moet ondersoek word.
5.12 In die lig van die probleme rondom die 2015-besluit oor selfdegeslagverhoudings wil ons voorstel dat die Algemene Sinode sy samestelling prinsipieel sal hersien.
5.13 Afgevaardigdes na die Algemene Sinode moet hulle mandaat van hul Sinodes na die Algemene Sinode neem en dan besluite onder leiding van die Heilige Gees en in konsensus neem.
5.14 Ons verseker die Buitengewone Algemene Sinode van ons getroue voorbidding.

3.5 PREDIKANTSBEVOEGDHEID

11 Beskrywingspunt Ring van Estoire
Beskrywingspunt van die Ring van Estoire aan die buitengewone vergadering van die Algemene Sinode van die NG Kerk in sitting op 7–10 Nov 2016:
Die verlening van predikantsbevoegdheid is ’n funksie van die Algemene Sinode. Die Sinode bevestig dat homoseksuele gelegitimeerdes wat ’n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.

Oostelike Sinode
5.6 Die Sinode bevestig die oortuiging dat die Bybel hoër morele eise aan leiers stel (Jakobus 3:1) en soos wat dit neerslag vind in die Kerkorde. Daarom kan geen persoon wat in ’n saamwoon-verhouding of ’n "ander formele verbintenis / verhouding" (bv ’n burgerlike verbintenis) staan, as leraar dien of tot die bediening toegelaat word nie. Dieselfde seksueel-etiese vereistes wat aan ongetroude heteroseksuele predikante gestel word, word ook aan homoseksuele predikante gestel.
5.7 Kerkrade besluit self oor die vereistes waaraan ander leiers in die gemeente moet voldoen en vervat dit in ’n beleidsdokument.

4. VOORSTELLE UIT DIE GRAVAMINA, BESWAARSKRIFTE EN VOORLEGGINGS WAAROOR DIE ALGEMENE SINODE NOG MOET BESLUIT

VERSKONINGS

24 Gravamen Kerkraad NG Kerk Witbank-Panorama
Die Kerkraad beveel aan:
2. Dat die Algemene Sinode van die NG Kerk al haar lidmate om verskoning vra oor die feit dat die sinodegangers geswig het onder die druk om wat God as sonde beskou, goed te praat.

01 Gravamen Kerkraad Burgersfort
Die Kerkraad beveel aan:
2. Dat die Algemene Sinode van die NG Kerk al haar lidmate om verskoning vra oor die feit dat die sinodegangers geswig het onder die druk om wat God as sonde beskou, goed te praat.

5. SAKE WAT IN DIE GRAVAMINA TER SPRAKE KOM WAT NIE MET VOORSTELLE GEPAARDGEGAAN HET NIE.

Die sake in die gravamina wat ontvanklik was wat nie met voorstelle gepaardgegaan het nie, word aangespreek deur die onderhawige besluite van die Algemene Sinode (kyk die Handelinge van die Algemene Sinode 2016).

6. AANBEVELINGS

6.1 Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Taakspan Regte op om met die hulp van die Algemene Sekretaris al die persone wat gravamina, besware en voorleggings by die sinode ingedien het, skriftelik te wys op die toepaslike reaksie van die Sinode.

Die volgende gravamina is ontvang waarop toepaslike reaksie na aanleiding van die sinode se besluite gegee moet word skriftelik gegee moet word:

01 - Gravamen Burgersfort Kerkraad
05 - Gravamen Tinus & Anita de Jager NG Kerk Burgersfort
06 - Gravamen NG Kerk Piet Plessis Kerkraad
23 - Gravamen Chris van Wyk
24 - Gravamen NG Kerk Witbank-Panorama Kerkraad
34 - Gravamen Prof Johan Janse van Rensburg
53 - Gravamen Almari Coetsee NG Kerk Lydenburg Moedergemeente
54 - Gravamen Rina Smith Lydenburg NG Kerk Moedergemeente
55 - Gravamen Bernie en Tharina Olivier NG Gemeente Burgersfort
56 - Gravamen Hannes Schultz en Riaan van Zyl
57 - Gravamen NG Kerk Riversdal Kerkraad
59 - Gravamen Gert Viljoen Moedergemeente Lydenburg
60 - Gravamen Pieter Botha Lydenburg NG Kerk Moedergemeente
61 - Griefskrif AP Oberholzer
83 - Gravamen NG Kerk Dundee Kerkraad
105 - Gravamen Kerkraad Witbank-Vallei
109 - Gravamen NG Kerk Witbank-Suid,
110 - Gravamen Ring van Witbank
111 - Gravamen Hannes de Klerk
113 - Gravamen NG Kerk Charl Cilliers
116 - Gravamen NG Kerk Stilbaai
117 - Gravamen Freda de Jager lidmaat NG Kerk Burgersfort
126 - Gravamen HWJ Smit lidmaat NG gemeente Helderberg Wes Kaap
128 – Gravamen Anna-Marie de Kock lidmaat NG Gemeente Burgersfort

Dws 23 Gravamina en 1 Griefskrif.

6.2 In gevalle waar daar sake voorkom wat nie deur die Algemene Sinode van 2016 hanteer is nie, word die sake verwys na die volgende Algemene Sinode vir afhandeling. Die indieners van die betrokke sake word dienooreenkomstig ingelig.

A.5 ALGEMENE TAAKSPAN REGTE: REGLEMENT 19

1. HERSIENING: REGLEMENT 19

1.1 Die ASM het die volgende opdrag gegee:

Die ASM besluit dat:
1. 'n buitengewone sitting van die Algemene Sinode gehou word:
1.1 7–10 November 2016
1.2 Pretoria
2. met die oog op die beplanning en ontwerp tree die Moderatuur en ds Francois Retief op as Ontwerpspan.
3. die agenda voorsiening maak vir die volgende:
3.1 die 2015 SVG-besluit,
3.2 die verslag van die Appèlliggaam:
3.2.1 appèlle rakende die uitbreiding van die belydenisgrondslag (Art35)
3.2.2 appèlle: selfdegeslagverhoudinge;
3.3 die verslag van die Tydelike Taakspan vir Gravamina en Beswaarskrifte;
3.4 die verslag van die ATR in sake Reglement 19;
3.5 die verslag oor die Algemene Sinode rakende:
3.5.1 grootte
3.5.2 frekwensie

1.2 AANBEVELING: REGLEMENT 19
Die Algemene Sinode neem kennis dat Reglement 19 tans in hersiening is vir voorlegging aan die volgende Algemene Sinode.

Voorsitter: prof JM van der Merwe
Skriba: ds HM Janse van Rensburg

C.1.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE ALGEMENE TAAKSPAN REGTE

1. VRYWARING (A.1 bl 10 pt 11)

AANBEVELING:
1.1 Die Algemene Sinode verklaar dat die uitsprake, standpunte en menings soos vervat in die Agenda, Bylaes en Laatstukke persoonlike standpunte is en nie die standpunt van die Algemene Sinode verteenwoordig nie.

2. KONSTITUERING: BEREKENING VAN DIE PROPORSIONELE KOMPONENT VAN SINODES SE AFVAARDIGING (A.1 bl 9 pt 7.1)

AANBEVELING:
2.1 Die Algemene Sinode neem kennis daarvan dat daar nie 'n gelyke aantal leraars en ouderlinge/diakens afgevaardig is nie vanweë omstandighede (vgl Artikel 38.1).
2.2 Die Algemene Sinode neem verder kennis daarvan dat daar geen benadeling vir enige party is nie (die voorsitter toets die vergadering daaroor).
2.3 In die lig hiervan aanvaar die vergadering die nie-nakoming en sit die vergadering voort asof aan die Artikel voldoen is.

3. APPÈLLE, GRAVAMINA, BESWAARSKRIFTE EN VOORLEGGINGS

3.1. Appèlle is teen besluite van AS 2015 insake selfdegeslagverhoudings en Art 35.7 (sinodes en belydenisskrifte) ontvang. Die ATR het in die lig van die Kerkorde 2013 (Art 23.1 en Reglement 19.5) die reg tot appèl teen besluite van die AS gehandhaaf.

3.2. 'n Appèlkommissie is in terme van Reglement 7 (Kerkorde 2013) aangewys en het volgens die voorskrifte van Reglement 19 gehandel. 'n Beslissing is gemaak in terme van die kerkordelike (prosedure) besware. Appèlle teen die besluit oor selfdegeslagverhoudinge is gehandhaaf en gevolglik is die ter sprake 2015-besluit ter syde gestel. 'n Besluit wat in stryd met die Kerkorde geneem word, is *ultra virus* en *ab initio* nietig (Geldenhuys FE O'B – Die Regsposisie van Kerkraad, Ring en Sinode, bl 252). Die leergeskille tov die saak is deur die Appèlkommissie terugverwys na die AS.

3.3. Die regsadviese wat die ATR ontvang het dat appèlle die uitvoering van die besluit opskort, is mettertyd betwis. Terwyl bogenoemde appèlproses reeds aan die gang was sonder enige besware teen die reg van appèl, is regsadviese ingedien wat nie net die opskorting betwis nie, maar ook die reg tot appèl teen 'n besluit van die AS. Die ATR het dus tydens die appèlproses kennis geneem dat daar verskillende regsmenings oor die aangeleentheid is.

3.4. Die ATR wys daarop dat daar ook beswaarskrifte is wat beswaar maak teen die kerkordelike prosedure wat gevolg is. Ongeag die appèlle sou sodanige besware steeds hanteer moes word. 'n Besluit wat vanweë onregmatige prosedure geneem is, is ongeldig soos bo vermeld.

3.5. In die lig van die teenstrydige regsmenings is die ATR diep onder die indruk dat daar 'n uitweg gevind moet word om die leerstellige saak te hanteer terwyl die welwese van die kerk nagestreef en daar gehoor gegee word aan die bekende regsbeginsel van *audi alteram partem*, naamlik dat daar aan alle appellante, beswaardes en andere geleentheid gegee word om aangehoor te word.

3.6. Dit bly die reg van die kerk om haar eie interne orde te reël op grond van haar roeping en interne bevoegdheid as kerk van Jesus Christus en ook op grond van haar reg tot vryheid van godsdiens (Kerkorde Art 3.3). Wanneer die Kerkorde binne die gereformeerde kerkreg geïnterpreteer word, dan is die kwessie van reg tot appèl 'n gegewe.

3.7. Die ATR verkeer voorts onder die diepe indruk dat gemelde leerstellige vraagstuk inherent oor die potensiaal beskik om groot skade aan lidmate aan beide kante van die spektrum te veroorsaak en dat selfs die moontlikheid van kerkskeuring nie geheel en al buite rekening gelaat kan word nie. In die lig van die Bybel as ons hoogste norm wil die ATR die sinode herinner dat ons geroep is om met die versoening van Jesus Chistus na mekaar te luister.

3.8. AANBEVELINGS:
3.8.1 Die Algemene Sinode besluit dat die saak van selfdegeslagverhoudings herbesoek word soos dit die bedoeling van die ASM was met die reëling van die buitengewone Algemene Sinode.
3.8.2 Die Algemene Sinode besluit dat die hele saak as leergeskil hanteer word en die hele gesprek oor selfdegeslagverhoudings aan die hand van die gravamina, beskrywingspunte en voorleggings hanteer word
3.8.3 Die Algemene Sinode besluit om aan persone wat gravamina, beskrywingspunte en voorleggings ingedien het, geleentheid te gee om die vergadering toe te lig

4. LAATSTUKKE: GRAVAMEN, BESKRYWINGSPUNTE EN VERSOEK

Laatstukke is verwys na die Taakspan Regte (Regl 3, pt 6.4).

AANBEVELINGS:
4.1 RING VAN STELLENBOSCH: BESKRYWINGSPUNT
Die Algemene Sinode neem kennis dat die Beskrywingspunt van die Ring van Stellenbosch nie ontvanklik is nie. 'n Ring kan nie 'n beskrywingspunt direk na die Algemene Sinode stuur nie (Regl 3, pte 6.1 en 6.2).
4.2 OOSTELIKE SINODE: BESKRYWINGSPUNT
Die Algemene Sinode neem kennis dat die Beskrywingspunt van Oostelike Sinode ontvanklik is.
4.3 NOORD-KAAPLAND: GRAVAMEN
Die Algemene Sinode neem kennis dat die Gravamen van Noord-Kaapland ontvanklik is.
4.4 WES-TRANSVAAL/GOUDLAND: VERSOEK
Die Algemene Sinode neem kennis van die inhoud van die dokument en verwys dit na die ATR/Taakspan Kerkverband vir verrekening in die voortgaande debat mbt die strukturering en funksionering van die kerkverband.
4.5 NATAL (KZN): BESKRYWINGSPUNT
Die Algemene Sinode neem kennis dat die Beskrywingspunt van KZN ontvanklik is.

Voorsitter: JM van der Merwe
Assistentskriba: H Theunissen

C.1.2 TWEEDE VERSLAG VAN DIE ALGEMENE TAAKSPAN REGTE

Aanbevelings 3.8.1 – 3.8.3 van die C.1.2 (Eerste Verslag van die Algemene Taakspan Regte) is terugverwys na die ATR vir herformulering.

3.8. AANBEVELINGS: APPÈLLE, GRAVAMINA, BESWAARSKRIFTE EN VOORLEGGINGS
3.8.1 Die Algemene Sinode besluit dat bespreking en besluitneming oor selfdegeslagverhoudings as teologies-etiese saak tydens die buitengewone sitting in November 2016 plaasvind.
3.8.2 Die Algemene Sinode besluit om aan persone wat gravamina, beskrywingspunte en voorleggings ingedien het, geleentheid te gee om die vergadering toe te lig

Voorsitter: JM van der Merwe
Assistentskriba: H Theunissen

C.2.1 SELFDEGESLAGVERHOUDINGS
NOORD-KAAPLAND
GRAVAMEN

Die Sinode in Noord-Kaapland het op sy sitting van 17 tot 20 Oktober 2016 besluit om ’n gravamen aan die Algemene Sinode insake sy besluit van 2015 oor selfdegeslagverhoudings te rig en dit tesame met onderstaande motivering aan die Algemene Sinode te stuur:

1. Die sinode in Noord-Kaapland versoek die Algemene Sinode om te herbesin oor die besluit van 2015 oor selfdegeslag verhoudings.

2. Die sinode pleit by die Algemene Sinode om die saak van selfdegeslagverhoudings met groot omsigtigheid te benader en om nie standpunte op gelowiges en gemeentes af te dwing waarvan die Gees die gemeentes nie oortuig het nie.

3. Die sinode in Noord-Kaapland:

3.1. herbevestig sy verbintenis aan die besluite van die Algemene Sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg.

> ***“1. Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring Skrifgebruik en Skrifgesag, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as ’n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.***
> ***2. Die Algemene Sinode wys daarop dat vir ’n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986 (getiteld Skrifgebruik en Skrifgesag), 1990 (Skrifberoep in Etiese Sake) en 2002 (Gesag van die Skrif) hiermee saam gelees behoort te word.”***
> ***(Vgl.: Notule Algemene Sinode 2011, bladsy 91)***

3.2. wys die Algemene Sinode daarop dat die amptelike besluite van die Algemene Sinode oor Skrifgebruik en Skrifgesag nie gewysig is nie en steeds die geldende standpunt van die Algemene Sinode is.

3.3. Die sinode is bekommerd dat die nuwe standpunte van die Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake oor hermeneutiek, Skrifgebruik en Skrifgesag soos verwoord in die bylaes van die Taakspan Leer en Aktuele sake wat voor die Algemene Sinode 2015 gedien het, teenstrydig is met die huidige amptelike standpunte van die sinode. Ons versoek die Algemene Sinode om hieroor te herbesin.

4. Die sinode in Noord-Kaapland bely

4.1. dat ons altyd soekend moet bly na die waarheid van die evangelie tussen veelvuldige stemme en in ’n stukkende wêreld.

4.2. dat gelowiges met diep oortuigings oor selfdegeslagverhoudings dikwels van mekaar verskil, en daarom moet hierdie soeke in ’n gees van luister, sensitiwiteit, smeking, dringendheid en verantwoordelikheid benader word, wagtend op die leiding van die Heilige Gees.

4.3. dat die kerk die plek is waar almal omarm en die genade van Christus ontdek moet word.

5. Die sinode in Noord-Kaapland

5.1. beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie, maar inteendeel, dat met respek en in liefde teenoor alle mense opgetree moet word.

5.2. roep alle lidmate en ampsdraers op om persone met ’n homoseksuele oriëntasie met pastorale sensitiwiteit en met die liefde van Christus te bedien

5.3. vra onvoorwaardelik vergiffenis waar persone met ’n homoseksuele oriëntasie nie soos hierbo behandel is nie

5.4. herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as ’n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou

5.5. bevestig dat die gesin as hoeksteen in ’n Christelike gemeenskap beskou word.

5.6. is oortuig dat enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, ’n volwaardige lidmaat van Sy kerk is en as sodanig as ongesensureerde lidmaat volle toegang het tot al die ampte in die kerk.

6. Die sinode in Noord-Kaapland versoek die Algemene Sinode om onderstaande motivering ter tafel te neem en te bespreek:

Omvangryke studies is wêreldwyd oor selfdegeslagverhoudings gedoen. Talle verslae van studiekommissies het voor verskeie sinodes van ’n groot aantal denominasies gedien. Van dié studies het etlike jare geduur en verskeie hoogstaande akademici het daaraan meegewerk.

Geweldige polariteit bestaan ook wêreldwyd tussen die onderskeie menings. ’n Aantal kerke het reeds as gevolg van meningsverskille oor dié kwessie geskeur.

In Suid-Afrika is dit nie anders nie.

1. **Die vraag ’n verklaring vir selfdegeslag-aangetrokkenheid**

Dit is inderdaad ’n eeue-oue vraag. Tans is veral die biologiese verklaring ’n belangrike punt in die diskussie. Volgens hierdie verklaring speel die gene, hormone, die brein, edm ’n belangrike rol. Hierteenoor word ’n psigologies-sosiale verklaring waar aangeleerde gedrag, die omgewing, of een of ander stoornis, edm ’n rol speel.

’n Enkele voorbeeld kan die probleem met beide modelle illustreer. Dit is deeglik gedokumenteer dat identiese tweelinge gebore word waarvan die een homo- en die ander een heteroseksueel is. ’n Identiese tweeling se gene is egter identies. Daarbý ontwikkel hulle in dieselfde baarmoeder en groei ook in dieselfde huis (omgewing) op. Vanwaar dan die verskil in seksuele oriëntasie?

Daar is ’n steeds groeiende instemming dat geen enkele model ’n afdoende verklaring vir dié fenomeen bied nie. Dikwels is daar ’n kombinasie van faktore wat in ’n mindere of meerdere mate ’n rol speel. Dit is oa die standpunt van prof Louise Warnich van die departement Mikrobiologie aan die Universiteit Stellenbosch (luister na haar bydrae “*Perspektief vanuit Genetika*” by die Eendag-konferensie oor Selfdegeslagverhoudinge, Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch van 12 November 2015 by https://www.youtube.com/watch?v=UNaiAqY7FzA). Geen verklaring van die fenomeen kan dus werklik ’n oplossing bied nie.

Daar moet óók daarteen gewaak word om, in die soeke na ’n verklaring van die fenomeen, die radikaliteit van die sondeval en die pyn en ellende wat as gevolg daarvan in die wêreld gekom het, te negeer. Die kerk moet steeds ’n theologies-verantwoorde antwoord gee oor wat die Bybel vir ons sê. Terwyl ons almal – ongeag seksuele oriëntasie met die liefde van Christus bejeën – bly die grondvraag of homoseksuele geslagsgemeenskap sonde is of nie. Dít is ’n hermeneuties-eksegetiese vraag.

2. **Hermeneutiek**

Die vraag is nie *of* daar by etiese kwessies ’n beroep op die Skrif gedoen moet word nie, maar *hoe* dit gedoen behoort te word. ’n Korrekte Skrifbeskouing en siening oor die gesag van die Skrif loop nie outomaties uit op suiwer Skrifuitleg nie. Die verslag *Skrifberoep in Etiese Sake,* wat voor die Algemene Sinode 1990 gedien het, geniet breë erkenning en instemming binne die NG Kerk, bv: “AKLAS is oortuig daarvan dat die basiese insigte wat daarin tot uitdrukking kom reeds in lyn was met die uitgangspunte aangaande Skrifgesag en Skrifgebruik wat die Algemene Sinode in 1986 aanvaar het.” (Verslag *Skrifberoep in Etiese Sake,* Agenda Algemene Sinode 1990, 124.)

Die Sinode in Noord-Kaapland vereenselwig hom met die verslag *Skrifberoep in Etiese Sake* en het (onder andere) selfdegeslagverhoudings aan die hand daarvan beredeneer en beoordeel en versoek die Algemene Sinode om dieselfde te doen.

Enkele hermeneutiese uitgangspunte in dié verslag *Skrifberoep in Etiese Sake* wat ons van belang ag, is die volgende:

- Dat die Heilige Skrif gesag het vir alle terreine van ons lewe.
- Die beroep op die Skrif het alleen gesag as dit ’n verantwoorde beroep is, dit wil sê ’n beroep wat ten volle rekening hou met wat die Skrif wil sê.
- Die Reformasie was van die begin af gekant teen ’n wettiese omgang met die Skrif wat nie na behore rekening hou met die uitlegkundige reëls nie en die Skrif benader asof dit ’n wetboek met artikels is wat buite verband aangehaal kan word.
- Die Skrif moet as ’n historiese boek hanteer word wat beteken dat nie alles wat daarin staan, op dieselfde vlak lê nie.
- Daar moet met die historiese karakter van die Skrif rekening gehou word.
- ’n Willekeurige beroep op ’n Skrifwoord is uitgesluit.
- ’n Beroep op die klank af op bepaalde Skriftekste sonder inagneming van die hermeneutiese reëls is ook uitgesluit.
- Goeie hermeneutiek beteken nie om die Bybel te laat buikspreek om jou eie standpunte te verwoord nie.

Standpunte wat tydens die Algemene Sinode van 2015 ingeneem is, wyk van bogenoemde verslag af. 'n Voorbeeld van dié nuwe standpunt oor hermeneutiek:
"Kortom gesê: Daar staan ***klaarblyklik*** (ons kursiveer en onderstreep) nie wat ons met 'n eerste opslag en op die klank van die vertaalde woord "homoseksualiteit" af dink daar staan nie. Die kulturele omstandighede is net soveel anders as vandag dat ons vrae het oor wat die tekste se afwysings van seksuele geweld en -onreg vandag beteken" (vgl *Aanvullende Agenda Algemene Sinode 2015, bladsy 86*).
Let wel: "Klaarblyklik beteken dat iets beslis, kennelik, ongetwyfeld of onteenseglik sal gebeur en dui op feitlik volkome sekerheid. As iets klaarblyklik die geval is, bestaan daar geen twyfel meer nie" (Müller, Dalene. 2003. *Skryf Afrikaans van A tot Z.* Pharos. Bl 52).

2.1. Die hermeneutiese vraag waaraan ons aandag moet gee is of die veroordeling van selfdegeslag-geslagsgemeenskap steeds van toepassing in die 21ste eeu is en, of dit nie soos die seremoniële wette van die Ou Testament, in Christus vervul en vernuwe is nie.

Ons stem met die verslag *Skrifberoep in Etiese Sake* saam wat sê: "... dat die seremoniële en burgerlike wette in Christus hulle vervulling gevind het en daarom nie meer deur Christene onderhou hoef te word nie, *terwyl die morele wette, hoewel ook in Christus vervul, nogtans vir die Christene bindend gebly het* (ons kursiveer)." Die verslag verwys ook na "... die blywende betekenis van die gebooie van die Skrif vir die kerk van alle tye gehandhaaf kan word, ondanks die historiese karakter van die Skrif."

In die Bergpredikasie sê Christus: "Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval" (Matt. 5:18). Die morele wette van die Skrif – met name die sewende gebod – is deur Christus selfs geradikaliseer dat nie alleen die fisiese daad nie, maar selfs net 'n gedagte aan die oortreding van dié gebod, sonde is.

2.2. Voorstanders van die standpunt dat daar ***klaarblyklik*** nie staan wat ons met 'n eerste opslag en op die klank van die vertaalde woord "homoseksualiteit" af dink daar staan nie, begrond dit deur te beweer dat kulturele omstandighede van Bybelse tye net soveel anders as vandag is dat ons vrae het oor wat die tekste se afwysings van seksuele geweld en -onreg vandag beteken. Daar word voorts geredeneer dat homoseksualiteit as seksuele oriëntasie onbekend was Ou-Testamentiese tye en dat Paulus nie langtermyn-selfdegeslagverbintenisse geken het nie – hy het net manlike prostitusie, pederastie, brutale verkragtings, ens geken.

Daarteenoor staan talle internasionaal erkende Ou en Nuwe-Testamentici wat spesifiek die kultuur, leefwêreld en geskiedenis van die Ou Nabye Ooste bestudeer en daarin spesialiseer, wat teenoorgestelde standpunte as bogenoemde huldig. Hulle lewer bv bewyse dat daar inderdaad in Bybelse tye langtermyn-selfdegeslagverbintenisse was (vgl oa Budin, SL. 2008. *The Myth of Sacred Prostitution in Antiquity*; Rose, W. 2015. *Een ander verhaal over homoseksuele relaties in de oudheid*. DeYoung, K. 2015. *What does the Bible really teach about Homosexuality?*).

Sonder om deeglike eksegese en 'n verantwoordelike omgaan met die Skrif enigsins – selfs in die geringste mate – te negeer, wil die Sinode in Noord-Kaapland steeds aan die oud-gereformeerde belydenis vashou soos dit verwoord is in die verklaring *Skrifgebruik en Skrifgesag* van die Algemene Sinode dat "... die Bybel die Woord van God is en dat dit daarom ... betroubaar (en) duidelik is ..." (vgl Kerkorde Noord-Kaapland 2014, "Funksionele besluite", 198–199).

Indien die tekste oor homoseksualiteit nie ***klaarblyklik*** beteken wat daar staan nie, ontstaan die vraag of die Bybelvertalings – ook die mees resente moderne vertalings – in hierdie spesifieke geval te kort skiet?

Ons stem ook volmondig met die verslag *Skrifberoep in Etiese Sake* saam oor die noodsaak om nie ons teologie vanuit ivoortorings te beoefen nie: "Vanweë die ingewikkeldheid van die moderne problematiek sal die ontleding van ons probleme noodwendig moet geskied met die hulp van kundige en wetenskaplik-geskoolde lidmate van die kerk uit verskillende dissiplines, sodat dit presies duidelik kan wees waaroor die vraagstelling gaan."

Dáárby stem ons ook volmondig saam wanneer die verslag lui: "Tog kan ons nie daaraan verbykom dat die Skrif wel die bron van die suiwere waarheid is en derhalwe ook van die suiwere kennis van wat sedelik reg en verkeerd is nie. Die Skrif bevat grondwaarhede, motiewe en gesigspunte wat fundamenteel is vir ons kennis van die wil van God en nie buite die Skrif om geken kan word nie (ons kursiveer)"

2.3. 'n Baie belangrike gesigspunt wat deesdae dikwels uit die oog verloor word waarop dié verslag weereens ons aandag vestig, is dat "... die Christelike oordeel oor sedelike kwessies is nie net iets vir die wetenskap nie, maar vir die gemeente self. Die gemeente van Christus leef met die Woord in die wêreld en ontvang onder leiding van die Gees die wysheid om die brug te slaan tussen die (historiese) Skrif en die

moderne wêreld met sy problematiek. Die lig van die Skrif is nie maar net die resultaat van 'n goeie wetenskaplike hermeneutiek nie. Die waarheid is nog altyd magtiger as onsself. Die waarheid heers oor ons, en nie ons oor die waarheid nie. Daarom is dit ook 'n saak van gebed en gelowige verwagting dat God die gemeente fyngevoelig sal maak vir die dinge waarop dit werklik aankom in die doen van die wil van God in elke konkrete situasie (vgl Filip 1:9–11; Kol 1:9–10)."

Daarteenoor lui punt 8 van die Algemene Sinode se besluit oor selfdegeslagverbintenisse: "... In ooreenstemming met die NGB Art 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, dws die beste huidige menswetenskaplike bevindings." In die lig van bostaande vind die Sinode in Noord-Kaapland dit problematies. Daarbý is dit ook 'n illegitieme beroep op die belydenisskrif. Artikel 2 van die NGB sê duidelik: "Hy (maak) Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend". Dit is ons oordeel dat die Skrif die enigste bron van die suiwere waarheid is en derhalwe ook die enigste bron van die suiwere kennis van wat sedelik reg en verkeerd is. Die algemene openbaring kan alleen in die lig van die Skrif reg verstaan en vertolk word.

Wanneer die algemene openbaring verhef word tot 'n gelyke vlak met die Skrif, asof ons in staat sou wees om sonder die Skrif die wil van God te ken, word die erns van die sondeval daardeur genegeer. Dit is hierdie soort natuurlike teologie wat naas die Skrif, sogenaamde "skeppingsordeninge", die deur-God-gewilde-verskeidenheid en dergelike kwasi-Bybelse argumente gebruik het om die bestaan van afsonderlike kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe te regverdig. Dié geskiedenis toon duidelik dat, wanneer die algemene openbaring verhef word tot 'n gelyke vlak met die Skrif, uiteindelik voorrang gegee word aan die algemene openbaring bó die Skrif.

"Ons lewe in 'n sondige, gebrekkige werklikheid ... die wil van God vir ons lewe ... is nie in die skepping nie, maar in die Skrif aangeteken ..." lui die verslag *Skrifberoep in Etiese Sake*. En verder: "'n Etiek wat alleen op ons natuurlike sedelike besef of op ons insig in die skeppingsbeginsels opgebou sou word, en die versoening en verlossing in Christus, die kruis en die opstanding, die wederkoms en die vernuwing van alle dinge alleen as wegspringplek gebruik, sonder om die gebod wat daaruit tot ons kom, ten volle te hoor, kan geen volledige Christelike etiek wees nie."

2.4. 'n Laaste saak wat ons hier wil aanroer, is die argument wat dikwels gebruik word dat die grootste gebod immers dié van die liefde is. Die gedagte is dan dat, as ons aan hierdie gebod uitvoering gee, ons anders sal oordeel oor selfdegeslagverhoudinge. Ook hierin laat ons ons lei deur die verslag *Skrifberoep in Etiese Sake*: "Daar is natuurlik die dubbelgebod van die liefde. Daar is die Tien Gebooie en die verdieping daarvan in die Bergrede. Daar is die normatiewe gesigspunte wat gegee is met die skepping, soos die Skrif getuig ... Die totale boodskap van die Skrif het 'n sedelike kant wat nie net vir die personeel-eties nie, maar ook vir die sosiaal-etiese werklikheid normatiewe betekenis het. Dit is daarom nie raadsaam om die sedelike boodskap van die Skrif net onder een noemer te wil saamvat, soos byvoorbeeld onder die noemer van die skepping met sy vaste ordeninge ... of selfs net onder die noemer van die liefde nie, tensy duidelik gemaak word hoe omvattend die liefde volgens die Skrif is. 'n Beroep op die totale Skrif met sy totale boodskap is hier deurslaggewend. Om hierdie rede kan ons ook nie akkoord gaan met diegene wat skerp krities staan teenoor die idee dat daar in die Skrif sekere algemene beginsels gebied word, en daarom liewer daarvan afsien om hulle in konkreet-etiese kwessies op die Skrif te beroep nie."

Die egte liefde vermaan en tugtig óók. Die egte liefde is allereers en bowenal liefde vir die Here en die tweede, wat hieraan gelykstaan, liefde tot die naaste. Die een kan nie sonder die ander nie. Ek kan nie my naaste eg liefhê indien ek nie ook die naaste se Skepper boweal eer en lief het en Hom en sy wil eer en respekteer nie.

C.2.2 SELFDEGESLAGVERHOUDINGS
APPÈLDOKUMENT
T Danzfuss en HM Janse van Rensburg

1. ONS KAN NIE ANDERS NIE

1.1 ARTIKEL 23.1 VAN DIE KERKORDE BEPAAL SOOS VOLG:
23.1 Die besluite van vergaderinge of hulle gevolmagtigdes is bindend, maar daaroor kan in appèl na 'n meerdere vergadering of die meerdere vergadering se gevolmagtigde gegaan word.

1.2 Die *Kerkorde 2013*, *Reglement vir Appèl of Beswaar*, bepaal soos volg:

"5.1 Lidmate of 'n kerkraad of 'n ring of 'n sinode wat 'n beswaar op grond van die Bybel, die Belydenis en/of die Kerkorde teen die besluit(e) van die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde het, kan binne die toegelate tyd (vergelyk 6.2 en 6.3 hieronder) skriftelik by die Algemene Sinode se gevolmagtigde appèlliggaam (die Algemene Steunspan Regte ingevolge 3.1.5 van die Reglement vir die Algemene Steunspan Regte) of die eersvolgende Algemene Sinode daarteen appelleer of beswaar aanteken. Die appellant of beswaarde gee daarvan kennis aan die Moderamen of aan die Algemene Sinode.
6.2 'n Lidmaat of 'n kerkvergadering wat 'n appèlstuk of beswaarskrif wil indien, moet binne 21 dae nadat die vergadering se goedgekeurde notule beskikbaar gestel is, of nadat die bevindinge van 'n tug- en/of dissiplinêre ondersoek bekend gemaak is, by die meerdere vergadering daarvan kennis gee.
6.3 Die appellant of beswaarde moet binne 21 dae nadat daar kennis van appèl of beswaar gegee is, in die appèlstuk of beswaarskrif aan die appèlliggaam 'n skriftelike uiteensetting van die gronde van/redes vir die appèl of beswaar (ter sake dokumentasie ingesluit) voorsien, anders verval die reg op appèl of beswaar. "

Aangesien ondergetekendes binne die voorgeskrewe tyd op 3 Februarie 2016 skriftelik kennis gegee het van ons voorneme om te appelleer, handig ons hiermee nou skriftelike gronde vir die appèl (die appèlstuk) in soos vereis in 6.3 van bogenoemde Reglement.

Ons gebed is dat elke lid van die appèlliggaam deurgaans sal weet dat ons besluit om te appelleer, nie, soos die media ons dikwels beskuldig, kom uit gebrek aan liefde en deernis vir lidmate wat 'n homoseksuele oriëntasie het nie. Dit kom ook nie uit disrespek vir die meerdere kerkvergaderings nie. Ons besluit om te appelleer kom uit ons eerbied vir God se Woord en ons gereformeerde oortuiging dat geen kerkvergadering onfeilbaar is nie. Spoelstra skryf in sy boek ***Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering***: *"'n Mens sou verwag dat almal wat erns maak van gehoorsaamheid aan Christus, gretig sou wees om in appèl die reg te laat seëvier, al bring dit mee dat 'n kerklike handeling (besluit) ter syde gestel moet word. Ongelukkig veroorsaak menslike eersug en heerssug enersyds dat iemand verwyt word omdat hy appelleer of andersyds dat onnodig en geforseerd geappelleer word …"*[1].

Ons eerbied vir die Here en die gesag van Sy Woord dwing ons egter om die Algemene Sinode dringend te versoek om die betrokke besluite van 2015 oor selfdegeslagverhoudings te herroep ter wille van die eer van God, die heil van Sy Kerk, die gesag van Sy Woord, en die redding van sondaars. *"Daar is derhalwe nie net 'n reg nie, maar <u>ook 'n plig tot appèl</u> wanneer 'n kerkvergadering teen die Woord van die Koning ingaan ... Gereformeerdes bely dat die Skrif duidelik genoeg is vir elke gelowige om te verstaan en te gebruik (NGB 7). Of mense daarvan hou of nie, die Here roep eenvoudige mense om met die Bybel, selfs oor ampsdraers en kerkvergaderinge te oordeel en toesig te hou (Ridderbos 1965)."* [2]

Verder wil ons dit duidelik stel dat hierdie appèl nie gerig is teen die Algemene Sinode as kerkvergadering nie, maar teen spesifieke besluite van die Algemene Sinode en teen die wyse waarop die besluite geneem was. Hiermee dus ons appèl in nederigheid en diepe afhanklikheid van die Here, met respek vir die vergadering van die Algemene Sinode, en opregte liefde vir sondaarmense van wie ons die grootste is.

Die negatiewe gevolge wat die Algemene Sinode 2015 se besluite oor selfdegeslagverhoudings inhou vir die eer van God, welsyn van die Kerk asook die heil van duisende sondaars laat ons met geen ander keuse as 'n dringende appèl nie. Die praktiese implikasies van hierdie besluite vir die funksionering van die Skrifgesag en Skrifgebruik in die NG Kerk dwing ons tot hierdie appèl: **Hier staan ons, ons kan nie anders nie**. Mag die appèlliggaam wat hieroor moet besluit, gevul word met wysheid, eerbied vir die Woord en die leiding van die Heilige Gees.

[1] Spoelstra B: *Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering*, bl 165, (elektroniese weergawe op webblad van AH Bogaards; Enigste Troos
[2] Spoelstra B: ibid, bl 165.

2. BESLUITE WAARTEEN DIE APPÈL GERIG IS.

Aangesien die Algemene Sinode van 2015 die volgende besluite deurentyd in die debat asook in die stemming as 'n eenheid hanteer het, is die appèl dus gerig teen die besluite hieronder in geheel, al sou sommige dele daarvan moontlik opsigselfgenome aanvaar kon word.

2.1 Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.
2.2 Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in 'n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.
2.3 Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou word.
2.4 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou – en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.
2.5 Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie en ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.
2.6 Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.
2.7 Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in 'n gees van Christelike liefde te doen.
2.8 Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na 'n ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op 'n selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die Algemene Sinode van 2007, 2011, 2013 en 2015 ernstig gelees word. In ooreenstemming met NGB Art 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, dws die beste huidige menswetenskaplike bevindings.
2.9 Die Algemene Sinode besluit om 'n Christelik-Bybels-etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van voorafgaande besluite. Hierdie saak word ook verwys na die Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake, wat reeds 'n soortgelyke opdrag in A.8.2 bl 172 punt 7.4 ontvang het.
2.10 Die Algemene Sinode besluit om 'n bevatlike oorsig van die NG Kerk se reis met homoseksualiteit saam te stel en te versprei om gemeenteleiers te bemagtig in die begeleiding van gemeentes oor hierdie saak.

Die uitslag van die stemming was 114 ten gunste van en 63 daarteen.

Die volgende persone teken hulle teenstemme aan: JH Hattingh, T Danzfuss, H Janse van Rensburg, PG Otto, HJ Niemand, R Britz, BH Swart, CP Crause, D Oelofse, J van der Westhuizen, J Smook.

3. WAT VRA ONS IN DIE APPÈL?

Aangesien die kerk se standpunt rakende selfdegeslagverhoudings ingrypende etiese en leerstellige implikasies het, mag dit nooit sonder deeglike Skriftuurlike gronde gewysig word nie; en

aangesien Christus ons enigste Hoof is wat Sy kerk regeer deur Sy Woord en Gees mag *kerkvergaderings geen besluite neem wat direk of indirek in stryd in met die Bybel nie*

***versoek* ons daarom dat die appèlliggaam bevestig dat**:

3.1 bogenoemde besluite van die Sinode waarteen ons appelleer, ter syde gestel (herroep) word; en
3.2 die standpunt en besluite van die Sinode soos vervat in die goedgekeurde besluite van die Algemene Sinodale vergaderings vanaf 2007 tot 2013, steeds geld as die amptelike standpunt van die NG Kerk oor selfdegeslagverhoudings.

GRONDE VIR DIE APPÈL

A. KERKREGTELIKE, KERKORDELIKE EN PROSEDURELE BESWARE

Dié besware word nie bygevoeg nie aangesien dit vertroulik tydens 'n geslote vergadering deur die Appèlkommissie hanteer en afgehandel is (vergelyk die verslag van die Appèlkommissie).

B. BYBELSE EN TEOLOGIESE BESWARE

B.1 DIE SINODE SE BESLUITE IS ONGELDIG WANT DIT IS IN STRYD MET DIE WOORD VAN GOD.

Deur die besluite van 2015 oor selfdegeslagverhoudings het die Algemene Sinode die Woord van God geminag deur hom nie te onderwerp aan die gesag van die Bybel nie.

- Die Bybel het verskeie duidelike uitsprake teen die sonde van homoseksuele en/of lesbiese praktyke. Kyk bv: Genesis 19:5; Rigters 19:22; Levitikus 18:22; Levitikus 20:13; Romeine 1:24–27; 1 Korintiërs 6:9; 1 Timoteus 1:10. Kyk ook Gen 2:18–25.
- Hoewel sekere teoloë met 'n liberale siening en hantering van die Skrif probeer het om bogenoemde Skrifgedeeltes so te vertolk dat dit nie homoseksuele en lesbiese praktyke veroordeel nie, het die NG Kerk reeds in 2007 'n deeglike studie oor die eksegese van hierdie Skrifgedeeltes gemaak waarin die liberale vertolking van hierdie tekste een vir een ontleed en afgewys word. Die Sinode het tot dieselfde konklusie gekom as die meer behoudende groep se verslag van 2007 dat homoseksuele praktyke Skriftuurlik onaanvaarbare gedrag is. Daarom was die vereiste gestel dat homoseksuele predikante wat in die bediening staan selibaat moet lewe. In 2013 bevestig die Sinode dat daardie besluite op deeglike eksegetiese en teologiese studie rus. Dit verwys baie duidelik na die meer behoudende studieverslag van 2007, want dit was daardie verslag se standpunte wat die Sinode aanvaar het.

Die Algemene Sinode herbevestig 2007 se besluit en verklaar dat dit na deeglike eksegetiese en teologiese studie gedoen is…[3]

Die 2015 besluite is dus teenstrydig met die Woord van God en ongeldig.

- In 2015 het die Sinode – sonder om revisie te vra – onkerkordelike besluite geneem wat die teenoorgestelde siening aanvaar. Ons as gereformeerde kerk aanvaar dat die kerk Christokraties regeer word. Christus en Sy Woord dra die hoogste en finale gesag in alle kerkvergaderings. Daarom kan 'n ommeswaai in leerstellige en etiese uitsprake van die Kerk alleen geregverdig word indien dit vanuit die Bybel gemotiveer word. Die probleem is dat daar by die 2015-Sinode geen nuwe eksegetiese of teologiese gronde voor die Sinode gedien het om sulke besluite te regverdig nie. Ons beskik oor korrespondensie met die Algemene Sekretaris van die Sinode waarin hy herhaaldelik versoek is om ons te voorsien van die Skrifgronde wat die Sinode tot nuwe insigte oortuig het. Dit het niks opgelewer nie. Die kerk se standpunt van die afgelope 10 jaar is dus sonder enige teologiese of eksegetiese begronding, en sonder die nodige revisie-aansoek, omgekeer.
- Die 2015-besluite is ook 'n ernstige aantasting van die christelike huwelik volgens die Skrif. Die Sinode het wel so ewe verklaar dat slegs die verbintenis tussen een man en een vrou 'n huwelik genoem kan word, maar die volgende besluit oor erkenning van burgerlike verbintenisse is in die praktyk 'n verloëning van die huwelik.

2.3 Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou word.
2.4 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou – en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.[4]

- 'n Gewone (heteroseksuele) huwelik kan in SA volgens enige van die twee wette bevestig word, nl die ou Huwelikswet, Wet 25 van 1961, of die nuwe Wet op Burgerlike Verbintenisse van 2006. In laasgenoemde geval kan homoseksuele pare ook bevestig word. Die verhouding wat tot stand kom volgens die twee wette is in praktyk presies dieselfde, wat ook insluit wedersydse seksuele voorregte en verantwoordelikhede.

In Suid-Afrika is die definisie van 'n huwelik volgens die Huwelikswet (Wet 25 van 1961) deur die Wet op Burgerlike Verbintenisse van 2006 uitgebrei na burgerlike verbintenisse wat deur twee mense van dieselfde geslag aangegaan word. In die praktyk geniet selfdegeslaghuwelike in Suid-Afrika tans dieselfde regtelike erkenning soos heteroseksuele huwelike, al word in hulle registrasiedokument of huweliksertifikaat spesifiek na die Wet op Burgerlike Verbintenisse van 2006 verwys en kan hulle nie 'n huwelik volgens die Huwelikswet van 1961 aangaan nie. Pare wat volgens die nuwe wet wil trou of 'n vennootskap wil registreer, kan self kies of na hul verhouding in die registrasiedokument as huwelik of burgerlike verbintenis verwys word. Burgerlike verbintenisse staan ook oop vir heteroseksuele pare.[5]

Die vraag of hierdie verbintenis bekend gaan staan as 'n huwelik, of as 'n burgerlike verbintenis word dus nie bepaal deur 'n ander formulier of ander beloftes of 'n ander kontrak of deur enige besluit van die huweliksbevestiger nie. Dit word uitsluitlik oorgelaat aan die keuse van die paartjie self of hulle verbintenis bekend gaan staan as 'n huwelik of as 'n burgerlike verbintenis. Wat die kerk se aandeel en die ampsdraer

[3] Besluite van die Algemene Sinode 2013 bl 237 van Handelinge.
[4] Notule, Algemene Sinode 2015; Besluite oor selfdegeslagverhoudinge
[5] Wikipedia: https://af.wikipedia.org/wiki/Selfdegeslaghuwelik.

van die kerk se aandeel aanbetref is daar dus geen verskil tussen ’n huwelik en ’n burgerlike verbintenis volgens die wet van 2006 nie!

- **Die Sinode mislei homself en die lidmate** dus deur te sê dat die NG Kerk wel ’n selfdegeslag-burgerlike verbintenis erken, maar nie ’n selfdegeslaghuwelik nie. Volgens die Wet op Burgerlike Verbintenisse van 2006 is dit presies dieselfde.
- **Die Sinode verloën so die duidelike Bybelse lering oor die huwelik** as ’n lewenslange verbintenis (verbond) slegs tussen een man en een vrou.
- **Die Sinode sondig met hierdie besluite**. Aangesien die sinode ’n seksuele verhouding in ’n burgerlike verbintenis goedkeur, maar **ontken dat dit ’n huwelik is**, sondig die sinode nog verder deur nie net **seks buite die huwelik goed te keur** nie, maar deur **selfs ’n nuwe verhouding te skep vir seks buite die huwelik en selfs in die Naam van die Here daardie verhouding te bevestig en te seën.**
- Die Sinode sondig baie ernstig deurdat die sinode die sonde van seks buite die huwelik – nogal tussen twee persone van dieselfde geslag so kerklik seën dat die sondige mens nie meer daarvan hoef te bekeer nie. Matt 5:19 waarsku juis teen mense wat sonde goedpraat deur te eer dat God se gebooie ongeldig is. *"Wie dan ook een van die geringste van hierdie gebooie ongeldig maak en die mense so leer, sal die minste geag word in die koninkryk van die hemel. Maar wie die wet gehoorsaam en ander so leer, sal hoog geag word in die koninkryk van die hemel".*
- **Die Sinode handel in die ergste graad van liefdeloosheid** deurdat sy lidmate weerhou word van die voorreg van bekering, aangesien die sonde van buite-huwelikse seks en van homoseksualisme nou kerklik so gesanksioneer word dat bekering nie meer nodig is nie. In Markus 9:42 waarsku Jesus Sy dissipels juis teen die gevaar om met jou uitsprake of optrede ander te laat struikel. *"Elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, van My afvallig laat word, vir hom is dit baie beter as ’n groot meulsteen aan sy nek vasgemaak en hy in die see gegooi word."*
- Die Sinode het hom laat lei deur eensydige ongekontroleerde mediese, sosiologiese en sekulêre opinies ipv die Woord van God. Selfs volgens baie Engelstalige kerke het die NG Kerk sy getuieniskrag verloor deur hierdie besluite te neem.

> - *The DRC no longer holds the Scriptures as its final authority in practise.*
> - *The DRC is no longer able to teach the nations to observe all that Jesus commanded, or bring about obedience of the faith among the gentiles, since it now regards the cultures view of morality as the correct one, and thus cannot call for repentance.*[6]

B.2 DIE SINODE SE BESLUITE IS ONGELDIG WANT DIT IS IN STRYD MET DIE GEREFORMEERDE BEGINSEL VAN “*SOLA SCRIPTURA*”

Weens ’n totale afwesigheid van enige Bybelse gronde vir die Sinode se besluite, beroep die Sinode hom op die algemene openbaring met verwysing na die NGB artikel 2, ipv die Bybel. Die argument word gebruik om die totale gebrek aan Skrifgronde te verbloem.

- Dit is ’n totale mistasting van die Nederlandse Geloofsbelydenis se verstaan van die algemene openbaring. Weens die mens se sondige natuur en totale verdorwenheid kan die algemene openbaring slegs reg verstaan word in die lig van die Skrif. Dit mag nooit losgemaak word van die bril van die Woord nie.
- Mens sou eerder die algemene openbaring in die lig van die Skrif kon gebruik om te bewys dat God die mens geskep het as man en vrou, nie as man en man of vrou en vrou nie. Ons Skepper het die mens se geslagsorgane so ontwerp dat man en vrou mekaar kan aanvul, nie man en man of vrou en vrou nie. Verder het Hy ook voortplanting geskenk aan man en vrou nie aan twee mans of twee vrouens nie. Deur die Skriftuurlike bril getuig ook die algemene openbaring sterk teen die Sinode se onskriftuurlike besluite.

B.3 DIE SINODE SE BESLUITE IS ONGELDIG WANT DIT GAAN UIT VAN ’N VALSE SIENING VAN SKRIFGESAG EN SKRIFGEBRUIK ASOOK ’N RELASIONELE WAARHEIDSBEGRIP

Die standpunt wat die Sinode nou aanvaar het, stem grootliks ooreen met die dwaling wat die GKN (Nederlandse Gereformeerde Kerk) reeds in 1979 aanvaar het. Die Algemene Sinode van 1982 het sterk daarteen gereageer. Dit was een van die vernaamste redes waarom ons destyds bande met die GKN verbreek het. Interessant dat die GKN se standpunt destyds juis ook die gevolg was van ’n modernistiese siening oor Skrifgesag en Skrifgebruik soos verwoord in die bekende rapport: “*God met ons*”.

Dit is duidelik dat die standpunt van die GKN oor homoseksualiteit nie losgemaak kan word van die Skrifbeskouing wat uit die rapport “God met Ons” geblyk het nie. Die Tussentydse Kommissie van die GES wat oor hierdie sake gehandel het, wys in sy verslag op die volgende uitspraak in “God Met Ons”: “Ten slotte is op te merken, dat ieder Bijbels gebod toegesneden was op een bepaalde historische situatie. Veranderde die situatie dan zien we al binnen de Bijbel zelf, dat dit aanleiding is tot opheffing, opschorting of wijziging van het gebod” (90/91).

[6] https://calledconvictedconverted.com/2015/11/05/3118/ The Dutch Reformed Church and Homosexuality

In die lig van die uiteensetting oor hoe die Skrifberoep in die etiek moet funksioneer wat in "God met Ons" gegee word, kan 'n mens nie van die indruk loskom dat daarvan uitgegaan word dat dit eintlik net die liefdesgebod is wat altyd en onder alle omstandighede geldigheid behou en elke historiese situasie te bowe gaan nie. Alle ander Bybelse gebooie moet gesien word as spesifieke konkretiserings van die liefdesgebod in 'n bepaalde historiese situasie. As ons vandag moet bepaal wat die betekenis van die konkrete gebooie van die Bybel vir ons is, moet ons vra: "Welke heilzame uitwerking beoogde God met die gebod in die specifieke situatie?" In die lig hiervan moet ons dan in ons eie historiese situasie soek om te doen wat heilsaam is. Dit kan dikwels heeltemal anders uitval as wat in die konkrete Bybelse gebod gevra word, mits dit maar beantwoord aan die liefdesgebod en die norm van wat heilsaam in die konkrete situasie is.

In die lig hiervan kan dan geredeneer word dat homofiele verhoudinge nie noodwendig verkeerd hoef te wees nie, mits hulle getrou bly aan die norm van die naasteliefde en die trou teenoor mekaar wat aan die naaste werklik beskerming en lewensruimte gee. Die vraag of die huwelik volgens die skeppingsordening van God en volgens die duidelike implikasie van talle konkrete gebooie in die Bybel die enigste God-gewilde wyse is waarop die mens se seksuele lewe sy vervulling mag vind, kom dan op die agtergrond. Homofiele verhoudinge word selfs as 'n gelykwaardige variant van die liefdes- en seksuele verhouding binne die huwelik aanvaarbaar. Deur die implementering van die relasionele waarheidsbegrip (vergelyk die rapport Homofilie en die boekie In Liefde trouw zijn) word daar 'n spanning geplaas tussen die konkrete gebooie van die wet van God en die samevattende sin van die wet, naamlik die liefde tot die naaste. Dit is na ons mening teologies ontoelaatbaar en dit laat die deur oop vir etiese subjektiwisme. Dit word moontlik om die heersende sedelike opvattinge van die tyd op een of ander wyse met die Bybel te versoen, sy dit dan deur 'n sterk aksent op die historiese bepaaldheid van die konkrete Bybelse gebooie, of deur die redenasie dat die relasionele karakter van die waarheid toelaat dat ons in verskillende tye verskillend met die Bybelse gebooie sal omgaan.[7]

Hierdie kommentaar oor die direkte invloed van 'n valse Skrifbeskouïng en minagting van die Skrifgesag op die GKN se standpunt oor homoseksualisme, verklaar ook die rol van Skrifgesag en Skrifgebruik op die NG Kerk se rondomtalie oor homoseksualisme. As ons uitgaan van 'n relasionele waarheidsbegrip en 'n onskriftuurlike verskraalde eensydige liefdesetiek, dan is dit verstaanbaar dat daar geen behoefte aan Skrifgronde vir 'n nuwe standpunt is nie. Dan is die Skrif nie meer regtig belangrik nie. Al wat belangrik is, is dat die kerk in voeling moet bly met die heersende sedelike opvattings van die tyd om die Skrif dan dienooreenkomstig te herinterpreteer.

B.4 DIE SINODE SE BESLUITE IS ONGELDIG WANT DIT MAAK 'N KARIKATUUR VAN DIE BYBEL SE AMPSBEGRIP EN AMPSDRAERS

Ten opsigte van dié besluit moet daar gelet word op ten minste twee belangrike sake:
1. Die besluit het voortgevloei uit 'n foutiewe beredenering/valse voorstelling in die verslag van die Projekspan soos voorgelê aan die Algemene Sinode 2015, en
2. Die Woord van God stel wel besondere vereistes aan persone in die besondere ampte.

B.4.1 Foutiewe beredenering/valse voorstelling in die verslag van die Projekspan

Die Algemene Sinode 2007 het besluite oor homoseksualiteit geneem[8]. Die Projekspan het onder andere soos volg daarop kommentaar gelewer:

"3.4 'n Onhoudbare teenstrydigheid in ampsbeskouing[9]
Ons is uit verskillende oorde daarop gewys – maar veral deur leraars en dosente – dat soos dit met konsensussoekende vergaderinge gebeur, daar teenstrydighede in ons 2007-beluitneming oor homoseksualiteit beland het.

Daar is die besluit dat alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde en op grond van hulle doop en geloof as volledige lidmate van die kerk van Christus aanvaar word met onder andere toegang tot die ampte (vergelyk punt 3 AS-besluit 2007).

Tegelyk is ook besluit dat slegs "… homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewensstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word" (punt 7 van AS-besluit 2007).

[7] Algemene Sinode 1986, Agenda 1986, p355–363
[8] Handelinge Algemene Sinode 2007, pp 204–205, pte 12.2 en 12.3
[9] Aanvullende Agenda, pp 89–90

Die invoering van die selibaat as voorvereiste vir homoseksuele persone in die predikantsamp impliseer 'n dubbele ampsbegrip – een vir lidmate, ouderlinge en diakens, en een vir predikante ..."

Bogenoemde argument wat ook weer tydens die besprekings in die Algemene Sinode 2015 herhaal (en weerlê) is, het onder andere gelei tot die volgende besluit[10]:

2.5 Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie en ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.

Dat die Projekspan se beredenering foutief en 'n valse voorstelling is, is reeds tydens die buitengewone vergadering van die Moderamen op 9–10 September 2015 mondeling en skriftelik onder die aandag van die hele Moderamen en Projekspan gebring. Die volgende uittreksels uit die skriftelike kommentaar[11] wat gelewer is op die konsepverslag van die Projekspan toon dit duidelik aan:

Uittreksel uit die skriftelike kommentaar van die vorige aktuarius, **dr JH Ernst**:
"7.3 Die teenstrydighede wat die Taakspan uitlig, word deur die Taakspan self geskep weens die gedwonge en verkeerde interpretasie wat deur die lede van die Taakspan en ander persone aan die 2007-besluit gegee word. Die Taakspan en ander interpreteer punt 3 van die besluit as die Algemene Sinode se instemming dat homoseksuele persone wat nie selibaat lewe nie (dus in vaste seksuele verhoudinge is), wel in die amp van ouderling of diaken verkies kan word. Omdat dit kan gebeur, is dit teenstrydig of inkonsekwent dat homoseksuele persone in die predikantsamp selibaat (ongetroud) moet bly. Die sprong word dus gemaak van punt 3 na punt 7, sonder om enigsins ag te slaan op punt 6. Natuurlik behoort die voorstanders van vaste gay-verbintenisse te weet dat dit nie gedoen kan word nie, anders was die opdrag aan die huidige Taakspan nie nodig nie. Punt 3 gaan egter van die standpunt uit, soos reeds hierbo reeds aangetoon, dat die NG kerk in sy amptelike besluitneming steeds die onderskeid handhaaf tussen seksuele oriëntasie (gerigtheid) enersyds en die aktiewe uitlewing van seksualiteit in 'n homoseksuele verhouding of verbintenis (dade) andersyds (sien 1.4 hierbo). Die Taakspan weet dit inderdaad, en daarom sê die Taakspan self: "Hoewel nie uitdruklik gesê word nie, figureer die onderskeid tussen homoseksuele oriëntasie en homo-erotiek binne die verwysingskaders van AS 2007, met dien verstande dat eersgenoemde aanvaar is en laasgenoemde nie."

Uittreksel uit die skriftelike kommentaar van 'n lid van die Moderamen, **ds HM Janse van Rensburg**:
"3. AS 2007-besluite
Kortliks die volgende oor die beweerde "onhoudbare teenstrydigheid in ampsbeskouïng":
3.1 Dit is hoekom dit so belangrik is om besluit 9 as volledige besluit (nie net 'n nota of terloopse opmerking nie) by die eerste 8 te lees.
3.2 Dit lê op die terrein van die AS om uitdrukking te gee aan oa die Kerk se beleid (KO Art 43.1.1). Op grond daarvan het die AS 2007 besluite 1 tot 6 geneem.
3.3 Dit lê verder op die terrein van die AS om die formele vereistes vir die opleiding van bedienaars van die Woord vas te stel (KO Art 43.1.7). Dit was dus reg dat die AS sy beleid uitspel oor predikantsbevoegdheid in besluit 7.
3.4 Die AS het reg opgetree deur situasies in gemeentes te laat in die hande van kerkrade met besluit 8. Juis omdat die besluite 1 tot 8 saam gestel en saam tot stemming gebring is en dus saam gelees moet word, moet kerkrade dit hanteer in die gees van al 8 die besluite. Indien 'n kerkraad dus anders sou handel in die geval van ouderlinge/diakens, lê die "skuld" vir die teenstrydige ampsbeskouïng by hulle en nie by die AS nie."

Ons wil dit beklemtoon dat die Algemene Sinode 2007 se besluit 7 nie dui op 'n teenstrydige ampsbeskouïng nie, maar bloot dat die vasstelling van die formele opleiding van bedienaars van die Woord en die toelating tot die bediening is 'n taak van die Algemene Sinode[12] (wat dus Algemene Sinodale diskresie vra). Die verkiesing van kerkraadslede is egter 'n taak van kerkrade (wat dus kerkraadsdiskresie vra).

Daar word vandag ook herhaaldelik geredeneer dat hierdie <u>besluit eintlik al in 2013 geneem was</u> (dr André Bartlett het al paar keer so gesê), en dus niks nuuts is nie. In 2013 het die Algemene Sinode soos volg besluit, <u>aanvullend tot die 2007 besluite</u>:
"Die Algemene Sinode besluit dat homoseksuele en heteroseksuele studente, wat hulle voorberei vir die bediening in die NG Kerk, aan dieselfde Christelik-etiese standaarde moet voldoen met die oog op legitimasie".

[10] Notule Algemene Sinode 2015, Sesde Sittingsdag, p 51
[11] Skriftelike kommentaar is voorgelê aan die Moderamen. Die Moderamen het dit nie ingesluit by die verslag aan die Algemene Sinode 2015 nie aangesien dit die Moderamen se aanbeveling was dat die studie voortgesit word en dat die kommentaar dan in die verdere studie onder die loep geneem sou word.
[12] Vergelyk die *Kerkorde 2013*, Artikels 7 en 43.1.7

Dit is van wesentlike belang om daarop te let dat die besluit van 2013 met "*dieselfde christelike-etiese standaarde*" iets anders bedoel as die besluit in 2.5 hierbo. In 2013 het dit nog, binne konteks, beteken vir albei geld dieselfde maatstawwe soos bv: geen seks buite die huwelik nie. Dit is bevestig met die selibaat-vereiste wat steeds geldig was vir homoseksuele gelegitimeerdes wat nie in 'n wettige huweliksverhouding staan nie.

In 2015 beteken "*dieselfde Christelik-etiese standaarde*" binne konteks gelees, egter iets heel anders, aangesien die "selibaat"-vereiste nou daarmee saam geskrap word. Maw homoseksuele gelegitimeerdes kan nou met hul "lewensmaats" seksueel verkeer net soos heteroseksuele gelegitimeerdes. Hierdie implikasie word ook bevestig deur die 2015-besluit oor amptelike kerklike erkenning van 'n burgerlike verbintenis tussen twee persone van dieselfde geslag wat in 'n verhouding van liefde en trou leef.

Dit word betreur dat ten spyte van bogenoemde kommentaar, die Projekspan volstaan het met hulle foutiewe beredenering/valse voorstelling in die verslag.

B.4.2 Besondere vereistes aan persone in die besondere ampte.

Alhoewel alle gelowiges opgeroep word tot dissipelskap (navolging van die Here Jesus Christus) deur die wêreld te versaak, hulle ou natuur te kruisig en godvrugtig te lewe[13], is daar voldoende bewyse in die Woord van God dat daar tog besondere eise gestel word aan gelowiges wat dien in die besondere ampte. Let onder andere op die volgende: 1 Tim 3:1–13 (let byvoorbeeld op die Here se eis in 1 Tim 3:2 naamlik dat 'n opsiener (ouderling – lerend en regerend) *moet 'n man met net een vrou* wees (2014, Direkte Vertaling). Is daar enige ander konteks wat die reg gee om te lees "... die man van een man/vrou van een vrou"?); 4:6–16; 2 Tim 2:15–16a; Titus 1:6–9; Heb 13:7; 1 Pet 5:2–3; en dan so duidelik Jak 3:1.

Die *Formulier vir die Bevestiging van Ouderlinge en Diakens* sluit daarby aan: "... Die ampte is deel van die gawes (*charismata*) wat die Here deur sy Heilige Gees aan die kerk gee ... Uit die Bybel is dit duidelik dat 'n ampsdraer bekend moet wees as iemand met 'n lewende geloof, iemand met 'n begeerte om vir die Here te werk, wat bekwaam is om te leer en gewillig is om daarvoor toegerus te word. Verder moet 'n ampsdraer 'n hoë sedelike lewenspeil handhaaf en in alle opsigte betroubaar wees ..."

Spesiale hoë etiese standaarde vir die besondere ampsdraers is dus nie Rooms soos wat in die debat beweer was nie. Die Roomse dwaling gaan nie oor hoë etiese standaarde vir besondere ampte nie, maar oor onskriftuurlike asketiese vereistes wat hulle stel. Spesiale hoë etiese standaarde vir die besondere ampsdraers is nie Rooms nie. Dit is Skriftuurlik en suiwer gereformeerd. Die Algemene Sinode en alle ander kerkvergaderings is blote funksionarisse van die Koning van die Kerk. Daarom moet elke kerkvergadering haar onderwerp aan die reëls van die Woord. Die vereistes wat God vir die ampte stel, is duidelik, soos hierbo aangetoon.

Konklusie: Die Sinode was mislei deur hierdie valse redenasie asof die staande besluite vanaf 2007 op 'n onhoudbare teenstrydige ampsbeskouing sou rus. Vandaar die ondeurdagte voorstelle vanaf die vloer.

C. KONFESSIONELE BESWARE

C.1 DIE SINODE SE BESLUITE IS ONGELDIG WANT DIT BOTS MET ONS GEREFORMEERDE BELYDENISSKRIFTE

Die NG Kerk staan gegrond op die Bybel as die Woord van God en die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid[14]. Dié Belydenis is vir die Kerk só kosbaar dat die wysiging daarvan alleenlik kan geskied by wyse van 'n omvangryke prosedure wat in die Kerkorde[15] bepaal word.

Daar is egter 'n aantal beredeneringe in die Taakspan se verslag en in die besluite rakende selfdegeslagverhoudinge wat lynreg indruis teen die Woord en die Belydenisskrifte. Ons wys slegs op twee sake – een in die verslag en 'n tweede in die besluite.

C.1.1 Verslag: insluiting in God se Genadeverbond

[13] Klassieke doopformulier
[14] Die *Kerkorde 2013*, p 1, Art 1
[15] Die *Kerkorde 2013*, p12, Art 44

Die Taakspan lewer die volgende kommentaar: "*Die NG Kerk se verknorsing, waarvoor daar nie 'n maklike oplossing is nie, is volgens ons: Indien ons selfdegeslagverhoudinge aanvaar, sal dit vir talle lidmate en evangelikale groepe 'n bewys wees van ons ongehoorsaamheid aan, wat hulle beskou as, die direkte Skrifuitsprake teen homoseksualiteit. Indien ons egter hierdie lidmate en groepe rustig en tevrede in die kerk wil hou deur selfdegeslagverhoudinge af te keur,* ***sal ons ontrou wees aan die Skrifboodskap van Christus oor die menswaardigheid van alle mense en die aanvaarding van alle mense en hul insluiting in God se genadeverbond (sic)".***[16]

Die Taakspan gebruik dus as uitgangspunt "....***dat alle mense ingesluit is in God se genadeverbond."***

Dit staan lynreg teenoor die NG Kerk se formele belydenis aan die hand van die Dordtse Leerreëls:
"Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Alle mense is in die staat van die versoening en in die genade van die verbond opgeneem, sodat niemand vanweë die erfsonde aan die verdoemenis skuldig is of verdoem moet word nie, maar dat alle mense van hierdie sondeskuld vry is.

Die Sinode leer: Hierdie mening is in stryd met die Skrif wat verklaar dat ons van nature kinders van die toorn is (Ef 2:3)."[17] Dié en ander argumente van die Taakspan, teenstrydig met die Belydenisskrifte, het 'n deurslaggewende rol gespeel in die neem van die besluite oor selfdegeslagverhoudinge (beoefening van homoseksualiteit).

C.1.2 Besluite: erkenning aan selfdegslagverhoudinge/-verbintenisse en die voorsiening dat dié verbintenisse kerklik bevestig kan word

Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 32, lui soos volg:
"87 Vraag Kan dié mense dan nie salig word wat in hulle goddelose, ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie?
Antw Nee, glad nie. Want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, dief, gierigaard, dronkaard, lasteraar, rower, **en sulkes** *(sic)* die koninkryk van God sal beërwe nie (a).
(a) 1 Kor 6:9,10; Ef 5:5,6; 1 Joh 3:14."

Let daarop dat die Heidelbergse Kategismus verwys na 1 Kor 6:9 en 10 wat soos volg lui: *"Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie. En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God."*

Dit is opvallend dat die "mense wat homoseksualiteit beoefen" in 1 Kor 6:9 nie net so genoem word in die Heidelbergse Kategismus nie, maar dat daar verwys word na "en sulkes". Waarom het Zacharias Ursinus en Casper Olevianus, die opstellers, besluit om nie die Griekse woorde *malakoi oute arsenokoi* (NAV: mense wat homoseksualiteit beoefen, 2014 DV: manlike prostitute of mans wat met mans intiem verkeer) aan te haal nie, maar te vervang met 'n parafrase? Was hulle versigtig om die beoefening van homoseksualiteit as sonde aan te dui soos wat moderne teoloë doen? Nee, daar was ten minste twee redes:

1. Die tydsgees[18] van die 1500's het Ursinus weerhou daarvan om homoseksualiteit pertinent in die HK te noem. Homoseksualiteit was tydens die era waarin die Kategismus opgestel is, beskou as so verwerplik dat vroom mense dit nie eers by die naam wou noem nie. Daarom, vanuit 'n Middeleeuse vroomheid, bloot die verwysing na "en sulkes". Ursinus se eie kommentaar bevestig dat homoseksuele dade gesien is as sonde wat so erg is dat daar nie in goeie geselskap daaroor gepraat is nie: *"... En vooral de zonde van Sodom of homoseksualiteit. Want hoewel deze zonde te schandelijk is om eraan te denken, veel meer nog om ze uit te spreken, en ervan te wensen was, dat niet alleen de daad, maar ook de herinnering eraan van de aarde*

[16] Aanvullende Agenda, p 84

[17] Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, punt 5

[18] Die omslagblad van 'n boek, *Sodomy in Reformation Germany and Switzerland, 1400 – 1600*, wat 'n in diepte studie gemaak het van homoseksualiteit in die 1400 – 1600 era vat die inhoud van die boek mooi saam en dui op die tydsgees: *"During the late Middle Ages, a considerable number of men in Germany and Switzerland were executed for committing sodomy. Even in the seventeenth century, simply speaking of the act was cause for censorship. Here, in the first history of sodomy in these countries, Helmut Puff argues that accusations of sodomy during this era were actually crucial to the success of the Protestant Reformation . Drawing on both literary and historical evidence, Puff shows that speakers of German associated sodomy with Italy and, increasingly, Catholicism. As the Reformation gained momentum, the formerly unspeakable crime of sodomy gained a voice, as Martin Luther and others deployed accusations of sodomy to discredit the upper ranks of the Church and to create a sense of community among Protestant believers. During the sixteenth century, reactions against this defamatory rhetoric, and fear that mere mention of sodomy would incite sinful acts, combined to repress even court cases of sodomy."*

weggenomen ware, heeft echter de trouwe Wetgever, onze God - aangezien zo 'n onmenselijke zonde bij de heidenen gevonden werd - niet nagelaten, om Zijn volk Israël getrouw daarvoor te waarschuwen, opdat zij zich met zulke gruwelijke zonde niet zouden inlaten (Lev. 18 : 22 en 25; vgl. ook Rom. 1 : 26v.)….."[19]

Dit was nie net Ursinus wat homoseksuele dade beskou het as onuitspreeklike dade nie. Calvyn se kommentaar oor 1 Kor 6:9 en 10 wys ook sy ongemak om homoseksualiteit by die naam te noem: *"The fourth description of crime is the most abominable of all — that monstrous pollution which was but too prevalent in Greece."*[20]

2. Die Heidelbergse Kategismus was opgestel as onderwysing van die Christelike leer – ook van kinders.

Dit is interessant om Ursinus se kommentaar op vraag 87 te lees:
"Daarom, allen die van de boze werken niet tot God bekeerd worden, maar die in de zonden volharden, worden in eeuwigheid verdoemd, zoals er geschreven staat in 1 Kor 6:9: „Of weet gij niet dat de onrechtvaardigen het Koninkrijk Gods niet zullen beërven?" en vers 10: "Dwaalt niet: noch hoereerders, noch afgodendienaars, noch overspelers, noch ontuchtigen, ***noch die bij mannen liggen****, noch dieven, noch gierigaards, noch dronkaards, geen lasteraars, geen rovers zullen het Koninkrijk Gods beërven";*[21]

Waarom sou Ursinus in sy kommentáár op vraag 87, 1 Kor 6:9 en 10 aanhaal, met die aanhaal van "die bij mannen liggen", maar in die parafrase van 1 Kor 6:9 en 10 in die Kategismus self word homoseksualiteit nie uitgespel nie?

Kevin DeYoung is heeltemal korrek as hy motiveer waarom die HK 1 Kor 6:9 en 10 *bloot opsom*, sonder om die hele sondelys weer te herhaal, en terwyl dit doelbewus homoseksualiteit **nie** by die naam noem nie: *"The Catechism was meant first of all for children, and children, it was thought, should not be corrupted by exposure to such unnatural behavior. Adults would have understood that Answer 87 forbids all the vices mentioned in 1 Corinthians 6:9–10, including the ones left out or too unseemly to mention."*[22]

Die NG Kerk se formele belydenis identifiseer selfdegeslagverhoudings dus as sonde. Daarom is dit bloot onhoudbaar dat die Taakspan 'n verslag daargestel het wat geensins teen die agtergrond van die NG Kerk se Belydenisskrifte opgestel is nie. Die verslag aan die Algemene Sinode 2015 het ook die verslae van vorige sinodes, waar homoseksuele dade as sonde aangetoon is, bewustelik of onbewustelik ignoreer. Dit het uiteindelik gelei tot 'n besluit deur die Algemene Sinode in 2015 wat Skriftuurlik, belydenismatig en kerkordelik nie verantwoordbaar is nie.

DRINGENDE VERSOEK: Ons versoek die Sinode dringend om ter wille van reg en geregtigheid, die eer van God, die welsyn van Sy kerk, die gesag van die Woord en die redding van sondaars, op grond van een of meer van bogenoemde besware, hierdie appèl te handhaaf.

[19] *http://www.theologienet.nl/documenten/UrsinusCathZ34-52.pdf Sondag 41 pagina 141*
[20] http://www.studylight.org/commentaries/cal/view.cgi?bk=45&ch=6
[21] http://www.theologienet.nl/documenten/UrsinusCathZ15-33.pdf pagina 160
[22] http://blogs.thegospelcoalition.org/kevindeyoung/2012/03/16/does-the-heidelberg-catechism-have-anything-to-say-about-homosexuality/

C.3.1 HOMOSEKSUALITEIT/KERKVERBAND
OOSTELIKE SINODE
BESKRYWINGSPUNT

1. EENHEID EN DIVERSITEIT

Die Oostelike Sinode loop reeds ’n lang pad met die saak van selfdegeslagverhoudings en ons is diep bewus van die diversiteit van beskouings binne ons Sinode. Ons lê die volgende aan u voor as getuienis en standpunte.

Op ons pad tot hier het ons daarin geslaag om ten spyte van ons verskille mekaar vas te hou en familie te bly wat vir mekaar omgee en ruimte skep. Ons vorige besluite in 2003 en 2005 het gespreek van hierdie gesindheid.

2. UITTREKSEL UIT DIE STANDPUNTE EN BESLUITE VAN 2003

2.1 SAAMBINDENDE UITGANGSPUNTE

2.1.1 Die Sinode het met deernis geluister na die verhale van lidmate van die Kerk wat hulleself beleef as homoseksueel georiënteer en tegelyk die begeerte het om hulle Christenskap binne die geloofsgemeenskap van die Kerk uit te leef.

2.1.2 Die Sinode erken met spyt dat daar dikwels in die verlede nie genoeg sensitiwiteit en begrip vir die situasie van persone met ’n homoseksuele oriëntasie binne kerklike geledere was nie.

2.1.3 Die Sinode onderskryf die saambindende uitgangspunte wat deur die Diensgroep vir Homoseksualiteit geformuleer is, naamlik:
dat alle mense, ongeag oriëntasie, geslag, ras en kulturele agtergrond met respek en medemenslike liefde bejeën en behandel moet word;
en
dat persone wat verskillende standpunte oor homoseksualiteit huldig, mekaar nie in die proses van besinning sal verloor nie;
en
dat homoseksualiteit ’n komplekse aangeleentheid is en dat mense dit verskillend beleef;
en
dat alle mense onderworpe is aan die gebrokenheid van hierdie sondige wêreld en ’n behoefte het aan verlossing in Christus. Alle mense moet streef na die heelheid in Hom.

2.1.4 Die Sinode oordeel dat alle mense wat glo, hulle Christenskap in die kerk behoort uit te leef, ongeag hulle seksuele oriëntasie.

2.2 VERSKILLENDE SIENINGS

2.2.1 Die Sinode is nie eenstemmig oor die manier waarop ’n homoseksuele oriëntasie verstaan en hanteer behoort te word nie. Dit blyk veral duidelik uit die twee teenstrydige verslae uit die geledere van die Diensgroep vir Homoseksualiteit. Sommige meen dat die beoefening van homoseksualiteit sonde is en dat die enigste aanvaarbare opsie ’n lewe van seksuele onthouding (selibaat), of ’n verandering in oriëntasie is, terwyl ander oordeel dat dieselfde norme in ’n homoseksuele verhouding moet geld wat in ’n heteroseksuele huwelik geld.

2.3 PROSES

Punt ses: Die Sinode erken hiermee dat ons nie ’n eenstemmige antwoord kan gee op ’n hoogs ingewikkelde vraagstuk nie en oordeel dat die proses van besinning met die oog op uiteindelike besluitneming moet voortgaan. Die klem moet egter verskuif na ’n ernstige poging om die teenoorstaande standpunte op ’n eerbare en verantwoordelike wyse nader aan mekaar te bring. Die uitgangspunte bly steeds ’n ernstige en afhanklike soeke na die wil van God en ’n onvoorwaardelike liefde vir die medemens.
(...)
Punt agt: Die Sinode oordeel dat besinning oor die manier waarop ’n homoseksuele oriëntasie deur Christene hanteer behoort te word, nou doelgerig op alle vlakke van die kerklike gemeenskap en veral in gemeentes gevoer moet word.

2.4 IN 2003 HET DIE SINODE SY AFGEVAARDIGDES HIEROOR GETOETS EN DIE UITSLAG HIEROOR WAS SOOS VOLG

2.4.1 Die Kerk het reg opgetree deur verskoning te vra vir gedrag in die verlede wat mense met homoseksuele oriëntasie seergemaak het.

2.4.2 Die huwelik word gesien as ’n verbintenis tussen een man en een vrou en huweliksluiting tussen homoseksuele paartjies is glad nie aanvaarbaar nie.

2.4.3 Die interpretasie van die Skrifgegewens oor homoseksualiteit skep probleme. Hieroor bestaan daar standpunte wat teenoorstaande pole verteenwoordig.

2.4.4 Die term “seksuele oriëntasie” wat in die gesprek oor homoseksualiteit gebruik word, vra verdere verheldering wat navorsing oor die oorsake vir homoseksuele gedrag, verhoudings en deelname aan die geloofsgemeenskap insluit.

3. UITTREKSEL UIT DIE STANDPUNTE EN BESLUITE VAN 2005

3.1 IN 2005 IS DIE VOLGENDE BESLUITE GEFORMULEER:

3.1.1 Die Sinode onderskryf die evangelie-boodskap dat die genade van die Here vir elkeen geld.

3.1.2 Die Sinode bevestig dat lidmaatskap op grond van ’n persoon se geloofsverklaring berus.

3.1.3 Die Sinode bevestig dat die huwelik Skriftuurlik gesien word as ’n verbintenis tussen een man en een vrou.

3.1.4 Die Sinode verklaar dat huweliksluiting tussen homoseksuele paartjies glad nie Bybels aanvaarbaar is nie.

3.1.5 Die Sinode erken dat die Skrif-gegewens oor homoseksualiteit verskillend vertolk word.

3.1.6 Die Sinode verklaar dat dit die Sinode se oorheersende standpunt is, dat die beoefening van homoseksualiteit teen die leer van die Bybel is.

3.1.7 Die Sinode versoek verdere opheldering oor die term “homoseksuele oriëntasie,” wat in die gesprek gebruik word. Dit sluit ook navorsing oor die oorsake vir homoseksuele gedrag, en die aard van homoseksuele verhoudings in.

3.1.8 Die Sinode verseker homoseksuele persone van die NG Kerk se opregte pastorale bewoënheid en verklaar dat alle mense hartlik welkom in ons gemeentes is.

3.1.9 Die Sinode verklaar dat homoseksuele gedrag teen die leer van die Bybel is.

3.1.10 Die Sinode versoek dat vir enige voortgaande besinning ingevolge punte 3.1.5 en 3.1.7 homoseksuele mede-gelowiges wesenlik deel van die proses sal wees.

3.2 DIE SINODE VERKLAAR:

3.2.1 Ons is deel van die familie van Christus. Ons verskil tans nog oor hoe om gelowig na te dink oor homoseksualiteit. Ons stem wel saam dat alle mense in die Kerk welkom is. Ons stem ook saam dat ons sag met mekaar moet wees en nie te vinnig moet oordeel nie. Wat verkeerd is, kan egter nie goedgepraat word nie.

3.2.2 Ons verskil oor hoe om die Bybel te verstaan. Vir die meerderheid van ons afgevaardigdes, gemeentes en lidmate is die Skrifgegewens duidelik teen enige homoseksuele dade. Hierdie lidmate glo dat ons die Bybelwoorde sal verswak en God se heiligheid oneer sal aandoen, as ons enigsins homoseksuele dade goedpraat.

3.2.3 Vir ’n minderheid van afgevaardigdes, lidmate en gemeentes is dit nie duidelik hoe die Skrifgegewens toegepas moet word nie. Hierdie lidmate wil graag langer nadink oor hoe ons die Bybeluitsprake oor sake soos hierdie in nuwe tye moet verstaan en toepas.

3.2.4 As familie wil ons aan mekaar vashou, want ons het mekaar nodig. Die Gees is immers aan ons almal saam gegee. Ons aanvaar mekaar se goeie trou in hierdie saak. Trouens, die hantering hiervan het ’n openbare toets van liefde geword. Ter wille van God se eer gaan ons hierin slaag.

4. DIE 2015-BESLUITE OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

Na aanleiding van die 2015-BESLUITE OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGS het die Sinodale Diensraad op verskillende maniere vir leraars, gemeentes en ringe terugvoer gevra oor die besluite. Daar is ook twee konsultasies met leraars gehou om hulle terugvoer te kry.

Die meeste kerkrade en ringe se terugvoer oor die besluite was negatief, maar daar was ook ’n aantal gemeentes en leraars wat positief was oor die besluite of nie ’n probleem daarmee gehad het nie. Dit is kenmerkend van die diversiteit wat ons weet in die Sinode bestaan.

5. SINODESITTING VAN 23 TOT 26 OKTOBER 2016

Tydens die SINODESITTING VAN 23 tot 26 OKTOBER 2016 is die saak weer op die Sinode se tafel geneem. ’n Gespreksdokument het voor die Sinode gedien wat gebaseer is op bogenoemde terugvoer en ’n aantal beskrywingspunte wat van gemeentes gekom het. Tydens die sitting het ’n aantal individue ook voorstelle ingedien. Dit alles is gekonsolideer en het voor die Sinode gedien. Die volgende besluite is goedgekeur en word nou as ’n beskrywingspunt na die Algemene Sinode deurgestuur:

5.1 Die Oostelike Sinode stuur die onderstaande besluite aan die buitengewone sitting van die Algemene Sinode deur met die bewustheid dat daar nie in die Sinode eenstemmigheid hieroor is nie. In ons familie is daar ook ander standpunte en die Sinode wil duidelik ons waardes van eenheid te midde van diversiteit onderstreep.

5.2 Die Sinode bevestig die uitgangspunte, verklarings en besluite van 2003 en 2005 rakende homoseksualiteit en stuur dit na die Algemene Sinode.

5.3 Die Sinode versoek die Algemene Sinode om die **besluit oor selfdegeslagverhoudinge te herroep** in die lig van die feit dat die vergadering nie getrou was aan ’n vorige besluit van 2004 (Algemene Sinode Besluiteregister 2004 bl 428) om eers met gemeentes in gesprek te gaan voordat ’n sensitiewe besluit geneem word nie, en dat die besluite van 2007 en 2013 oor selfdegeslagverhoudings as die standpunt van die NG Kerk sal geld.

5.4 Die Sinode bevestig dat **“slegs die verbintenis van een man en een vrou as ’n huwelik beskou word”** (Algemene Sinode 2015) en dat **“dat seksuele gemeenskap buite so ’n vaste, formele verbintenis/verhouding nie aan Christelike riglyne voldoen nie”** (Algemene Sinode 2013).

Die Sinode het besluit om die “verbintenis/verhouding” duideliker te omskryf as ’n **huweliksverbintenis**, soos in die volledige 2013 besluit verwoord: “Die Algemene Sinode oordeel dat, in die lig van bostaande, gelowiges met reg die huwelik ’n gawe van God noem en dat seksuele gemeenskap buite so ’n vaste, formele verbintenis/verhouding nie aan Christelike riglyne voldoen nie.”

5.5 Die Sinode versoek dat daar **herbesin moet word oor seks binne en buite die huwelik**. Daar blyk ’n dubbele standaard geskep te word tussen homo- en heteroseksuele predikante. Indien ’n burgerlike verbintenis nie ’n huwelik is nie (soos die 2015 besluit dit stel), val seks binne so ’n verbintenis of selfdegeslagverhouding buite die aanvaarbare grense wat die Sinode self gestel het op grond van Bybelse riglyne.

5.6 Die Sinode bevestig die oortuiging dat die Bybel **hoër morele eise aan leiers stel** (Jakobus 3:1) en soos wat dit neerslag vind in die Kerkorde. Daarom kan geen persoon wat in ’n saamwoonverhouding of ’n "ander formele verbintenis / verhouding" (bv ’n burgerlike verbintenis) staan, as leraar dien of tot die bediening toegelaat word nie. Dieselfde seksueel-etiese vereistes wat aan ongetroude heteroseksuele predikante gestel word, word ook aan homoseksuele predikante gestel.

5.7 Kerkrade besluit self oor die vereistes waaraan **ander leiers** in die gemeente moet voldoen en vervat dit in ’n beleidsdokument.

5.8 Die Algemene Sinode word versoek om **beleidsbesluite oor pastorale kwessies** in die hande van gemeentes te los en nie beleidsbesluite hieroor te neem sonder konsultasie nie.

5.9 Die Algemene Sinode word versoek om **riglyne in verband met die pastorale versorging** van homoseksuele lidmate daar te stel sodat hierdie lidmate nie marginalisering, verwerping of veroordeling sal beleef nie.

5.10 Die Sinode versoek dat die gesprek oor die besluite van 2007 en 2013 sal voortgaan en nie uitgerangeer sal word nie.

DIE VOLGENDE BESLUITE IN VERBAND MET DIE KERKVERBAND IS OOK GEFORMULEER

5.11 Die Sinode besluit dat die Sinodale Diensraad die rol van die Algemene Sinode as kerkverband as ’n saak van prioriteit moet aanspreek. Alternatiewe modelle van kerkverband wat waarde toevoeg tot gemeentes en waarmee lidmate kan identifiseer, moet ondersoek word.

5.12 In die lig van die probleme rondom die 2015-besluit oor selfdegeslagverhoudings wil ons voorstel dat die Algemene Sinode sy samestelling prinsipieel sal hersien.

5.13 Afgevaardigdes na die Algemene Sinode moet hulle mandaat van hul sinodes na die Algemene Sinode neem en dan besluite onder leiding van die Heilige Gees en in konsensus neem.

5.14 Ons verseker die Buitengewone Algemene Sinode van ons getroue voorbidding.

C.3.2 SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

KWAZULU-NATAL

BESKRYWINGSPUNT

Die Sinode van KwaZulu-Natal beveel aan dat die Algemene Sinode nie nou 'n besluit oor selfdegeslagverhoudings neem nie sodat behoorlike besluitnemingsprosesse met raadpleging van die kerkverband (streeksinodes, ringe gemeentes) plaasvind.

C.3.3 FREKWENSIE VAN ALGEMENE SINODEVERGADERINGS
GOUDLAND
VERSOEKSKRIF

1. INLEIDEND

Die Sinode Goudland (toe Wes-Transvaal) het by haar Buitengewone Vergadering in 2015 'n ad-hoc kommissie aangewys om te besin oor die kerkverband, aangesien die Algemene Sinode nie meer aan die verwagtinge en behoeftes van die verband voldoen nie. Nege vrae is in die verband as vertrekpunt gegee.

Tydens die verslag aan die Sinode Goudland op 20 Oktober 2016 is die verslag soos geamendeer goedgekeur vir dringende aandag van die Buitengewone Algemene Sinode van 7 tot 10 November 2016 te Pretoria. Besluite by sessie 13 van die Buitengewone Sinode word hierdeur geraak.

Die volledige besluit van die sinode word hierby aangeheg as Bylae A. Hieronder volg die belangrikste punte vir inagneming tydens die gesprek oor die kerkverband, nl die frekwensie van die Algemene Sinodevergaderings.

2. DIE ALGEMENE SINODE KERKVERBAND – 'N NUWE ERA

2.1 NOODSAAK

2.1.1 Die Kerkverband van die 10 samestellende sinodes van die NG Kerk is baie belangrik en moet behou en bewaar word. In die verband moet die Algemene Sinode en haar vergaderinge 'n plek wees waar almal wat deel is van die NG Kerk gehoor kan word.
2.1.2 Die wyse waarop daar tans besluite geneem word, is ontoereikend. Veral die huidige samestelling bereik nie die doel in 2.1.1 nie.
2.1.3 Die essensie van die versoekskrif is dat aanbevelings wat nie deur die 10 sinodes deurdink is nie, nie vir besluitneming op die tafel van die Algemene Sinode behoort te kom nie. Die ministeriële werkswyse van ons kerk vra dat sake vanaf die kerkraad, ring en sinode by die Algemene Sinode sal kom.

2.2 DIE BEHOEFTE

2.2.1 Die tweejaarlikse en slegs 200 afgevaardigdes bevredig nie.
2.2.2 (Kyk aangehegte diagram). Daar word voorgestel dat die Algemene Sinode oor 'n vierjaar-termyn in verskillende gestaltes vergader. Sinode Kontrakta ipv ASM ten minste jaarliks (3 leraars en 3 kerkraadslede per sinode) vir 3 jaar, opgevolg deur 'n eenheidsinode in jaar 4 (elke kerkraad deur sy leraars en gelyke aantal kerkraadslede verteenwoordig.)
2.2.3 Die Kerkverband het 'n samebindende funksie ten opsigte van gemeentes. Dit beteken nie dat ons eendersdenkend sal wees nie, maar dat daar in eenheid saam gedink en gedoen word.
2.2.4 Kerkrade word dan prakties deel van die kerkverband se besluitneming. Die hele klagte oor "van bo af" word hierdeur hanteer. Alle vlakke van kerkregering is dan in die besluitnemingsproses ingesluit.

2.3 DIE PRAKTYK

2.3.1 Die Eenheidsinode vergader elke vier jaar as sinodus plena (Eenheidsinode) met al die leraars en 'n kerkraadslid per leraar, van elke gemeente. Gemeentes word versoek om hiervoor te begroot oor 'n tydperk van vier jaar. Slegs die allernoodsaaklikste besluite itv Art 43 word ter tafel geneem waar die breedste moontlike instemming benodig word. Geen laat verslae word ter tafel geneem nie, aangesien daar nou 'n bepaalde roete van onder af gevolg moet word en ondeurdagte besluite uitgeskakel moet word.

2.3.2 Die vergadering dien verder as versterking en viering van ons onderlinge verbondenheid. Afgevaardigdes vanaf die voetsoolvlak kan deelneem en terugvoering gee, en vertroue in en meelewing met die werk van die Eenheidsinode word geskep. Alhoewel koste 'n faktor is, behoort die dividend oor die langtermyn groter te wees. Uiteraard is daar talle tegniese en praktiese sake waaroor duidelikheid verkry sal moet word tov so 'n vergadering, maar dit behoort nie onoorkombaar te wees nie.

2.3.3 In die interim jare vergader die Algemene Sinode <u>jaarliks as sinodus contracta</u> met ses verteenwoordigers uit elkeen van die 10 sinodale gebiede volgens keuse van die betrokke sinodes of drie predikante en drie kerkraadslede. Hierdie vergadering doen die werk van die Eenheidsinode soos omskryf in Art 43 van die Kerkorde. Hierdie vergadering van die Eenheidsinode kan dan dinkskrums/ netwerke daarstel

om te help met die besinning oor sake waaroor daar beleid/standpunte geformuleer moet word. Daar kan selfs van internetforums gebruik gemaak word, waar deelnemers bestaan uit die afgevaardigdes na die Eenheidsinode en elkeen 'n gebruiksnaam en wagwoord ontvang. Almal kan dan lees wat op die forums ter tafel gebring word en sodoende word nadenke gestimuleer. Deur middel van gemeenteverteenwoordigers kan elkeen se stem gehoor word.

3. DIE SINODE GOUDLAND BEPLEIT DUS:

3.1 Dat die Algemene Sinode in verskillende gestaltes sal vergader.
3.2 Dat die ASM deur 'n Sinodus Contracta vervang word wat, soos in die diagram, deel word van die siklus van 4 jaar wat uitloop op 'n Eenheidsinode. Dus 2016 word jaar 1 en die huidige siklus loop tot by 'n Eenheidsinode in 2019. Dit maak Algemene Predikantebyeenkomste dalk onnodig.
3.3 Dat die besluite van Goudland Sinode in ag geneem word wanneer die Algemene Sinode se Taakspan Kerkverband die detail hanteer.

VOORGESTELDE DIAGRAM



C.3.4 PLATTELANDSE EN KLEIN GEMEENTES
GOUDLAND
VERSOEKSKRIF

Die Sinode van Goudland versoek die Algemene Sinode om ’n dringende ondersoek te laat doen deur Kerkspieël om die situasie van alle plattelandse en ander klein gemeentes se bediening vas te stel. Daarna die nodige aanpassings in die Kerkorde (ook die Pensioenfondse) te maak sodat dit die bediening van sodanige gemeentes moontlik kan maak.

MOTIVERING:
1. Vir die totale Kerk behoort die opbou van die Liggaam van Christus volgens Efes. 4:12,13 ’n prioriteit te wees want daarom is die “gawes” aan die kerk gegee om die lidmate tot volwassenheid in Christus te lei.
2. Indien die Kerk nie aan hierdie gedeelte van die Liggaam van Christus (die klein gemeentes) aandag wil gee nie, trek die Kerk ’n streep deur Efes. 4:16 en is dus ongehoorsaam aan die opdrag van die Here Jesus Christus.
3. Klein gemeentes kan nie die mas opkom om die volle finansiële las van ’n voltyds-onbepaaldetermynleraar te kan dra nie. Dit is ook waar van ’n tentmaker en vastetermynleraarsposte, omdat veral die Pensioenfondse dit onmoontlik maak. Selfs al is dit ’n emeritus.
4. Die uitbreiding van die Koninkryk word ook geraak aangesien die kerk net een van die drie bepaalde leraarstipes wil gebruik. So bv kan die NG Kerk Zeerust nie die las van die pensoenfonds dra om ’n leraar met beperkte bevoegdheid (D01) in die Angolese-wyk te beroep en te bevestig nie al is hy reeds ’n pensioenaris van die staat.
5. In twee ander gemeentes van die Ring van Zeerust, nl Nietverdiend en Groot Marico, is die bediening van lidmate ook in ’n krisis. Om die bediening van lidmate te kan voortsit, is gebruik gemaak van emeriti wat as ouderlinge met opdrag bediening bevestig is. Sodra as wat die emeriti in ’n pos van tentmaker of vastetermyn bevestig wil word, dring die pensioenfondse aan op sekere bydraes wat dit vir die gemeentes onmoontlik maak om dit te kan doen.
6. Dit is al gesê: “As ’n gemeente nie kan betaal nie, dan kan daar nie bediening wees nie”. Verder is samesmelting en kombinasie ook as moontlikhede aangedui. Dis juis hier waar veral die plattelandse situasie nooit in aanmerking geneem moet word nie. Dit is nie net die afstand tussen dorpe wat in aanmerking geneem word nie, ook die afstand tussen dorpe wat in aanmerking geneem moet word nie, ook afstand weg van die dorp af, van die lidmate wat op plase woon.
7. Dit wil voorkom asof ’n gedeelte van die liggaam doodtevrede is omdat hulle bediening het, die ander kan maar sien kom klaar.

C.3.5 INSKAKELING VAN DIE NGKA BOKANG MODIMO STREEKSINODE AS RING BY DIE NG KERK SINODE GOUDLAND

GOUDLAND

VERSOEKSKRIF

Die Sinode van Goudland gee aan die Algemene Sinode kennis dat op die laaste sitting van die Sinode op 19 en 20 Oktober 2016 besluit is om die versoek van die NGKA Bokang Modimo Streeksinode om as Ring by die NG Kerk Sinode Goudland in te skakel, te aanvaar. Die Sinode Goudland versoek die Algemene Sinode om die versoek ook te oorweeg. 'n Ooreenkoms van samewerking tussen Sinode Goudland en die Sinode Bokang Modimo sal deur die SBK in samewerking met die Sendingkommissie opgestel word.

Hierdie Sinode bevestig opnuut dat ons met al die kerke van die NG Familie op die pad van roeping en plig sal saam lewe en saam werk.

C.4.1 SELFDEGESLAGVERHOUDINGS – VOORSTEL TER VERGADERING PLUS ALLE AMENDEMENTE EN BYKOMENDE VOORSTELLE

Hierdie dokument is op versoek van die voorsitter saamgestel mdo op 'n sinvolle hantering van die saak in die besluitnemingsproses. Dit bevat die ooreengekome voorstel ter vergadering (die gravamen van Noord-Kaapland) asook alle amendemente en bykomende voorstelle.

VOORSTEL: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

Gravamen: Noord-Kaapland

2. Die Sinode pleit by die Algemene Sinode om die saak van selfdegeslagverhoudings met groot omsigtigheid te benader en om nie standpunte op gelowiges en gemeentes af te dwing waarvan die Gees die gemeentes nie oortuig het nie.

Amendement
1. Die Algemene Sinode besluit om die saak van selfdegeslagverhoudings met groot omsigtigheid te benader en om nie standpunte op gelowiges en gemeente af te dwing waarvan die Gees die gemeentes nie oortuig nie. Ons oordeel dat die saak waaroor dit gaan, nie tot die kern van die geloof behoort nie, en dat die kerk daarom met hierdie onderlinge verskille kan saamleef. Hoewel daar verskillende vertolkings is van Skrifgegewens, is die gesag van die Woord nie in gedrang nie.
(SW Albertyn/AL Bartlett)

3. Die sinode in Noord-Kaapland:
3.1 herbevestig sy verbintenis aan die besluite van die Algemene Sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg.
"1. Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring Skrifgebruik en Skrifgesag, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.
2. Die Algemene Sinode wys daarop dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986 (getiteld Skrifgebruik en Skrifgesag), 1990 (Skrifberoep in Etiese Sake) en 2002 (Gesag van die Skrif) hiermee saam gelees behoort te word."
(Vgl: Notule Algemene Sinode 2011, bladsy 91)

3.2 wys die Algemene Sinode daarop dat die amptelike besluite van die Algemene Sinode oor Skrifgebruik en Skrifgesag nie gewysig is nie en steeds die geldende standpunt van die Algemene Sinode is.

Amendement
2. Die Algemene Sinode:
2.1 herbevestig sy verbintenis aan die besluite van die Algemene Sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg.
"1. Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring Skrifgebruik en Skrifgesag, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.
2. Die Algemene Sinode wys daarop dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986 (getiteld Skrifgebruik en Skrifgesag), 1990 (Skrifberoep in Etiese Sake) en 2002 (Gesag van die Skrif) hiermee saam gelees behoort te word."
2.2 wys die Algemene Sinode daarop dat die amptelike besluite van die Algemene Sinode oor Skrifgebruik en Skrifgesag nie gewysig is nie en steeds die geldende standpunt van die Algemene Sinode is.
(SW Albertyn/AL Bartlett)

3.3 Die Sinode is bekommerd dat die nuwe standpunte van die Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake oor hermeneutiek, Skrifgebruik en Skrifgesag soos verwoord in die bylaes van die Taakspan Leer en Aktuele Sake wat voor die Algemene Sinode 2015 gedien het, teenstrydig is met die huidige amptelike standpunte van die Sinode. Ons versoek die Algemene Sinode om hieroor te herbesin.

4. Die Sinode in Noord-Kaapland bely
4.1 dat ons altyd soekend moet bly na die waarheid van die evangelie tussen veelvuldige stemme en in 'n stukkende wêreld.

4.2 dat gelowiges met diep oortuigings oor selfdegeslagverhoudings dikwels van mekaar verskil, en daarom moet hierdie soeke in 'n gees van luister, sensitiwiteit, smeking, dringendheid en verantwoordelikheid benader word, wagtend op die leiding van die Heilige Gees.

Byvoeging
3.3 dat almal betrokke by die verskillende vertolkings erns maak met die Skrif en dat daar by almal 'n opregte begeerte is om God se wil te soek.
(SW Albertyn/AL Bartlett)

4.3 dat die kerk die plek is waar almal omarm en die genade van Christus ontdek moet word.

5. Die Sinode in Noord-Kaapland
5.1 beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie, maar inteendeel, dat met respek en in liefde teenoor alle mense opgetree moet word.

Amendement
4. Die Algemene Sinode:
4.1 beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie, maar inteendeel dat met respek en liefde teenoor alle mense opgetree moet word. Ons erken die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind onsself opnuut tot die bevordering van die Godgegewe waardigheid van alle mense.
(SW Albertyn/AL Bartlett)

5.2 roep alle lidmate en ampsdraers op om persone met 'n homoseksuele oriëntasie met pastorale sensitiwiteit en met die liefde van Christus te bedien.

Amendement
4.2 roep alle lidmate en ampsdraers, ongeag seksuele oriëntasie, om mekaar met die liefde van Christus te aanvaar.
(SW Albertyn/AL Bartlett)

5.3 vra onvoorwaardelik vergiffenis waar persone met 'n homoseksuele oriëntasie nie soos hierbo behandel is nie

5.4 herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as 'n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou

Amendement 1
4.4 herbevestig sy vorige besluite dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou word, maar erken dat daar lidmate van dieselfde geslag in burgerlike verbintenisse is wat getuig van liefde en trou.
(SW Albertyn/AL Bartlett)

Amendement 2
herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as 'n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en dat enige seksuele gemeenskap (dade) buite so 'n vaste formele huweliksverbintenis nie aan Christelike riglyne voldoen nie.
(J Smook/KFG Potgieter)

Amendement 3
Voeg by "en dat seksuele gemeenskap buite so 'n vaste formele verbintenis/verhouding (huwelik) nie aan Christelike riglyne voldoen nie."
(ACV van Wyk/HM Janse van Rensburg)

5.5 bevestig dat die gesin as hoeksteen in 'n Christelike gemeenskap beskou word.

5.6 is oortuig dat enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, 'n volwaardige lidmaat van Sy kerk is en as sodanig as ongesensureerde lidmaat volle toegang het tot al die ampte in die kerk.

Amendement 1
4.6 besluit dat predikante wat wil aansoek doen om deur die staat aangestel te word om burgerlike verbintenisse volgens Wet 17 van 2006 te bevestig, die goedkeuring van hul kerkraad moet kry en dan volgens die normale proses aansoek doen. Uitbreiding van 5.6.

4.7 is oortuig dat enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, ongeag seksuele oriëntasie, 'n volwaardige lidmaat van die kerk is en as sodanig as ongesensuurde lidmaat volle toegang het tot al die ampte in die kerk. Amendeer 5.6.
4.8 bevestig dat gemeentes die reg het om selfstandig tot besluite te kom oor wat hulle meen die beste vertolking van God se Woord oor selfdegeslagverhoudings is, en laat gemeentes toe om selfstandig te besluit hoe hulle prakties daaraan beslag gee. Uitbreiding van 5.6.
4.9 bevestig dat kerkrade die reg behou om self te besluit wie in leiersposisies in die gemeentes mag dien, en kan nie verplig word om enige persoon wat in 'n selfdegeslag-burgerlike verbintenis is, in diens te neem nie. Uitbreiding van 5.6.
4.10 besluit dat dieselfde Christelik-etiese standaarde met betrekking tot leer en lewe geld vir die legitimasie en ordening van alle persone, ongeag seksuele oriëntasie. Uitbreiding van 5.6.
(SW Albertyn/AL Bartlett)

Amendement 2
is oortuig dat enige person wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus bely 'n volwaardige lidmaat van sy kerk is.
(J Smook/KFG Potgieter)

Amendement 3
Voeg die volgende twee punte na 5.6 by :
1. Die sinode besluit dat indien daar 'n konflik van belange tussen 'n ampsdraer en sy/haar gemeente ontstaan, weeg die belange en welstand van die gemeente swaarder as die van die betrokke ampsdraer van die gemeente. Hierdie besluit is van toepassing op alle vlakke van die gemeentebediening.
2. Die sinode besluit dat predikante nie bevoegdheid het om burgerlike verbintenisse in terme van die Wet op Burgerlike Verbintenisse (Wet 17 van 2006) te bevestig nie.
(HM Janse van Rensburg/H Theunissen)

BYKOMENDE VOORSTELLE

5.7 Nuut: bevestig dat 'n burgerlike verbintenis nie 'n huwelik is nie en daarom ook val seksuele dade binne so 'n verbintenis of selfdegeslagverhouding buite die aanvaarbare grense op grond van Bybelse riglyne.
5.8 Nuut: bevestig die oortuiging dat die Bybel hoër morele vereistes aan leiers stel (Jak 3:1, 1 Tim 3:1–7, Tit 1:5–7) soos dit neerslag vind in die Kerkorde. Daarom kan geen persoon wat in 'n seksuele verhouding anders as binne 'n formele huwelik staan (maw enige ander informele of formele verbintenis soos 'n burgerlike verbintenis is hiervan uitgesluit) as predikant dien of tot die bediening toegelaat word nie.
5.9 Nuut: bevestig dat Kerkrade self kan besluit oor die vereistes waaraan ander leiers in die gemeente moet voldoen en vervat dit in 'n beleidsdokument met in agneming van Kerkordelike bepalings.
(J Smook/KFG Potgieter)

Voeg nuwe punt by aan einde 5.7 "Die AS aanvaar die standpunt (bl 145–150 van die Beswaarskrifte en Gravamina) oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Gereformeerde tradisie en die Skrif as in ooreenstemming met Artikel 1 van die Kerkorde van die NG Kerk. Dit vervang enige vorige besluite en standpunte van die NG Kerk oor die status van selfdegeslagverhoudings.
(ACV van Wyk/HM Janse van Rensburg)

1. Die Algemene Sinode stuur die besluite oor selfdegeslagverhoudings na sinodes as konsepbesluite vir oorweging en saamsoek na die wil van die Here.
2. Sinodes betrek gemeentes en lidmate op eie manier in die proses.
3. Na terugvoer teen einde 2017 berei die ASM 'n finale formulering voor vir besluitneming deur die volgende Algemene Sinode.
(JHG Gous/JPA Brink)

Die Algemene Sinode besluit om die kerkverband (streeksinodes, ringe, gemeentes) te konsulteer met die oog op besluite oor selfdegeslagverhoudings met terugvoering aan die volgende Algemene Sinode.
(H Theunissen/FJ van der Merwe)

BESLUITEREGISTER

AGENDA-PROJEKSPAN/ONTWERPSPAN (A.1 bl 14 pt 17; Notule bl 13)
17.1 Die Algemene Sinode keur die reëlings van die Ontwerpspan tov die buitengewone sinode goed.
17.2 Die Algemene Sinode keur die Huisreëls goed.
17.3 Die Algemene Sinode keur goed dat die notules, wat nie tydens die vergadering gedien het nie, elektronies deur die Moderamen goedgekeur word.

APPÈLLE, GRAVAMINA, BESWAARSKRIFTE EN VOORLEGGINGS: ORDEVOORSTEL (SD Snyman/CHJ van Schalkwyk) (Notule bl 14)
1. Die Sinode besluit om pt 3.8.1 en 3.8.2 terug te verwys na die ATR in die lig van vrae tydens die bespreking en onduidelike formulerings wat vatbaar is vir waninterpretasie.
2. Lede van die Sinode word uitgenooi na die vergadering van die ATR om sake verder toe te lig.

APPÈLLE, GRAVAMINA, BESWAARSKRIFTE EN VOORLEGGINGS (C.1.2 bl 44 pt 3.8; Notule bl 16)
3.8.1 Die Algemene Sinode besluit dat bespreking en besluitneming oor selfdegeslagverhoudings as teologies-etiese saak tydens die buitengewone sitting in November 2016 plaasvind.
3.8.2 Die Algemene Sinode besluit om aan persone wat gravamina, beskrywingspunte en voorleggings ingedien het, geleentheid te gee om die vergadering toe te lig.

BELYDENISGRONDSLAG (A.3.1 bl 74 pt 5.3; Notule bl 29)
Ordemosie van QE Heine word goedgekeur dat die aanbevelings na die volgende Algemene Sinode verwys word.

BESLUITNEMINGSPROSES: ALGEMENE SINODE (A.3.1 bl 74 pt 6.5: Notule bl 29)
Ordemosie van QE Heine word goedgekeur dat die aanbevelings na die ATR verwys word met verslag aan die ASM.

BESWAARSKRIFTE, GRAVAMINA EN VOORLEGGINGS (A.2.9 (Laatstukke) bl 40 pt 6; Notule bl 28)
6.1 Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Taakspan Regte op om met die hulp van die Algemene Sekretaris al die persone wat gravamina, besware en voorleggings by die sinode ingedien het, skriftelik te wys op die toepaslike reaksie van die Sinode.

Die volgende gravamina is ontvang waarop toepaslike reaksie na aanleiding van die Sinode se besluite skriftelik gegee moet word:

01 - Gravamen Burgersfort Kerkraad
05 - Gravamen Tinus & Anita de Jager NG Kerk Burgersfort
06 - Gravamen NG Kerk Piet Plessis Kerkraad
23 - Gravamen Chris van Wyk
24 - Gravamen NG Kerk Witbank-Panorama Kerkraad
34 - Gravamen Prof Johan Janse van Rensburg
53 - Gravamen Almari Coetsee NG Kerk Lydenburg Moedergemeente
54 - Gravamen Rina Smith Lydenburg NG Kerk Moedergemeente
55 - Gravamen Bernie en Tharina Olivier NG Gemeente Burgersfort
56 - Gravamen Hannes Schultz en Riaan van Zyl
57 - Gravamen NG Kerk Riversdal Kerkraad
59 - Gravamen Gert Viljoen Moedergemeente Lydenburg
60 - Gravamen Pieter Botha Lydenburg NG Kerk Moedergemeente
61 - Griefskrif AP Oberholzer
83 - Gravamen NG Kerk Dundee Kerkraad
105 - Gravamen Kerkraad Witbank-Vallei
109 - Gravamen NG Kerk Witbank-Suid,
110 - Gravamen Ring van Witbank
111 - Gravamen Hannes de Klerk
113 - Gravamen NG Kerk Charl Cilliers
116 - Gravamen NG Kerk Stilbaai
117 - Gravamen Freda de Jager lidmaat NG Kerk Burgersfort
126 - Gravamen H W J Smit lidmaat NG Gemeente Helderberg Wes Kaap
128 - Gravamen Anna-Marie de Kock lidmaat NG Gemeente Burgersfort

Dws 23 Gravamina en 1 Griefskrif.

6.2 In gevalle waar daar sake voorkom wat nie deur die Algemene Sinode van 2016 hanteer is nie, word die sake verwys na die volgende Algemene Sinode vir afhandeling. Die indieners van die betrokke sake word dienooreenkomstig ingelig.

DOSENTE EN TEOLOGIES-ETIESE STANDPUNTE (J Potgieter/MJN van der Merwe) (Notule bl 29)
Die voorstel kan nie hanteer word nie as gevolg van die tydsbeperking en word verwys na die Algemene Kuratorium met verslag aan die ASM.

FREKWENSE EN SAMESTELLING VAN DIE ALGEMENE SINODE (A.4 bl 93 pt 1.2: Notule bl 28)
1.2.1 Die Algemene Sinode besluit dat die volgende vergadering van die Algemene Sinode in 2019 sal plaasvind.
1.2.2 Die Algemene Sinode gee die Taakspan Kerkverband opdrag om die volgende sinode met 'n omvattende verslag te adviseer oor: wyse van besluitneming, samestelling, agendavorming, wyse van vergader, bekostigbaarheid, voorkeurfasiliteite wat benodig word, samestelling van die Moderamen asook ander faktore wat 'n rol kan speel ten einde goeie besluitneming te verseker.

FREKWENSIE VAN ALGEMENE SINODEVERGADERINGS: VERSOEKSKRIF GOUDLAND (C.3.3 (Laatstukke bl 63); Notule bl 28)
Versoekskrif en aanbevelings verwys na die Taakspan Kerkverband.

GESINNE (WA Pretorius/JF Marais) (Notule bl 29)
Die Sinode versoek ATLAS om verder ondersoek te doen en konsultasie te hou oor wat ons verstaan van 'n Christelike huweliks- en familielewe. ATLAS moet ook die 2011 Algemene Sinodeverslag gebruik:
1 'n Ondersoek na die Ou Testament en Nuwe Testament se voorbeelde van 'n huwelik.
2 Die bedoeling van 'n huwelik en familie.
3 Wat is die raakpunte en verskille tussen huwelik en burgerlike verbintenis.

KERKORDELIKE VOORSKRIFTE TOV VERGADERINGSPROSEDURES (HAH van den Heever/MP Sahd) (Notule bl 30)
Is nie hanteer nie as gevolg van tydsbeperkinge.

KERKREGTELIKE EN REGSIMPLIKASIES (A.3.1 bl 75 pt 7.4: Notule bl 29)
Ordemosie van QE Heine word goedgekeur dat die aanbevelings na die ATR verwys word met verslag aan die ASM.

LAATSTUKKE: GRAVAMEN, BESKRYWINGSPUNTE EN VERSOEK (C.1.1 bl 43 pt 4; Notule bl 14)
4.1 <u>Ring van Stellenbosch: Beskrywingspunt</u>
Die Algemene Sinode neem kennis dat die Beskrywingspunt van die Ring van Stellenbosch nie ontvanklik is nie. 'n Ring kan nie 'n beskrywingspunt direk na die Algemene Sinode stuur nie (Regl 3, pte 6.1 en 6.2).
4.2 <u>Oostelike Sinode: Beskrywingspunt</u>
Die Algemene Sinode neem kennis dat die Beskrywingspunt van Oostelike Sinode (C.3.1) ontvanklik is.
4.3 <u>Noord-Kaapland: Gravamen</u>
Die Algemene Sinode neem kennis dat die Gravamen van Noord-Kaapland (C.2.1) ontvanklik is.
4.4 <u>Wes-Transvaal/Goudland: Versoek</u>
Die Algemene Sinode neem kennis van die inhoud van die dokument (C.3.3) en verwys dit na die ATR/Taakspan Kerkverband vir verrekening in die voortgaande debat mbt die strukturering en funksionering van die kerkverband.
4.5 <u>Natal (KZN): Beskrywingspunt</u>
Die Algemene Sinode neem kennis dat die Beskrywingspunt van KZN (C.3.2) ontvanklik is.

PROPORSIONELE KOMPONENT VAN SINODES SE AFVAARDIGING: BEREKENING VAN (C.1.1 bl 42 pt 2; A.1 bl 9 pt 7.1; Notule bl 13)
2.1 Die Algemene Sinode neem kennis daarvan dat daar nie 'n gelyke aantal leraars en ouderlinge/diakens afgevaardig is nie vanweë omstandighede (vgl Artikel 38.1).
2.2 Die Algemene Sinode neem verder kennis daarvan dat daar geen benadeling vir enige party is nie (die voorsitter toets die vergadering daaroor).
2.3 In die lig hiervan aanvaar die vergadering die nie-nakoming en sit die vergadering voort asof aan die Artikel voldoen is.

REGSOPTREDE: DREIGING MET (MS Janse van Rensburg/JHG Maritz) (Notule bl 14)

1. Die Algemene Sinode spreek sy diepe teleurstelling en sterkste afkeur uit ten opsigte van lidmate, waaronder bedienaars van die Woord, wat dreig met regsoptrede teen die Kerk terwyl kerklike prosesse aan die gang en nog nie uitgeput is nie.

Motivering: Die Sinode neem hierdie besluit op grond van die volgende:

1.1 Die kerk is, ten spyte van menslike swakhede en tekortkominge, die duurgekoopte eiendom van God en die liggaam en bruid van Jesus Christus;

1.2 Jesus se lewe getuig van sagmoedigheid, geduld, langsaamheid en versoening. Jesus self het ook gesê: *"As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe. As iemand 'n regsaak teen jou begin, kom betyds tot 'n skikking solank jy nog saam met hom op pad hof toe is, sodat hy jou nie voor die regter bring en die regter jou aan die polisie oorgee en dié jou in die tronk sit nie."* (Mat 5:23–25)
en
"Waarom maak julle nie vir julleself uit wat die regte ding is om te doen nie? Terwyl jy saam met jou teenstander op pad is hof toe, moet jy moeite doen om die saak met hom te skik, sodat hy jou nie voor die regter sleep en die regter jou aan die polisie oorgee en die polisie jou in die tronk sit nie. Ek verseker jou: Jy sal sekerlik nie daar uitkom voordat jy die laaste sent betaal het nie." (Luk 12:57–59);

1.3 Paulus, onder die inspirasie van die Heilige Gees, leer ook die kerk hoe om op te tree:
Gaan iemand van julle wat 'n saak teen 'n ander gelowige het, werklik so ver dat hy sy reg by heidense regters soek en nie by gelowiges nie? Of weet julle nie dat die gelowiges oor die wêreld sal oordeel nie? En as julle oor die wêreld sal oordeel, is julle dan onbevoeg vir sulke geringe hofsake? Weet julle nie dat ons oor die engele sal oordeel nie? Dan tog seker ook oor alledaagse dinge. As julle oor alledaagse dinge geskille het, laat julle dan die mense as regters optree op wie die gemeente neersien? Ek sê dit om julle skaam te maak. Is daar dan nie 'n enkele verstandige mens onder julle wat 'n saak tussen gelowiges kan besleg nie? Maar gaan een gelowige nou met die ander hof toe, en dit voor ongelowige regters? (1 Kor 6:1–6);

1.4 In sy brief aan die Galasiërs roep Paulus die gelowiges op tot 'n lewe onder beheersing van die Heilige Gees, omdat die sondige natuur die vrug van (onder andere) vyandskap, verdeeldheid en skeuring dra, terwyl die Gees die vrug van (onder andere) liefde, vrede en geduld dra;

1.5 Die Belydenis van Belhar roep ons op grond van die Woord herhaaldelik op om as kerk vanuit ons verbintenis aan Jesus Christus te leef deur ons vir eenheid en versoening te beywer. Dit vra dat ons nie met dreigemente teenoor mekaar moet staan nie, maar dat ons in nederigheid, sagmoedigheid, langsaamheid en geduld die pad moet saamloop; en

1.6 In die gees en gesindheid van wat hierbo genoem word, reël die Kerkorde dat kerklike sake altyd vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op 'n kerklike wyse hanteer moet word (Kerkorde Artikel 21), maar ook dat lidmate, ampsdraers en predikante hulle nie tot die burgerlike hof mag wend in hulle beswaar teen 'n kerkvergadering se besluite nie voordat hulle nie eers die kerklike middele tot hulle beskikking aangewend en uitgeput het nie (Kerkorde Artikel 23.2).

2. Die Algemene Sinode roep alle lidmate, wat bedienaars van die Woord insluit, op om te alle tye in die gees en gesindheid van Christus op te tree, en om so te waak oor die eenheid van die kerk van Jesus Christus.

SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (Notule bl 23 tot 27)

1 Die Algemene Sinode besluit om die saak van selfdegeslagverhoudings met groot omsigtigheid te benader en om nie standpunte op gelowiges en gemeentes af te dwing waarvan die Gees die gemeentes nie oortuig het nie.

2 Die Algemene Sinode:

2.1 herbevestig haar verbintenis aan die besluite van die Algemene Sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg:

- ***Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring "Skrifgebruik en Skrifgesag", soos aanvaar by die Sinode van 2004, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.***
- ***Die Algemene Sinode wys daarop dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986 (getiteld "Skrifgebruik en Skrifgesag"), 1990 ("Skrifberoep in Etiese Sake") en 2002 ("Gesag van die Skrif") hiermee saam gelees behoort te word* (vgl Notule Algemene Sinode 2011, bladsy 91).**

2.2 wys daarop dat die amptelike besluite van die Algemene Sinode oor Skrifgebruik en Skrifgesag nie gewysig is nie en steeds die geldende standpunt van die Algemene Sinode is.

3 Die Algemene Sinode bely:

3.1 dat ons altyd soekend moet bly na die waarheid van die evangelie tussen veelvuldige stemme en in 'n stukkende wêreld.

3.2 dat gelowiges met diep oortuigings oor selfdegeslagverhoudings dikwels van mekaar verskil, en daarom moet hierdie soeke in 'n gees van luister, sensitiwiteit, smeking, dringendheid en verantwoordelikheid benader word, wagtend op die leiding van die Heilige Gees.

3.3 dat almal betrokke by die verskillende vertolkings erns maak met die Skrif en dat daar by almal 'n opregte begeerte is om God se wil te soek.
3.4 dat die kerk die plek is waar almal omarm en die genade van Christus ontdek moet word.
4 Die Algemene Sinode:
4.1 beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie, maar inteendeel, dat met respek en liefde teenoor alle mense as beelddraers van God opgetree moet word. Ons erken die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind onsself opnuut tot die bevordering van die Godgegewe waardigheid van alle mense.
4.2 roep alle lidmate op om, ongeag seksuele oriëntasie, mekaar met die liefde van Christus te aanvaar.
4.3 vra onvoorwaardelik vergiffenis waar persone met 'n homoseksuele oriëntasie nie soos hierbo behandel is nie.
4.4 herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as 'n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en dat enige seksuele gemeenskap buite so 'n vaste formele huweliksverbintenis nie aan Christelike riglyne voldoen nie.
4.5 erken die realiteit dat daar lidmate van dieselfde geslag in burgerlike verbintenisse is wat getuig van liefde en trou.
4.6 bevestig dat die gesin as hoeksteen in 'n Christelike gemeenskap beskou word.
4.7 is oortuig dat enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, ongeag seksuele oriëntasie, 'n volwaardige lidmaat van die kerk is en as sodanig as ongesensuurde lidmaat volle toegang het tot al die ampte in die kerk.
4.8 bevestig dat kerkrade die reg behou om self te besluit wie in leiersposisies in die gemeentes mag dien, en kan nie verplig word om enige persoon wat in 'n selfdegeslag burgerlike verbintenis is, in diens te neem nie.
4.9 besluit dat dieselfde Christelik-etiese standaarde met betrekking tot leer en lewe geld vir die legitimasie en ordening van alle persone, ongeag seksuele oriëntasie.

VOORSTEL TER VERGADERING: ORDEREËLING (Notule bl 19)
Die gravamen van die Sinode van Noord-Kaapland word in behandeling te neem as die voorstel voor vergadering.

VRYWARING (C.1.1 bl 42 pt 1; A.1 bl 10 pt 11; Notule bl 13)
1.1 Die Algemene Sinode verklaar dat die uitsprake, standpunte en menings soos vervat in die Agenda, Bylaes en Laatstukke persoonlike standpunte is en nie die standpunt van die Algemene Sinode verteenwoordig nie.

SAKEREGISTER

A=Agenda
H=Handelinge

A
Afgevaardigdes A8, A17, H9
Afgevaardigdes: proporsionele komponent A22, H13, H42, H74
Agenda-Projekspan A8, H13, H72
Ampte A67, H39
Appèlle H14, H16,
Appèlliggaam A70 en volgende bladsye, A85, H14, H17, H29
Artikel 35 A37

B
Belharbelydenis A84, A85, A87
Belydenisgrondslag A37, A85, A87, A90, H29, H72
Besluitnemingsproses Algemene Sinode H29, H72
Besoekers H27
Beswaarskrifte, gravamina en voorstelle A23 en volgende bladsye, Dokumentebundel, H14, H16, H17, H28, H32, H42, H43, H44, H72
Buitengewone Algemene Sinode A97

D
Dosente: teologies-etiese standpunte H29, H73

E
Etiese besware A59

F
Frekwensie Algemene Sinode A93, H28, H63, H73

G
Gesinne H29, H73

H
Homoseksualiteit (vorige besluite) A104, A105, A106
Homoseksualiteit A58
Homoseksualiteit en die Bybel H21
Huisreëls A14, A103, H13

K
Kerkverband H61

N
NGKA Bokang Modimo Streeksinode H30, H67
Notule H7

O
Ontwerpspan A8

P
Plattelandse en klein gemeentes H30, H66
Proporsionele komponent vir afgevaardiges A22, H13, H42, H47

R
Reglement 3 (Reglement van orde) A98
Reglement 19 A84, H30, H41
Regsimplikasies H29
Regsoptrede H14, H74

S
Samestelling Algemene Sinode A93, H28, H63, H73
Selfdegeslagverhoudings (2015) A107
Selfdegeslagverhoudings H22 en volgende bladsye, H45, H49, H68, H74
Skrifgesag, Skrifgebruik en hermeneutiek A38, A47, A53, H19

V
Vergaderingsprosedures H30, H73
Vrywaring H13, H42, H75

W
Werkskema A15